

**GENERAAL J. B. M. HERTZOG
EN DIE
ONTSTAAN VAN DIE NASIONALE PARTY
1913-1914**

DEUR

Jan Daniël Naudé (Jnr.)

Honns. B.A.

VERHANDELING INGEHANDIG TER VERKRYGING VAN DIE
GRAAD MAGISTER ARTIUM IN DIE FAKULTEIT VAN
LETTERE EN WYSBEGEERTE AAN DIE POTCHEFSTROOMSE
UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS.

LEIER: PROF. DR. J. S. DU PLESSIS

KLERKSDORP

Desember 1964

„Net so min as jy die water van die Sambesie kan toë-hou met jou hand,
En net so min as jy die Oostewind kan keer met 'n sif,
En net so min as jy die opkomende vloed van die Oseaan kan terug
vee met 'n besem,
Net so min sal jy ooit in staat wees om Nasionalisme te keer!"

Dr. D. F. Malan.

Daar het al talle geskrifte oor die Nasionale Party gedurende die afgelope vyftig jaar verskyn, wat hoofsaaklik gehandel het oor die aandeel van een of ander leier van die betrokke party, of oor die groei en ontwikkeling van die party.

Toe Prof. Dr. D. W. Krüger dit aan my gestel het dat daar tot op datum bykans geen gepubliseerde werke oor die ontstaan van die Nasionale Party die lig gesien het nie, en juis omdat die Nasionale Party vanjaar sy vyftigjarige bestaan vier, was dit vir my 'n aansporing om my navorsingswerk op hierdie belangrike fase in die selfstandigheidswording van die Afrikaner toe te spits.

My navorsing was hoofsaaklik op primêre bronne gerig omdat daar bykans geen insiggewende of geskikte bronne was wat hierdie mylpaal van die Afrikanervolk volledig weergegee het nie. In die argiewe self was daar weinig dokumente wat enigsins lig op die onderwerp kon werp, hoofsaaklik omdat die Hertzog-versameling nog nie volledig gedokumenteer is nie en ook nie ter insae aan die publiek gestel was nie.

Omdat die drie generaals, Botha, Smuts en Hertzog hierdie tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis heeltemal oorskadu het, het die biografieë van bogenoemde persone as basis gedien van my navorsing. Om 'n duidelike oorsig oor die tydperk 1898 - 1910 te kon verkry, het die biografieë oor die lewe van Smuts (Crafford, Hancock, Smuts), Botha (Engelenburg, Earl Buxton) en Hertzog (Van den Heever, Neame) nuttige inligting bevat.

Van Mev. M. M. Jansen, eggenote van die voormalige Goewerneur-Generaal van Suid-Afrika, adv. E. G. Jansen, is ook waardevolle mondelinge oorleweringe verkry.

My grootste bron van inligting was die Harm Oost-Versameling, waarsonder my verhandeling baie meer leemtes sou bevat het. Wyle mnr. Harm Oost was redakteur van „Het Volk" en later „Die Week", die koerant wat Hertzog vanaf sy openbare optrede as Minister van Justisie ondersteun het. Mnr. Oost was ook 'n persoonlike vriend van Hertzog, en omdat hy in die hitte van die stryd gestaan het, kon hy met sy ongelooflike geheue, persoonlike gebeure mondeling meedeel wat nooit openbaar gemaak is nie.

Graag wil ek enkele persone bedank vir die hulp en leiding aan my gegee. Ek is oneindig dank verskuldig aan prof. J. S. du Plessis, my leier, wat te alle tye vir my leiding gegee het deur sy belangstelling, kennis en onvermoeide ywer wat my voortdurend aangespoor het. Ook aan prof. D. W. Krüger, wat die onderwerp van my verhandeling aan my voorgelê het, 'n hartlike woord van dank. Sonder die hulp en leiding van hierdie twee persone sou hierdie werk seker nooit die lig gesien het nie.

Ek wil ook graag dr. Albert Hertzog, die trustee van die Hertzog-Versameling, bedank vir sy toestemming om 'n insae in sy vader se dokumente te kry. Hoewel die hele versameling nie aan my oopgestel is nie, het ek nogtans toegang gehad tot die lêers wat van belang was vir my verhandeling. Aan die personeel van die Staatsargiewe in Pretoria en Bloemfontein, wat alles in hulle vermoë gedoen het om my te help in my navorsing is ek ook dank verskuldig asook aan die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek, die Staatsbiblioteek in Pretoria en die Bloemfonteinse staatsbiblioteek.

Soos alreeds genoem, het ek 'n magdom van inligting uit die Harm Oost-versamling verkry. Die hulpvaardigheid en gasvryheid van mev. en wyle mnr. Oost, tydens die weke van navorsing aan hulle tuiste, sal nie lig vergoet word nie. Dit is verblydend om te verneem dat hierdie waardevolle versameling na die afsterwe van mnr. Harm Oost aan die Staatsargief te Pretoria geskenk is. Daaruit kan insiggewende inligting verkry word oor die selfatandigheidsstryd van die Afrikaner en in besonder oor die aandeel van die Afrikaner-party.

Ek kan ook nie nalaat om Mnr. Nesco du Toit, van die openbare biblioteek te Klerksdorp, baie hartlik te bedank vir sy hulp aan my verleen. Hy was altyd bereid, om waar nodig, uit sy pad te gaan om gevraagde inligting en hulp aan te bied.

Aan mej. Hilda van der Westhuizen baie dankie vir die groot taak om hierdie verhandeling so netjies en noukeurig te tik.

Ten laaste wil ek my eggenote bedank vir haar aanmoediging en hulp tydens my navorsing. Haar taak om die kleingoed stil te hou was geen benydenswaardige een nie. U aandeel in hierdie werkstuk is groter as wat u ooit kan besef.

INHOUDSOPGAW:

HOOFSTUK: I

<u>Genl. J.B.M. Hertzog se rol in die Suid-Afrikaanse politiek voor Unifikasie 1910.....</u>	<u>p.1.</u>
(a) 'n Kort samevatting van sy loopbaan as amptenaar.....	p.1.
(b) Hertzog se rol tydens die Anglo-Boere-Oorlog.....	p.2.
(1) Hertzog se aandeel as regsgeleerde	p.2.
(2) Sy rol as militêr en aanvoerder	p.5.
(c) Hertzog se optrede in die staats-, volks- en kultuurlewe van die O.R.K. vanaf na die oorlog tot en met Unifikasie	p.9.
(1) Redes vir die politieke herontwaking in die O.R.K.....	p.9.
(2) Die „Orangia-Unie" en die agitatie vir verantwoordelike bestuur	p.12.
(3) Hertzog as kampvegter van die Hollandse taal.....	p.21.
(4) Houding van genl. Botha oor Hertzog se Moedertaalonderrig- beleid.....	p.27.
(5) Hertzog as stigterslid van die Suid-Afrikaanse Akademie.....	p.28.
(6) Hertzog en Unifikasie.....	p.30.

HOOFSTUK: II

Suid-Afrikaanse politiek onmiddellik na 1910 en Hertzog se houding:

(a) Die toestande onmiddellik na Uniewording.....	p.32.
(1) Inleiding.....	p.32.
(2) 'n Nuwe begin of nie?	p.34.
(b) Koalisie - regering of nie?	p.35.
(c) Hertzog en die kwessie van eerste ministerskap.....	p.37.
(d) Hertzog en die samestelling van 'n eerste Unie-kabinet.....	p.39.
(e) Genl. Hertzog en die eerste algemene verkiesing	p.45.
(1) Botha se Verkiesingsveldtog	p.45.
(2) Die pogings van die Engelse pers om 'n wig tussen Botha en Hertzog te slaan	p.47.
(3) Hertzog se houding tydens die Verkiesingsveldtog.....	p.49.

HOOFSTUK: III

- (a) Hertzog se optrede as kabinetsminister. Botsing met kol. Crewe tydens eerste sitting van die Unie-Parlement..... p.55.
- (b) Die stigting van die „Zuid-Afrikaanse Nationale Partij“..... p.59.
- (c) Die begin van die krisis p.64.

HOOFSTUK: IV

- Die Kabinetskrisis - Desember 1912 p.71.
- (a) Aanleidende oorsake p.71.
- (b) Die reaksie van die De Wildt-toespraak p.75.
 - (1) Die reaksie in die Engelstalige pers..... p.75.
 - (2) Die krisis in die kabinet p.76.
 - (3) Die houding van Hertzog se politieke teenstanders p.79.
 - (4) Die houding van Hertzog se ondersteuners na die kabinetskrisis en hulle reaksie teen Fischer se optrede p.84.
 - (5) Hertzog se optrede net na die kabinetskrisis... p.87.
- (c) Botha se verklaring oor die kabinetskrisis p.91.
- (d) Reaksie op Botha se verklaring p.94.
- (e) Hertzog se weergawe van die kabinetskrisis p.96.

HOOFSTUK: V

- Hertzog slaan 'n eie politieke rigting in: p.103.
- (a) Begin van skeuring p.103.
 - (1) Die sienswyse en optrede van die Afrikaners na die kabinetskrisis p.103.
 - (2) Die volk eis duidelikheid oor die afgelope gebeure p.114.
- (b) Die „Roomkongres.“ p.125.

HOOFSTUK: VI

- Die stigting van die Nasionale Party:..... p.130.
- (1) Reaksie van „Roomkongres“ p.130.
- (2) Die Bloemfonteinse kongres van 7-9 Januarie 1914 p.136.
- (3) Die politieke toestande in Suid-Afrika aan die begin van 1914 p.141.

(4) Die geboorte van die „Nasionale Partij" - Smithfield 1 Julie 1914	p.144.
(5) Die Stigting van die Nasionale Party in die ander drie provinsies	p.147.
(a) Die stigting van die Nasionale Party in Transvaal..	p.147.
(b) Die stigting van die Nasionale Party in Kaapland...	p.149.
(c) Die stigting van die Nasionale Party in Natal.....	p.152.

HOOFSTUK: VII

<u>Slot:</u>	p.154.
--------------------	--------

BYLAE:

Bylaag A.....	p.159.
Bylaag B.....	p.164.
Bylaag C.....	p.166.
Bylaag D.....	p.171.
Bibliografie	p.193

HOOFSTUK I

GENL. J. B. M. HERTZOG SE ROL IN DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEK VOOR UNIFIKASIE (1910)

(a.) 'n Kort samevatting van sy loopbaan as amptenaar.

James Barry Munnik Hertzog is op 3 April 1866 te Wellington in die Kaapprovinsie gebore - die vyfde seun uit 'n gesin van sewe seuns en vyf dogters.

Die boerdery het nie so lonend geblyk te wees nie; na die ontdekking van diamante verlaat die Hertzoggese dus hulle plaas, verhuis na Kimberley en woon daar vanaf 1872 tot 1879. Toe daar 'n ineenstorting van die diamantbedryf kom, gaan hulle na Jagersfontein waar Hertzog se vader 'n bak- en slaghuis gehad het. Finansiëel was hulle nou baie beter daaraan toe, sodat Hertzog se vader in 1881 besluit om die vier seuns: Jacobus, Munnik, Barry en Jan na Stellenbosch te stuur vir hulle universitêre opleiding. (1)

Hertzog het aanvanklik besluit om teoloog te word, gaandeweg besef hy egter dat sy eerste liefde die regswetenskap was. Nadat hy sy B.A. in 1889 aan die Universiteit van Stellenbosch afgelê het, vertrek hy in Augustus van dieselfde jaar na Nederland om sy studies voort te sit aan die Universiteit van Amsterdam. Op 12 November 1892 promoveer Hertzog met sy proefskrif „De Income-Bond, zijn rechtskarakter en de waarde zijner economische en juridische beginselen". (2)

Nadat Hertzog sy regstudies in Holland voltooi het, keer hy terug na Suid-Afrika en hier in sy vaderland begin sy loopbaan as verslaggewer van die Hooggeregshof van Transvaal. Hierdie werk in Pretoria het hom nie oormatig belas nie, sodat hy genoeg tyd gehad het vir studie.

In 1895 is hy tot regter in die Vrystaat benoem en het hy en sy eggenote na Bloemfontein verhuis. Tot op hierdie stadium was sy openbare optrede heeltemal onopsigtelik en gedurende hierdie tydperk skryf hy dan

/ook 'n.....

(1) Van den Heever, C.M.: Genl. J. B. M. Hertzog Tweede Druk, Afrikaanse Pers, Johannesburg, 1944, p. 12-37.

(2) Ibid., p. 37-40.

ook 'n hele aantal omslagtige regsboeke. (3)

(b.) Hertzog se rol tydens die Anglo-Boere-Oorlog.

Met die uitbreek van die oorlog begin Hertzog se loopbaan as kampvegter vir die Afrikaner, 'n loopbaan waarin hy sy hele wese gewy het aan die selfbestaansreg van sy vertrapte volk.

Nadat die Oranjerivier-kolonie (O.R.K.) besluit het om sy lot by die Z.A.R. in te werp teen die Engelse oormag, het Hertzog dadelik gewoet waar sy roeping lê.

(1) Hertzog se aandeel as regsgeleerde.

Toe pres. Steyn van Hertzog se plan hoor om persoonlik aktief aan die oorlog deel te neem, het hy dadelik aan hom die nodige verlof gegee om na die gevegsfront naby Kimberley te vertrek, en hom tewens aangestel as regsadviseur op die staf van die Hoofdkommandant van die Westelike afdeling van die strydmagte van die O.V.S. (4) In November 1899 is hy ook benoem om as vrederegter op te tree „wanneer die Hoofdkommandant of Kommando's zich buiten de grenzen van dezen Staat bevinden,” terwyl hy op 8 November in kennis gestel is dat die Staatspresident hom „met de oog op de vele kwesties omtrent Internasionale Rechten, gewoonten en gebruiken wanneer hij of de kommando's zich buiten de grenzen van dezen Staat bevinden” benoem het „als Assessor van de Krijgsraad, met macht aan de discussien van het lichaam deel te nemen, echter zonder recht van stemming; en tovens als Vrederechter met macht van tijd tot tijd de noodige Regulationen in overleg met UEd., en onder bekrachtiging van den Krijgsraad, op te trekken.” (5)

/Weens.....

-
- (3) Pirow, Oswald: Genl. Hertzog as Staatsman (Hertzog-Annale November 1953, p. 2-3)
- (4) Brief van die Goewernementsekretaris aan die Hoofdkommandant van die Westelike afdeling van die O.V.S. se strydmagte, d.d. 5 Oktober 1899. Aangehaal by van den Heever: op. cit. p. 75.
- (5) Hierdie betrokke korrespondensie is aangehaal by Van den Heever: op. cit., p. 75.

Weens vals en onduidelike berigte is die Vrystaatse (Westelike) kommando op weg na Kimberley om die vyand daar te probeer stuit en hulle toevoer-linies vanuit die Kaapkolonie te probeer afsny. Vanaf die begin was hierdie opmars egter gedoem, want dit was baie duidelik dat die burgers wat elkeen baas op sy eie plaas was, nie as 'n eenheid wou saamwerk nie. Daar is egter gemeen dat hulle in tye van krisis sou saamstaan en hulle kleinlikhede sou vergeet. „Die groot krisis het egter bewys dat dit nie die geval was nie. Voordat die wa nog die strawwe hoogte voor gevat het, was baie van die jukskeie reeds af. Die kanker wat later die hele Afrikanerdom sou deurtrek, het hier te duidelik bewys hoe ver dit reeds ontwikkel het en dat die gebrek aan gehoorsaamheid, om hulle bevels stiptelik uit te voer, gebreke wat as gevolg van landsomstandighede ontwikkel het, die Afrikaner se grootste vyand sou word". (6)

Die verkiesingstelsel van offisiere was nou wel baie demokraties, (7) d.w.s. hulle is verkies deur die manskappe self, maar wat orde en dissipline betref, het dit heeltemal 'n chaos tot gevolg gehad. As 'n offisier bevels gegee het waarvan die burgers gehou het, was alles goed, maar sodra hy streng en volgens bevels van bo opgetree het, was hy 'n tiran en is daar gou onder die manskappe georganiseer en 'n ander in sy plok aangestel. Nog 'n gewoonte van die burgers was - omdat hulle so familievas was om periodieke besoeke by hulle gesinne op die plase af te lê. As hierdie verlof hulle geweier is, het hulle eenvoudig sonder verlof gegaan. Hierdie onenigheid en onderlinge twis het ook onder die offisiere geheers: dikwels is bevels van bo verontagsaam en het 'n gewilde offisier sonder meer sy eie kop gevolg.

/Pres. Steyn.....

(6) Van den Hoeve: op. cit., p. 80.

(7) Vir meer besonderhede oor die krygstelsel van die O.R.K. sien Scholtz, G.D.: Die Konstitusie en die Staatsinstellings van die Oranje-Vrystaat 1854-1902, N.V. Swets & Zeitlinger, Amsterdam 1936, p. 99; 115-116; 127.

Pres. Steyn was weens sy posisie en hoë aansien feitlik 'n diktator omdat hy byna alle mag in homself gekonsentreer gehad het. Volgens artikel 53 van die O.R.K.-konstitusie van 1854 moes die kommandant-generaal byvoorbeeld sy bevel van die president ontvang gedurende oorlogstyd en in 1866 is hierdie artikel verder aangevul en aan die president nog meer magte toegeken want hy kon nou bevel aan offisiere gee sonder om die kommandant-generaal daarvoor te raadpleeg. (8)

Vir die dissiplinebewuste Hertzog het hierdie toestande diep gegrief en hy het besluit om in te gryp. Hy het daarom persoonlik aan pres. Steyn geskryf om die verkiesingstelsel van offisiere af te skaf en voorgestel dat offisiere deur die President self aangestel word. Daar het egter niks van hierdie voorgestelde wysiging van Hertzog gekom nie omdat Steyn en andere gevrees het dat dit ontevredenheid onder die burgers sou laat ontstaan. Iets moes egter gedoen word en Steyn het Hertzog versoek om 'n uitweg te vind. (9)

Op 3 Oktober 1899 vertrek Hertzog te perd vanaf Bloemfontein na Kimberley. Met sy aankoms by die Westelike Kommando, sien hy hoe haglik toestande werklik is en dat daar omtrent geen dissipline onder die burgers bestaan nie en hy sorg daarom dat Griekwaland-Wes onder militêre bestuur geplaas word. (10)

Later is Hertzog aangestel as openbare vervolger en al gou het hy alle mag in die Westelike afdeling gehad. Dit het uitstekend in sy planne vir hervorming ingepas, want met die mag wat hy nou gehad het, kon hy handelend optree. Hy het bevel gegee dat alle skuldiges voor die krygsraad gedaag word, en het veral offisiere wat laks was, goed dopgehou. Aan die begin was hierdie streng tugmaatreëls baie ongewild,

/maar.....

-
- (8) Ibid., p. 115-116.
Raadpleeg ook Van der Merwe N.J.: Marthinus Theunis Steyn, Deel II,
Nasionale Pers, Bloemfontein, 1921, p. 4.
- (9) Ibid., p. 83-84.
- (10) Steytler, F.A.: Genl. Hertzog as Krygsman. (Hertzog-Annale,
Desember 1960, p. 15)

maar gaandeweg het die burgers besef dat die strange optrede daartoe meegewerk het om 'n vaste tradisie daar te stel. Alreeds op hierdie stadium het Hertzog by sy volk 'n lewensbelangrike hoedanigheid begin aankweek: „die wil om saam te staan". (11)

Geloidelik het Hertzog se leierskap te voorskyn gekom - nie omdat hy hom opgedring het nie, maar weens die praktiese en heilsame hervormings wat hy aan die gevegsfront uitgevoer het. So het aan die begin van die oorlog baie van die ryk burgers hulle eie waens met voorrade na die gevegsfront saamgeneem met die gevolg dat die regering slegs een kwart van die voorradewaens wat op die slagvelde was, besit het. Hierdie ongewenste toestand kon nie langer geduld word nie, want dit was duidelik dat daar onder sulke omstandighede spoedig 'n voedseltekort onder die vegtende burgers sou heers.

Hertzog het hierdie toedrag van sake gou opgesom en by die owerhede daarop aangedring dat daar 'n aparte voorradelaer by Modderfontein, in die omgewing van Jacobsdal, opgestel moes word onder behoorlike toesig van 'n voorraadbeampte. Hierdie depot moes veral kommando's, wat oor geen private vervoer beskik het nie, van voorrade voorsien. Sodoende is die voorraadwaens van die vegkommando's geskei. Die burgers het gou besef dat hierdie plan van Hertzog die beste was en hulle samewerking daaraan verleen. So het Hertzog se invloed al sterker geword omdat sy bekwaamheid „hom op die voorgrond gestoot het in 'n tydperk toe ongeorganiseerdheid byna die Boere-saak in duie laat stort het." (12)

(2) Sy rol as Militêr en Aanvoerder.

Nadat Bloemfontein deur die Engelse ingeneem is en die Vrystaters feitlik onaktief begin word het, het dit duidelik geword dat die Afrikaner besig was om sy waardigheid en selfrespek te verloor. Daar was

/op een.....

(11) Van den Heever: op. cit., p. 84.

(12) Ibid., p. 91.

op een stadium bykans niemand wat wou veg nie, en vrouens en kinders het gedurig in alle rigtings voor die vyand gevlug uit vrees dat hulle moontlik gevang kon word. Daarom het die Krygsraad besluit dat daar 'n reorganisasie moes plaasvind - anders was die saak vir goed verlore.

Pres. Steyn het alreeds vroeër voorgestel dat Hertzog meer aktief moes optree as vegsman, en nie slegs in 'n raadgewende hoedanigheid nie. Weens sy deurlugtige optrede gedurende die tydperk 1899 en 1900, het Steyn en De Wet besef dat Hertzog die aangewese persoon was om te probeer red wat daar nog te redde was en op 19 Junie 1900 het Steyn vir Hertzog as veggeneraal aangestel. Aan hom is opgedra om die burgers van Fauresmith, Philippolis, Jacobsdal en die Suidwes-Vrystaat weer op te kommandeer en om oor hulle die bevel te voer. Op 'n gewone oefeningboek se blad stuur Steyn aan Hertzog sy aanstelling as veggeneraal, wat so gelui het: „Ik, Marthinus, Theunis Steyn, Staatspresident van den Oranje Vrijstaat benoem en stel, mits deze, den Wel Ed. Zeer geleerden Heer Rechter J. B. M. Hertzog namens de regering van den Oranje Vrijstaat tot Vecht Generaal der Lindley Afdeling van de krijgsmacht van dezen Staat of over enige afdeling waar zijne diensten vereischt mogen worden. Aldus gedaan te Reitz op den 17 den dag van Junie 1900". (13)

Weldra het Hertzog sowat 1500 manskappe onder hom gehad en die volgende dorpe aangeval: Jagersfontein (16 Oktober); Philippolis (18-24 Oktober); Fauresmith (19 Oktober); Luckhoff (22 Oktober); Jacobsdal (25 Oktober); en Koffiefontein (26 Oktober - 3 November). Hierdie aanvalle het Lord Roberts laat besef dat dit onmoontlik was om hierdie dorpe, so ver van die spoorweë af geleë, van garnisoene te voorsien, en al die bogenoemde dorpe, behalwe Koffiefontein, is dus later deur die Engelse ont-ruim sodat die burgers weer moed geskep het om die stryd voort te sit. (14)

/Hertzog.....

(13) Steytler: op. cit., p. 17; Van den Heever: op. cit., p. 109.

(14) Steytler: op. cit., p. 17.

Hertzog het ook by Steyn aanbeveel dat die Kaapkolonie om die volgende redes binnegeval moes word:

- (a) toestande in Europa het daarop gedui dat die tyd vir so 'n aanval nou ryp was;
- (b) deur so 'n aanval sou die aandag en mag van die Engelse verdeel word want Britse troepe sou uit die Republieke getrek en na die Kolonie oorgeplaas moes word;
- (c) die voedselvoorrade in die O.V.S. moes aangevul word en wel vanuit die Kaapkolonie wat tot nog toe nie dour die oorlog geteister was nie;
- (d) die groot tekort aan perde en voer wat die O.V.S. ondervind het, kon maklik aangevul word uit die oorfloed perde in die Kaapkolonie;
- (e) die Kolonialers sou dour so 'n inval aangespoor word om teen Engeland te rebelleer en hulle lot by die twee Republieke in te werp. (15)

Die stryd is egter nie slegs op die slagveld gestry nie; veel groter was die innerlike verdeeldheid binne die geledere van die Afrikaners. Lord Roberts het byvoorbeeld 'n proklamasie uitgevaardig waarin hy alle Boere wat sou ophou veg, belowe het dat hulle met rus gelaat sou word en dat hy glad nie teen hulle sou optree nie. Hy wou naamlik dié burgers beloon wat aan hulle oie saak ontrou was en lafhartig opgetree het - met ander woorde, weer die ou Engelse set van „Verdoel en Heers“. So wou hy die burgers paai, „totdat hy sy voet op die nek van die Afrikaner-volk“ kon plaas. (16)

Op 16 Desember 1900 val Hertzog die Kaapkolonie binne by Sanddrif aan die Oranjerivier en trok daarvandaan in die rigting van Calvinia. Op 17 Desember beset hy Philipstown byna sonder enige wapens. Op 18 Desember is die Engelse kolonne by Houtkraal oorrompel en 'n paar honderd krygsgevangenes geneem. Die burgers het nou in 'n feestelike stemming verkeer omdat hulle so suksesvol was en ook voldoende voedsel gehad het

/wat hulle.....

(15) Ibid., p. 18.

(16) Van den Heever: op. cit., p. 109. Hierdie woorde kom voor in die Proklamasie van pres. Steyn van 19 Maart 1900, waarin hy die Afrikaners waarsku teen die Engelse set.

wat hulle buitgemaak het. (17) Op 19 Desember is Calvinia ingeneem en op 20 Desember ook Vanrhynsdorp.

Tot op hierdie stadium was Hertzog se opmars in die Kaapkolonie baie suksesvol en as hy sy segetog sou kon voortgesit het, sou dit miskien die verloop van die oorlog verander het. Ongelukkig moes hy van plan verander omdat hy berig ontvang het dat Steyn en De Wet, wat die Kolonie op 10 Februarie 1901 begin inval het, deur die Engelse in 'n hoek gedryf is. Hertzog was toe genoodsaak om sy triomfantelike segetog te staak en vir Steyn en De Wet te gaan help, (18) en saam met De Wet na die O.V.S. terug te keer.

Sy inval in die Kaapkolonie het egter tog goeie vrugte afgewerp want die Kolonialers was hom oral baie goedgesind en het hom gedurig van inligting en voedsel voorsien. Hierdie inval het ook daartoe bygedra om by die Kolonialers 'n sterk nasionale gevoel aan te wakker.

(18a) Later, tydens die samesprekings oor unifikasie en in die tydperk 1912 - 1914, toe die Afrikaner op die kruispad gestaan het en toe hulle moes kies tussen die konsiliatiebeleid van genl. L. Botha en die beleid van Hertzog wat die belange van Suid-Afrika eerste gestel het, het dit 'n sterk invloed op die Suid-Afrikaanse politiek uitgeoefen.

Die Kaapse inval het die Transvalers weer aangespoor om nie sommer tou op te gooi nie, maar om dit as voorbeeld te neem van hoe die Engelse oormag weerstaan moes word. Dit was ook a.g.v. die sukses van Hertzog se inval dat genl. J. C. Smuts onmiddellik hierna besluit het om ook die Kaapkolonie binne te val. (19)

Die Engelse magte was doeglik beïndruk deur hierdie segetog van Hertzog sodat Milner self op 22 Januarie 1901 verklaar het: „These

/marches.....

(17) Van den Hoever; op. cit., p. 115.

(18) Vir meer besonderhede oor hierdie aangelentheid, raadpleeg: A. J. H. van der Walt, J. A. Wiid, A. L. Goyer: p. 590; L. S. Amery: The Times History of the War in South Africa 1899 - 1902 Deel V London, 1907, p. 152-156.

(18a) Vir meer besonderhede oor die ontwaking van die nasionale gevoel onder die Afrikaners raadpleeg: J. S. du Plessis: Enkele Gedagtes oor die Betekenis van die Vrede van Vereeniging, (Historia, Maart 1962, p. 56.)

(19) Oswald Pirow: Genl. Hertzog as Staatsman (Hertzog-Annale, November 1953, p. 8.)

marches of the enemy ... cannot effect the ultimate issue of the war, but they keep a good many of our men employed, tire out them and their horses, inflict a considerable amount of injury upon the country and certainly damage very greatly the prestige of its government." (20)

Die rol wat Hertzog in die Anglo-Boere-Oorlog gespeel het, nie net as militêr nie, maar ook as strateeg en leier, wat sy volk deur taktiese optrede wou aanspoor om die stryd voort te sit en sodoende sy waardigheid te behou, is nie deur die Afrikanervolk vergeet nie. Toe die drang na selfstandigheid, na die Vryheidsoorlog, in die Vrystaat al intenser geword het, het hulle na Hertzog opgesien om hierdie leiding te noem sodat hulle hul ideaal kon verwesenlik. Toe hulle hom as voorsitter van die „Orangia Unie" gekies het, (21) het die Vrystaters geweet dat hy die Afrikaner se belange ten alle koste sou verdedig. Ook tydens die samesprekings oor unifikasie, het hulle na hóm opgesien om te sorg dat die belange van die Afrikaanssprekende deel van die volk in die Unie-grondwet beliggaam sou word. Ook later in 1913-1914, toe hulle op die kruispad gestaan en opgesien het na 'n waardige leier, het hulle hulle na hom gekeer om vir hulle die weg aan te wys.

Baie politici is geneig om die rol wat Hertzog in die oorlog gespeel het nie na waarde te skat nie en eers sy optrede ná die Tweede Vryheidsoorlog as van belang te beskou. Hoewel Hertzog nie 'n veggene-raal van die kaliber van 'n De Wet was nie, lê die waarde van sy optrede in die oorlog daarin dat hy, in 'n tydperk toe die vegtende burgers moedeloos en dikwels ongodisiplineerd was, 'n gevoel van selfrespek en 'n besef van eie waarde by hulle aangekweek het.

(c.) Hertzog se optrede in die Staats-, Volks- en Kultuurlêwe van die O.R.K. vanaf na die oorlog tot en met Unifikasie.

(1.) Redes vir die Politieke Herontwaking in die O.R.K.

Nadat alles deur die oorlog verwoes is en die vegtende burgers

/teruggekeer.....

(20) Steytlor: op. cit., p. 20.

(21) Vir meer besonderhede hieroor sien p. 14 van hierdie hoofstuk.

teruggekeer het na wat van hulle plase oorgebly het, het daar 'n gees van verslaentheid in die twee voormalige republieke geheers. Op hierdie stadium het hulle geen belang in die politiek gestel nie want alles was verlore, en buitendien moes hulle al hulle aandag aan die heropbou van hulle plase bestee. Die vegtende burger van die Anglo-Boere-oorlog het nou die vredeliewende boer op sy plaas geword. In die twee oud-republieke het hulle die politieke organisasie wat hulle eers gehad het, tydens die oorlog verloor en moes hulle weer heeltemal voor begin.

Die politieke herlewing onder die Afrikaners in Transvaal het onder leiding van genl. Botha begin met die Heidelbergvergadering in Julie 1903. (22) Hierdie vergadering was die begin van baie ander waartydens Botha die Afrikanervolk aangespoor het om hulle kragte saam te snoer en afgevaardigdes te stuur na die Volkskongres, wat in Mei 1904 in Pretoria gehou sou word en waaruit die „Het Volk" - party te voorskyn gekom het. (23)

In die Vrystaat het die leiding op politieke gebied nie van die militêre leiers uitgegaan nie want genl. De Wet het sy burgers aangeraai om aanvanklik nie aan die politiek deel te neem nie. Hierdie opdrag van genl. De Wet is in gedagte gehou tydens die Brandfort-kongres (24) op 1 en 2 Desember 1904. (25)

Daar was egter sekere faktore in die Vrystaat wat die Afrikaner noodgedwonge genoop het tot politieke bewuswording. Na die oorlog is daar deur die Imperiale regering onderneem om in sekere verdienstelike gevalle kompensasie aan die burgers te betaal vir skade wat deur die /oorlog veroorsaak..

(22) Vir meer besonderhede oor hierdie aangeleentheid sien: **Engelenburg, F.V:** General Louis Botha, J. L. van Schaik, Bpk., Pretoria 1928, p. 116-117.

(23) **Jacobs, D.S :** Abraham Fischer in sy tydperk (1850-1913). (ongepubliseerde D. Phil. - verhandeling, U.O.V.S. Bloemfontein 1960), p. 259-260.

(24) Hierdie kongres word meer in besonderhede behandel op p. 15 van hierdie werk.

(25) Jacobs: op. cit., p. 260.

oorlog veroorsaak is. Die swak organisasie van die kompensasieloftes het egter baie ontevredenheid veroorsaak en dit het die Afrikaners saamgesnoer en aangespoor om te veg vir hulle gemeenskaplike belange. Die wyse waarop vergoeding aan persone uitbetaal is vir verliese van persoonlike besittings gedurende die oorlog, het soveel te wense oorgelaat, dat die Afrikaners verplig was om drasties op te tree. (26)

Ook op goestelike gebied was daar gevaar dat die Afrikaner se belange ondergrawe sou word deur die miskenning van sy moedertaal, soos in artikel V van die Vredestraktaat van Vereeniging in die vooruitsig gestel en sedert 1902 prakties in die administrasie en die onderwys toegepas is. (27)

Ten derde was die tekortkominge van die militêre bestuur in die O.V.S. nog 'n groot bron van ontevredenheid. Die Vrystaters het gevoel dat artikel VII van die Vredestraktaat van Vereeniging, (28) waarin uiteindelik selfregering vir die twee kolonies in die vooruitsig gestel word, nou prakties uitgevoer moes word.

Die Amsterdamse blad, „Zuid-Afrikaansche Post“, het die posisie ter eg as volg saamgevat: „In de algemene toestand en in het rustige vertrouwen waarmede de volksleiers in de Vrijstaat de toekomst te gemoet gaan, in afwachting dat de Tractaat-verbintenissen door Engeland zullen worden nageleefd, is veel bemoedigends. Intusschen schijnt het, wel noodig; dat men wakker werkzaam zijn. De tijd schrijnt voort en onder het INTERREGNUM gaan vele Boerebelangen hard achteruit; het onderwijs in de landstaal wordt verwaarloosd; de Boerenbevolking blijft ambteloos; de geldmiddelen der kolonien raken in de war; de zelfstandigheid der kolonie en daarmede het uitzicht op waarachtig zelfbestuur word door federatie op menig punt geschaad; de aan de burgers verschuldigde penningen (kompensasie) blijven onbetaald; met het geld der belasting-
/betalers.....

(26) Ibid., op. cit., p. 260.

(27) Van den Hoeve, op. cit., p. 199.

(28) Vir 'n volledige woergawe van die vredestraktaat van Vereeniging, raadpleeg: Eybers, G. W. Select Constitutional Documents Illustrating South African History 1795-1910, Second Impression George Routledge & Sons., New York, 1918, p. 346.

betalers worden Engelsche "settelaars" en straks verwaarloosde kinderen van Dr. Barnato's Homes naar Vrijstaat en Transvaal gebracht." (29)

(2.) Die „Orangia-Unie" en die agitatie vir verantwoordelike bestuur.

Die ontevredenheid in die Vrystaat het onder die gehate militêre administrasie grootliks vermeerder. 'n Klompie burgers het toe besluit dat daar amptelik by die Luitenant-Goewerneur protes aangeteken moes word met betrekking tot die uitbetaling van die oorlogskompensasie. Die antwoord van die Luitenant-Goewerneur op hierdie petisie was heeltemal onbevredigend omdat daar verklaar is dat Engeland slegs in enkele uitsonderlike gevalle kompensasie sou uitbetaal en ook glad nie wat die burgers geëis het nie. (30)

Op 17 September 1904 het 'n klompie burgers - geen volksleiers nie - (31) besluit om daadwerklik op te tree omdat die Engelse regering glad nie van plan was om die bepalings van die Akte van Vereeniging na te kom nie. In hulle beroemde „Manifest, aan al de Burgers van de Oranje Rivier Kolonie" doen hulle 'n beroep op almal om hulle te ondersteun in hulle pogings om die haglike toestand te probeer verbeter.

Hoewel die materiële toestand waarin die burgers hulle na die oorlog bevind het, uiters haglik was, is daar niks gedoen om hulle posisie te verbeter nie en moes hulle dikwels die noodsaaklikste lewensmiddels ontbeer. Die opstellers van die „Manifest" verklaar dat dit hulle plig was om die bepalings van die Traktaat van Vereeniging na te kom en sorg te dra dat die O.R.K. 'n vooruitstrewende en welvarende kolonie word, maar dat die Engelse regering niks doen om hulle daarin te help nie. Hulle regverdige en gegronde griewe was legio; die ellende

/het daagliks.....

(29) Aangehaal in De Vriend, 27 Augustus 1904.

(30) De Vriend, 30 September 1904.

(31) Die ondertekenaars van die „Manifest" was: J. Vlotman (Voors.); G. H. Erwee (Skr.); W. H. Maas; G. J. van Graan; J. P. Marais; J. J. van Rensburg en N. J. Vermaak. (De Vriend, 30 September 1904)

het daaglikse toegeneem en tog wou die regering nie sy verpligtinge ten opsigte van die Traktaat van Vereeniging nakom nie. Hierdie houding van die Imperiale regering maak dit vir hulle onmoontlik om langer hulle samewerking tot die opbouing van die kolonie te gee. Verder word in die „Manifest" 'n beroep op alle burgers gedoen om so gou as moontlik vergaderings te belê, komitees te vorm en afgevaardigdes te kies na die Nasionale Kongres wat later gehou sou word, waar dan al hulle griewe blootgelê sou word. (32)

Hierdie optrede was dan die eerste georganiseerde poging van die kant van die Afrikaners in die O.R.K. om 'n gesamentlike front te vorm en die Afrikaner saam te snoer, 'n poging wat uiteindelik gelei het tot die totstandkoming van 'n politieke organisasie.

Nadat die griewekomitee hulle „manifest" bekend gemaak het, het die volgende hoofartikel in die pers verskyn waarin die algemene gevoel van die O.R.K. duidelik weergegee is: „Zoo is dan eindelijk gekomen, wat wij lang reeds hadden verwacht dat komen zou, en steeds nog uitbleef. Een deel onzer Vrijstaters roept hun broeders toe: „de tijd is gekomen, wij moeten spreken!" Waarom kwam die roep niet eerder? Was het omdat men nog steeds geloofde dat de regering van onzen Opperheer recht zou doen? Was het, omdat men vreesde aanstoot te geven? Was men beducht dat de natie te veel verdoeld was en de kreet om recht zou worden overstemd door't gekrakeel der tweedracht?" (33)

Verder verwys hierdie verklaring na die mishandeling van die Afrikaanse taal en onderwys. Omdat hulle aan die nageslag rekenskap sal moet gee, was dit hulle heilige plig om daadwerklik op te tree en as 'n georganiseerde Afrikanervolk by die Britse regering aan te dring om toe te sien dat reg geskied. Die tyd van rustig stilsit en wag was

/nou verby.....

(32) De Vriend, 30 September 1904.

(33) De Vriend, 30 September 1904.

nou verby - die tyd vir saamwerk en organiseer het aangebreek.

Alle Vrystaters was opeens bewus van hierdie nuwe wending op die politieke terrein. Hulle het geleidelik begin ontwaak uit hulle politieke slaap sedert die oorlog, en baie gou het duisende hulle by die paar lede van die griewekomitee geskaar. Aanvanklik was dit nie 'n politieke agitatie nie, want hulle doel was slegs om die Afrikaners saam te snoer, maar namate die dryfkrag agter hierdie beweging deur die volksleiers oorgeneem is, het dit ontwikkel tot 'n politieke organisasie.

Op Maandag 3 Oktober 1904 het die griewekomitee die Luitenant-Goewerneur, sir Hamilton Goold Adams, in Bloemfontein ontmoet. Nadat elkeen persoonlik sy griewe gelug het, het sir Hamilton verklaar dat hulle besware onbillik en ongegrond was omdat die Britse regering alles in sy vermoë gadoen het om die kompensasienvraagstuk bevredigend op te los en dat die armoede in die land nie net aan die Engelse regering gewyt moes word nie. Met hierdie verduidelikings was die griewekomitee glad nie tevrede nie. (34)

Die oproep vanuit Brandfort het gou sy invloed laat geld en oral is daar vergaderings belê om hulle saak te stel en afgevaardigdes te kies vir die komende kongres. (35)

Die voorgestelde nasionale kongres is toe op 1 en 2 Desember 1904 te Brandfort gehou, waartydens Hertzog as voorsitter verkies is. Sy verkiesing as voorsitter was belangrik want hier begin Hertzog se politieke optrede. Tydens sy voorsittersrede het hy sekere uitlatings gemaak wat baie duidelik getoon het wat sy toekomstige beleid sou wees.

/Hy het.....

(34) De Vriend, 7 Oktober 1904.

(35) So is vergaderings belê te Boven Modderivier, Phillippolis, Heilbron, Winburg, Zastron, Wepener, Kroonstad, Ladybrand, Reddersburg, Ventersburg (29 Okt.); Vredofort (3 Nov.); Reitsburg, Harrismith (4 Nov.); Fauresmith (5 Nov.) De Vriend, 11 November 1904.

Hy het naamlik as uitgangspunt en fondament van sy hele lewensfilosofie die Afrikaanse TAAL genoem. Dwarsdeur sy latere politieke optrede het hy hierdie beskouing gehuldig.

Hy het daarop gewys dat tydens die vredesonderhandelings tussen lord Milner, Smuts en homself, Milner slegs een taal, Engels, erken wou hê as offisiële taal in Suid-Afrika. Hulle het daarteen geveg sodat die Afrikaanse taal, hoewel slegs teoreties, sy regmatige plek sou kon inneem in die onderwys en openbare lewe, soos beliggaam was in artikel V van die Traktaat van Vereeniging.

Hertzog het verder verklaar dat tydens die onderhandelinge Milner en Kitchener op die vraag wanneer die O.R.K. selfbestuur sou kry, geantwoord het dat dit binne 'n paar jaar sou gebeur. Hertzog het hierdie belofte bestempel as „een schending van trouw" want, hoewel dit nog nie 'n voldonge feit was nie, was dit bekend dat dit reeds besluit was om aan Transvaal sodanige verteenwoordigende regering te gee.

Voorts het Hertzog beweer dat Britse setlaars na die O.R.K. ingevoer word, en dat die burgers die koste daaraan verbonde moes betaal. Al was daar sprake daarvan dat hulle in die nabye toekoms selfbestuur sou kry, sou die O.R.K. nogtans deur Engeland aanspreeklik gehou word vir alle skulde i.v.m. dié setlaars aangegaan. Wat Hertzog nog meer gegrief het, was dat die Jingopers na die onderhandelinge tussen sir Goold Adams en die griewekomitee verklaar het dat die Brandforters in werklikheid geen griewe gehad het nie! Hertzog eis dus niks wat verre-gaande of ongewoon was nie, maar slegs dat die Engelse, by name Milner en Kitchener, hulle beloftes moes nakom. Dan kon die O.R.K. self hulle heil uitwerk en die verantwoordelikheid vir hulle dade aanvaar. (36)

Daarna het genl. C. R. de Wet die vergadering as besoeker toesprek en die aanwesiges tot versigtigheid gemaan. 'n Komitee is toe

/benoem.....

benoem om die besluite van die Nasionale Kongres aan luitenant-goewerneur Goold Adams voor to lê, wat dit op sy beurt aan die Imperiale regering moes stuur. Die Komitee het bestaan uit genl. C. R. de Wet, J. Vlotman, E. Grobbelaar, C. Botha, J. B. M. Hertzog en die heer Lyall.

(37) Verder is op die kongres besluit dat dieselfde persone, met Hertzog as voorsitter, 'n staande komitee sou vorm om 'n ontwerpgrondwet op te stel vir die totstandkoming van 'n volksunie, om die volk weer saam te snoer en om vir hulle regte, soos bepaal deur die Vrede van Vereeniging, te veg. (38)

Die optrede van Hertzog op hierdie kongres toon duidelik sy lewens-ideaal, naamlik om die Afrikaner sy regmatige plek langs die Engels-sprekende in Suid-Afrika te gee. Reeds op hierdie stadium begin hy leiding neem en ook geo deur dit outomaties as sy taak te beskou om sy volk wat so swaar goly het in die oorlog, weer te rehabiliteer en by hulle 'n besef van oiewaarde en selfrespek aan te wakker. Deur sy toespraak het hy duidelik laat blyk, soos dwarsdeur sy politieke loopbaan, dat die draer van hierdie selfstandigheidsideaal die Afrikaner so taal was. „... een ding is seker: dit was uit die staanspoor sy (Hertzog) onwrikbare voorneme om die Vredestraktaat van Vereeniging ongedaan te maak en om die oorwinningsposisie van die Brit uit te wis.” (39)

Nadat die verrigtinge van die Nasionale Kongres te Brandfort wêreldkundig geword het, het die Engelse pers, by name die „Rand Daily Mail” en die „Times” (Londen) sake heeltemal verdraai en het hulle die resolusies van die kongres as dreigemente teen die Imperiale regering beskou.

/Hulle.....

(37) De Vriend, 9 Desember 1904.

(38) Nienaber, F.J : Genl. Hertzog en ons Taalstryd. (Hertzog-Annale, Junie 1952, p. 23.)

(39) Pirow: op. cit., p. 9-10.

Hulle wys ook telkens op die ondankbaarheid van Hertzog en ander sprekers teenoor Engeland se goeëhartigheid tydens die vredesonderhandelings. (40)

Hertzog se teenstanders het duidelik besef dat hy die oorwinning wat hulle (sy teenstanders) op die slagveld behaal het, wou uitwis. Daarom het hulle dit met hand en tand beveg en daarom het hulle ook vir Hertzog daarvan beskuldig dat hy rassehaat kweek en besig was om die verhouding tussen die rasse te vertroebel. „Dit was heeltemal korrek, aangesien hy besig was om die Britte kwaad te maak. Die vraag bly egter of hulle toorn moreel geregverdig was of nie. Het die oorwinnaar die reg om kwaad te word as jy met vreedsame middels wil terugkry wat hy met geweld gevat het?" (41)

Die Staande Komitee wat deur die Brandfortse Kongres benoem is, (42) onder voorsitterskap van Hertzog, het al hulle griewe offisieel aan die Luitenant-Goewerneur voorgelê. Op die volgende nasionale kongres (43) het Hertzog as voorsitter sy spyt namens die kongres uitgespreek dat hulle eers die vorige dag (18 Julie 1905) 'n antwoord van die Luitenant-Goewerneur ontvang het waarin verklaar word dat die Britse regering blykbaar geen werklike redes vir ontevredenheid van die kant van die burgers sien nie, en dat daar slegs aan 'n paar persoonlike gevalle van kompensasietoekenning aandag geskenk sou word. (44)

In Hertzog se toespraak sien ons verder weer sy sienswyse in verband met taalerkenning wat hy dwarsdeur sy loopbaan gehuldig het. Hy wys ook daarop dat dit verblydend was dat die Imperiale regering verklaar het dat hy alle staatsamptenare wat nie in Suid-Afrika gebore is nie, sou versoek om die Hollandse taal aan te leer. As dit nie in die praktyk sou gebeur nie, het Hertzog voortgegaan, sou Suid-Afrika 'n land van twis en tweedrag word en sou daar geen sprake van samewerking tussen

/die twee.....

(40) De Vriend, 9 Desember 1904.

(41) Pirow: op. cit., p. 10.

(42) Sien hierbo p. 15.

(43) Hierdie kongres is in Bloemfontein gehou op Woensdag 19 Julie 1905.

(44) De Vriend, 28 Julie 1905.

die twee blanke groepe kon wees nie. Hy betoog verder dat hy graag wou sien dat die twee blanke rasse saamwerk, want daarin het Suid-Afrika se enigste heil gelê, maar om hierdie doel te kon bereik, moes die regte van beide partye erken en gelyke regte aan hulle tale gegun word. „Z.M. Regering wil hebben dat haar taal de offisiële taal zal zijn, doch tenzij gelijke rechten aan beide talen worden toegekend zal er altijd tweedracht en twist in het land regeren.” (45)

Hertzog het voorts daarop gewys hoe skandelik die Hollandse taal in skole verwaarloos word en by sy toehoorders daarop aangedring om hierdie toedrag van sake, al was dit ook met geweld, te verbeter en toe te sien dat die Afrikaner se taal tot sy reg kom. Die politieke en kulturele stryd van die Afrikaner was vir Hertzog so na aan mekaar geleë, dat hy hulle altyd as een begrip gesien en hulle ook naas mekaar gestel het.

Op die tweede dag van die Kongres het Hertzog 'n voorstel ingedien dat 'n sentrale en nasionale vereniging gestig moes word om die belange, nie slegs van die oorspronklike griewekomitee nie, maar van die hele O.R.K. te behartig en alle griewe daarin saam te vat. Met hierdie voorstel gee hy aan die kongres 'n volkskarakter. Dit was noodsaaklik dat die hele volk daarby betrek word, want slegs dan sou hulle sterk genoeg wees om hulle doelstellings te kon uitleef. Tot op hierdie stadium was daar nog geen sprake van 'n volksverteenwoordiging nie, en toe kom Hertzog en stel voor dat hulle so 'n vereniging moes stig: „... En verder zal de Vereniging zich moeten bezig houden met de algemene belangen van deze Kolonie. Dit kongres is ewenwel voor namelijk hier, voor de grieven, al vertegenwoordigt het niet het gehele volk. Tot dit gehele volk moeten wij nu gaan opdat niemand meer er buiten zal staan.” (46)

Daarna het I. J. Meyer 'n voorstel ingedien dat daar dadelik met die stigting van so 'n volksvereniging begin moes word sodat die hele

/bevolking.....

(45) Ibid.

(46) De Vriend, 28 Julie 1905.

bevolking van die O.R.K. daarby betrek kon word. Elke wyk en elke dorp moes 'n afgevaardigde stuur sodat hulle kon besluit of hulle so 'n vereniging wou stig en dan moes hulle dadelik met die organisasiewerk begin. (47)

Nadat daar oor die saak gedebatteer is, het die finale resoluasie as volg gelui: „Het kongres besluit dat die Volksvergadering waartoe in zijn vorige resoluties is besloten zal plaats vinden te Bloemfontein in of voor April 1906 en besluit verder het beleggen derzelve alsmede het beroep in zijn vorige resolutie vermeld in handen te stellen van genl. Hertzog, genl. Chr. de Wet, de heren Dr. Ramsbottom, H. Gill, A. Fischer, Adv. Botha, C. H. Wessels en J. Brebner." (48)

Ten slotte het Abraham Fischer ook 'n toespraak gelewer waarin hy op die aanwesiges 'n beroep gedoen het om saam met die regering te werk en sodoende hulle vertroue te wen. Op hierdie manier kon hulle baie meer bereik en sou die voorstelle wat ingedien is, baie aanneemliker wees vir almal omdat dit op so 'n breë basis geskied het.

Soos op 20 Julie 1905 besluit is, is 'n gekose komitee aangewys om 'n konsepgrondwet vir so 'n volksvereniging op te stel. Die komitee, onder voorsitterskap van Hertzog, het op 13 Oktober 1905 'n „Ontwerp-Konstitusie" ingehandig en die vereniging „De Volks-Vereniging Orangia" genoem. Daarin word aangedui die samestelling en prosedure, die werksaamhede van die voorgestelde sentrale komitee, distrikskomitees en takkomitees, wat in die toekoms jaarliks 'n kongres sou hou.

Die „Volks-Vereniging Orangia" het hom ten doel gestel om die verkryging van verantwoordelike regering in die O.R.K. te bespoedig en die belange van die Afrikaners te bevorder en te beskerm. (49) Met ander woorde hulle veld van aktiwiteit was nou nie meer beperk tot die O.R.K.

/nie, maar.....

(47) The Friend, 20 Julie 1905.

(48) De Vriend, 28 Julie 1905.

(49) De Vriend des Volks, 13 Oktober 1905.

nie, maar die belange van alle Afrikaners in Suid-Afrika moes bevorder word. Dit is dus duidelik dat hierdie vereniging hom dadelik op die politieke terrein begin begeef het.

Op Vrydag 10 November 1905 het Hertzog 'n vergadering op Wepener toegesprek en verslag gedoen van die werksaamhede van die gekose komitee. Toe hulle die naam „Orangia" aan die volksvereniging gegee het, het hulle dit so gekies dat niemand aan die naam aanstoot kon neem nie, want hulle wou die steun van beide die bevolkingsgroepe, Engels- sowel as Hollandssprekendes, vir hulle saak verkry. Die onmiddellike doel van die vereniging was die verkryging van verantwoordelike bestuur omdat hulle eerstens daarop geregtig was en tweedens omdat die huidige regeringsvorm aan hulle geen seggenskap gegee het nie. „Was dit onder omstandigheden noodzakelik?' vraag spreker (Hertzog). Het antwoord was afhankelik van twee dinge, nl. 1. Zijn wij als Volk daarop gerechtigd, en 2. is de tans bestaande regering van die aard, dat, al hadden wij geen wettelik recht, wij toch op grond van die wijze van bestuur recht kregen om er om te vragen. Spreker was van oordeel dat wij op beide gronden het recht hadden om Verantwoordelijke Regering te eisen, Ons recht, geboren uit overeenkomst,' wilde spreker duidelik maken." (50)

Uit hierdie toespraak van Hertzog kom twee openbarings duidelik na vore: Eerstens kon die besware van die Engelse pers, wat later so luid geword het, hier gesmoor geword het, want Hertzog het onomwonde verklaar dat die Engels- en Hollandssprekendes hand aan hand moes werk vir die belange van die O.R.K. en dus ook van Suid-Afrika. Sy breëre siening in die toekoms blyk hier duidelik toe hy op daardie stadium, selfs lank nog voor Uniewording, besef het dat die enigste heil vir Suid-Afrika daarin opgesluit lê dat al sy seuns, Engels- sowel as Afrikaanssprekend, moet saamwerk vir hulle vaderland.

/Ten tweede.....

Ten tweede sien ons hierin sy fyn redenasievermoë om aan sy toehoorders te verklaar dat die verkryging van verantwoordelike bestuur vir die O.R.K. geen voorreg was wat die Imperiale Regering aan hulle kon skenk as hy wou nie, maar dat dit hulle reg was om dit te eis volgens die Traktaat van die Vrede van Vereeniging.

Aan die einde van die vergadering is die volgende resoluëie aangeneem: „Deze vergadering van inwoners van het dorp en het distrikt Wepener, overwegende dat de tijd voor volle verantwoordelike bestuur, zoals bestaande in de Kaap Kolonie nu is aangebroken, van oordeel zijnde dat het wenslik is dat tot het verkrijgen daarvan een Volksvereniging worde in het leven geroepen, zoals in de Ontwerp-Konstitusie van de Vereniging Orangia uiteengezet." (51)

(3.) Hertzog as kampvegter van die Hollandse taal.

Na die Engelse oorlog het Hertzog veel gedoen om sy volk uit sy vernedering op te help en na selfrespek en selfstandigheid te lei: „En die wapen in sy hand was die Hollandse taal: hy het die taal as uitgangspunt vir die handhawingstryd van die Afrikaner geneem. Vir hom was taal en nasionalisme onafskeidbaar, dit was één." (52)

Vir Hertzog self was die moedertaal die uitgangspunt vir die voortbestaan van 'n volk, en sy eie volk, wat soveel vernedering en verguising moes deurstaan, se enigste redmiddel was die handhawing van Hollands. Die georganiseerde verengelsing van die twee voormalige republieke na die oorlog het 'n baie groter gevaar vir die Afrikaner geword as die oorlog self, want die beleid van die Engelse regering was daarop gemik om die voortbestaan van die Hollandssprekendes te beëindig sodat hulle hulle identiteit moes verloor en opgeneem word in die Engelse stroom. Dit was tog immers Milner en Kitchener se doel! Hulle is nog verder aangehelp deur 'n sekere groep Afrikaners wat na die oorlog dit as oudmodies en

/onprakties.....

(51) De Vriend des Volks, 14 November 1905.

(52) Nienaber: op. cit., p. 5.

onprakties beskou het om hulle eie taal te praat. Hertzog se taak was dus van tweërlei aard: hy moes veg vir die erkenning van Hollands naas Engels deur die owerhede; en miskien sy grootste taak, hy moes sy mede-Afrikaner bewus maak van sy roeping om sy kultuur uit te bou en trots te wees op sy volk se verlede en sy moedertaal.

Toe die Liberale Regering onder Campbell-Bannerman aan die einde van 1905 in Engeland aan bewind gekom het, het hulle die wanpraktyke van Milner en Chamberlain in Suid-Afrika verdoem en sodoende liberale idees by sekere van die Boereleiers, soos Botha en Smuts aangewakker, sodat hierdie leiers gevoel het dat hulle miskien nou nie meer as die gehate Boere gesien word nie, maar dat die voormalige Britse vyande as bondgenote in die nuwe Imperiale Regering beskou kon word. 'n Sluimerende wraakgevoel van die kant van die Boere teenoor Milner is deur die politieke omwentelinge in Engeland tot so 'n mate bevredig dat die „harde kors van ongenaakbaarheid, wat na Vereeniging voortdurend merkbaar was, begin ontdooi het." (53) Hierdie gevoel van toenadering is verder aangehelp toe die Vrystaat op 5 Junie 1907 selfbestuur onder die Konstitusiewet verkry het.

Hertzog het besonder veel waarde aan die moedertaal geheg, soos veral uit hierdie woorde van hom blyk: „'n Taal kan nie van 'n volk weggeneem word sonder dat die karakter van die volk ook weggeneem word nie. Neem die taal weg, én volk én karakter gaan ten gronde en hopeloos verlore. Baie volke was onderwerp en verdruk maar het staande gebly en weer op die voorgrond getree en hulle karakter bewaar, omdat hulle taal in die lewe gehou is... Iemand wat tekort kom in respek vir die taal waarin ek opgegroeï het, kom ook tekort in sy respek vir my; 'n mens met selfrespek kan sy taal nie weggooi nie... Die taal is gans die volk." (54)

As bewys daarvoor dat Hertzog nie slegs die Vrystaters bewus wou

/maak.....

(53) Van den Heever: op. cit., p. 214.

(54) Hierdie woorde wat Hertzog gebesig het in 'n toespraak tydens 'n Kultuuraand in Bloemfontein, 4 Desember 1906, is aangehaal by Meyer, P.J.: Genl. Hertzog en die Afrikaanse Kultuurstryd. (Hertzog-Annale, Desember 1960, p. 9.)

maak van hulle roeping as draers van die Afrikaanse taal, het hy die „Orangia Unie" ook gebruik as mondstuk in die taalstryd. Hierdie volksvereniging moes dus dien om die Vrystaatse Afrikaners nasiebewus en taal-trots te maak.

Op die jaarlikse kongres van die „Orangia Unie" in 1908 is die houding van die kongreslede t.o.v. die erkenning van Hollands weer eens as volg beklemtoon: „Dat de goeie samenleving en samenwerking der Hollandsch en Engelsch sprekende bevolking dezer Kolonie gebiedend vergt dat de rechten van de Engelsch, zoowel als van de Hollandsche taal, gelijkelijk erkend en ge-eerbiedigd worden, beide op school en in staatsdienst." (55)

Op hierdie kongres is die kwessie van vereniging van die Suid-Afrikaanse kolonies ook bespreek, maar die staatsvorm van so 'n verenigde Suid-Afrika moes 'n federasie wees omdat die Vrystaters bang was om opgeneem te word deur die Engelsgeoriënteerde Natal en die Kaapkolonie met sy naturelle-verteenwoordiging. Hulle aanbeveling oor hierdie aangeleentheid was dat die volk eers deeglik op hoogte gebring moes word met die implikasies van so 'n federasie sodat hulle die voor- en nadele van so 'n vereniging kon beoordeel, asook dat „intussen en tot de tijd voor't verwesenlijken van zulk eene Federatie zal zijn aangebroken, alle pogingen zullen worden aangewend om de goede verstandhouding tusschen de bevolkingen der verschillende Kolonien te bevorderen..." (56)

Op 19 Augustus 1907 is Smuts se Onderwyswet deur die Transvaalse Parlement goedgekeur. Dit het hoofsaaklik voortgebou op lord Selborne se stelsel en het in die Vrystaat baie ontevredenheid veroorsaak. Die bepalinge van Artikels 30-33 wat gehandel het oor moedertaalonderrig in die laer klasse was veral belangrik. Dit sou slegs in die laer

/klasse.....

(55) Verrichtingen van het Derde Jaarlijksch Congres der Orangia Unie te Bloemfontein op 16, 17 en 18 Maart 1908, De Vriend Drukkers en Uitgewers Maatskappij Beperkt: p. 29.

(56) Ibid., p. 30.

klasse goskied en geleidelik sou Engels ingevoer word sodat dit die taal-medium moes word. Kennis van en vordering in Engels sou 'n voorwaarde vir bevordering na die middelbare skool wees.

Hertzog was baie ontsteld toe hy van hierdie bepalings van die Smuts-onderwyswet verneem, en hy het vir Smuts kwalik geneem dat hy so apologeties teenoor sy eie moedertaal opgetree het. Dit was nou duidelik dat die paaie van Hertzog en Smuts vir goed uiteen sou loop. (57)

As ons die Onderwyswette van Smuts en Hertzog vergelyk, sien ons duidelik die verskil in karakter en persoonlike houding van hierdie twee staatsmanne. Die mees merkbare verskil was dat die moedertaalonderrig vir Hertzog die basis van die opvoeding gevorm het, terwyl dit vir Smuts 'n lastige struikelblok was.

Toe Hertzog se beroemde Onderwyswet op 1 September 1908 in werking getree het, het dit die grootste politieke storm in Suid-Afrika laat losbars sedert die Engelse oorlog. As Hertzog bereid was om toe te gee en minder drasties op te tree, sou sake seker anders verloop het, maar daarvoor was hy nooit te vinde nie. Hy wou die onreg wat aan Afrikaans gedoen is, vir altyd regstel en al taal wat die persone verstaan het wat Afrikaans onsimpatiek gesind was, was dié drastiese taal. Hulle wou glad nie dink aan gelykstelling van die twee tale nie, maar die oorheersing van Engels was hulle uitgangspunt. Alles wat nie in daardie lig gestel is nie, was uit die bose. Die leiers in die ander kolonies het meesal oogluikend toegesien dat Hollands in skole verwaarloos word. In die Kaapkolonie; met sy liberale idees, het hulle die saak maar laat deurgaan; Natal het geen taalprobleme gehad nie; en in Transvaal het die Smuts-Onderwyswet sake ook maar laat begaan. Dit kon en sou Hertzog nooit toelaat nie. (58)

/Vanaf.....

(57) Van den Heever: op. cit., p. 229.

(58) Van den Heever: op. cit., p. 231.

Vanaf die begin van die nuwe Vrystaatse Onderwyswet was daar teenkating, veral van die amptenare wat moes toesien dat die wet toegepas word. Die onderwysers, en ook selfs die inspekteurs, was meesal Engels-sprekend wat glad nie Afrikaans-Hollands kon of wou praat nie.

Tydens die Vierde Jaarlikse Kongres van die „Orangia-Unie" is die moeilikhede wat die Hertzog-Onderwyswet ondervind het, deeglik bespreek en is die aandag daarop gevestig dat: „het reglement omtrent het gebruik van de talen als medium word verward met de voorschriften omtrent het leeren van de talen." (59)

Omdat, soos hierbo vermeld, daar selfs onder die Hollandssprekendes verdeeldheid was oor die nuwe Onderwyswet, het pres. M. T. Steyn tydens sy openingsrede verklaar: „Wee den man die op dit oogenblik verdeeldheid onder het Zuid Africaansche volk tracht te brengen." (60) Dit was ook tydens hierdie kongres dat die idee vervat is in die beroemde Artikel 137 van die Suid-Afrika Grondwet.

Die volgende belangrike resoluëie is ook aangeneem, wat getoon het dat die Afrikaners nou begin dink het aan 'n verenigde front dwarsdeur Suid-Afrika: „De Volksvergadering Orangia stelt zich ten doel: het bespreken, bevorderen en beschermen van alle volks- en landsbelangen betreffende de O.R.K. in 't bijzonder on Zuid-Afrika in 't algemeen..." (61)

Die meeste teenkating van die Engelssprekende onderwysers in die Vrystaat het gekom van hulle wat gemeen het dat Hertzog astant was om 'n „vreemde taal" op die kinders van Engelssprekendes in 'n Britse kolonie af te dwing. Die Engelse onderwysers het ook besef dat hulle poste in gevaar was. Terwyl Hertzog met die perswêreld moes worstel om die billikheid van sy Onderwyswet te probeer verduidelik en aldus verwarring probeer voorkom, moes hy as Minister van Onderwys in sy eie departement teenstand ondervind van die amptenare wat die wet logies moes uitvoer.

/Drie.....

(59) Verrichtingen van het Buitengewoon Congres der Orangia Unie te Bloemfontein gehouden op 4 Maart 1909 en van het Viardie Jaarlijksche Congres der Orangia Unie te Bloemfontein gehouden op 12, 13, 14 Mei 1909, p. 26.

(60) Jaarlijksch Congres 12, 13, 14 Mei, p. 46.

(61) Ibid.

Drie inspekteur, W. Fraser, J. B. Brady en R. Mc.Intosh (62) was daarvoor verantwoordelik dat daar verwarring in die vertolking van die Wet ontstaan het, 'n verwarring wat die onderwysstelsel in die Vrystaat byna belaglik gemaak het. Hertzog kon hierdie toedrag van sake nie duld nie, en omdat die drie bogenoemde here nie die bepalings van die Onderwyswet wou uitvoer nie, was Hertzog verplig om hulle op 15 Mei 1909 af te dank. (62a)

Hierdie stap van Hertzog het dwarsdeur Suid-Afrika weerklank gevind en so het die woord „Hertzogisme” as 'n skeldnaam ontstaan, wat vir die meeste Engelssprekendes sinoniem met „rassehaat” geword het. Baie persone wat van „rassehaat” gepraat het, het die hele saak heeltemal verdraai en vir Hertzog daarvan beskuldig dat hy die drie inspekteurs ontslaan het, nie omdat hulle hulle plig versuim het nie, maar omdat hulle uitlanders was, twee Skotte en 'n Ier! Dit was egter baie duidelik dat die saak 'n politieke opswepery was, want in die tweede grootste skool in Bloemfontein was die prinsipaal 'n Engelssprekende, maar omdat hy 'n heer was, het sake in sy skool heeltemal gevlot.

In die Wetgewende Raad het Hertzog sy optrede verduidelik: „Ek moes óf toelaat dat die Wet in onguns gebring word en magteloos in sy werking gemaak word, óf ek moes ontslae raak van die diens van hierdie here.” (63) Die kwaadgesinde pers het hierdie drie inspekteurs nou as martelare gesien wat moes ly a.g.v. „rassehaat” sodat die hele aangeleentheid 'n politieke kleur gekry het.

In die hofsak wat gevolg het op die ontslag van die drie inspekteurs, is die saak teen Hertzog uitgewys. Die ondersteuners van Hertzog het gou 'n bedrag bymekaar gemaak om die hofonkoste te bestry, maar Hertzog het die regsonkoste self betaal en die ingesamelde bedrag aan
/die Akademie.....

(62) Van den Heever: op. cit., p. 233.

(62a) Vir meer besonderhede oor hierdie aangeleentheid sien Jacobs: op. cit., 295-301.

(63) Van den Heever: op. cit., p. 236

die Akademie vir Taal, Lettere en Kuns oorhandig, wat die opbrengs van die rente sou aanwend as die „Hertzogprys" vir die mees verdienstelike bydrae in die Afrikaanse letterkunde.

Nadat die proteste teen sy Onderwyswet minder geword het, het Hertzog hom op 23 November 1909 bereid verklaar om 'n afvaardiging te woord te staan en hulle griewe aan te hoor. Hy wou egter geen duim van sy beleid afwyk nie en wou glad nie toegee dat die keuse van die taal-medium by die ouer moes berus nie. Volgens hom was dit die taak en verantwoordelikheid van die staat om toe te sien dat die jeug reg opgevoed word. Die meeste afgevaardigdes was blykbaar tevrede met Hertzog se verduideliking, maar steeds het daar intriges agter sy rug aangegaan. Die breekpunt het gekom toe mnr. Hugh Gunn, die Direkteur van Onderwys in die Vrystaat, weens 'n persoonlike geskil met Hertzog oor die beleidsformulering en interpretasie van die Onderwyswet, bedank het. Nou het die aanvalle op Hertzog toegeneem in intensiteit en bitsigheid. (64)

'n Duidelike bewys van die hewige kritiek op Hertzog se onderwysbeleid vanaf die kant van die Engelse pers, wat die saak heeltemal uit perspektief geruk het, was die berig in 'n Engelstalige oggendblad: „Mr. Gunn, Director of Education in the O.R.C. has been forced to resign on account of the pig-headedness and mal-administration of General Hertzog." (65)

(4.) Houding van genl. Botha oor Hertzog se Moedertaalonderrig-beleid.

Dit is interessant en ook nodig om op hierdie stadium te let op die houding van genl. Louis Botha, destydse eerste minister van die Transvaal en die Vrystaat. Op die sesde kongres van die „Het Volk" - party, gehou op 25-28 Mei 1909 in Pretoria, het Botha in sy openingsrede verklaar dat hy glad nie kan sien waarom die Vrystaat, en in besonder die C.N.O. -skole enige beswaar teen Smuts se onderwyswet gehad het nie.

/Hy verklaar.....

(64) Van den Heever: op. cit., p. 241.

(65) The Rand Daily Mail, 1 April 1910.

Hy verklaar daaromtrent: „Ik heb elke onderwijswet in Z.Afrika bestudeerd, en ik heb er geen gezien, die minder aanleiding tot kritiek geeft dan de onze. Wij geven meer geld uit dan enige andere kolonie aan onderwijs en als wij zoo doorgaan, zullen wij zien 'n ras van mense van hollandse en engelse ouders, dat 't bekwaamste ras zal zijn, hetwelk we ooit hier gehad hebben. De mense van dat ras zullen elkaars taal spreken en met elkaar simpatiseren. Zij zullen saamwerken, ook al waren wij vroeger te kwaai om saam te werken." (66) Hier sien ons duidelik die konsiliatiebeleid van Botha, met sy „eenstroom-beleid" waarin hy gemeen het dat die Afrikaans- en Engelssprekende groepe een volk sou word, en daarnaas Hertzog se „tweestroombeleid" waarin die Afrikaans- en Engelssprekendes naas mekaar moes ontwikkel en mekaar se taal en tradisies handhaaf en respekteer.

Selfs nog in 1911 het Botha na hierdie idee van Hertzog, om die twee volksgroepe langs mekaar te laat ontwikkel, verwys as onprakties: „Wat is ons hoofdoel. De samenwerking der beide blanke rassen teneinde langs die weg een Zuidafrikaanse natie te vormen... De tweede weg (verwysende na Hertzog se beleid) is die van isolatie, van afsondering tussen die blanke rassen. Sommigen hunker na die weg en denken dat daarlangs hun taal en tradities beter in het leven zullen gehouden worden... daardoor zal Suidafrika zijn en blijven een huis tegen zichzelf verdeeld, met een gewisse val voor zich..." (67)

5. Hertzog as stigterslid van die Suid-Afrikaanse Akademie.

Reeds op die vroeë stadium toe Hertzog nog regstudent in Amsterdam was, het hy met profetiese siening voorspel dat Afrikaans en nie Hollands nie, die toekomstige landstaal in Suid-Afrika sou word. Die aanleiding

/hiertoe.....

(66) Aangehaal in: Agt Jaar s'n Politiek - Skoon geskiedenis van die Zuidoosr. Nasionale Partij 1902 - 1910, Volkstem Drukkerij, Pretoria, 1910, p. 58. (Hertzog-Versameling).

(67) Aanspraken gehouden door President M.T. Steyn en Generaal Louis Botha te Bloemfontein op 21ste Nov. 1911 - Uitgeven door de Witwatersrand Raad van de Vrouwen Zuid-Afrikaanse Partij als een blyk van hulde en ter nagedachtenis Pres. M. T. Steyn, s.j., p. 5. (Hertzog-Versameling).

hiertoe was die beroep wat die Taalbondmanne in 1890 op die volk gedoen het om terug te keer na Hollands as landstaal in Suid-Afrika. Hertzog, wat besef het dat toestande in sy vaderland heelwat verskil het van dié in Nederland, het sy opinie oor Afrikaans en Hollands in 1891 in die Amsterdamse studentebblad „Propria Cures" as volg weergegee: „Ons kan, na aanleiding van die terugkeer na Nederlands, net sowel verwag om te sien dat 'n rivier se stroom terugvloei. Dit laat trouens die Afrikaner se taal bloei ten spyte van sy kragtige en meerderwaardige mededinger, Engels; dit beloof aan laasgenoemde 'n swaar en volgehoue stryd om baasskap in Suid-Afrika." (68)

Daarna het Hertzog daadwerklik opgetree in die stryd vir die erkenning van Afrikaans. Op die stigtingsvergadering van die Afrikaanse Taalgenootskap in Bloemfontein op 20 November 1906, was hy voorsitter van die vergadering. Tydens sy toespraak het hy verklaar dat hy verheug was om te sien dat die volk verby die stadium was van slegs rympies in hulle taal te maak. Die volk het nou besef dat dit uiters noodsaaklik geword het om selfrespek te verkry deur sy eie taal te besig. Slegs deur hulle eie taal te gebruik, kon die Afrikaners verwag dat andere vir hulle respek moes hê. (69)

Hertzog het ook alles in sy vermoë gedoen om die stryd, wat sedert die begin van die eeu ontstaan het tussen die voorstanders van Hollands en Afrikaans as landstaal, te probeer beëindig. Op 'n voorstel van Hertzog, pres. Steyn en J. H. Hofmeyr is besluit om met die voorstanders van Hollands en Afrikaans uit die ander kolonies te onderhandel en tot 'n vergelyk te kom. Op 5 Januarie 1909 is 'n konferensie belê waarheen alle belangstellendes in die Hollandse taal uitgenooi is. Tydens die konferensie het Hertzog 'n voorstel ingedien „dat een lichaam in 't leven worde geroepen ter bevordering van de Hollandse taal en letteren /in Zuid-Afrika".....

(68) Nienaber: op. cit., p. 25.

(69) De Vriend des Volks, 4 Desember 1906.

in Zuid-Afrika." (70)

'n Kommissie is aangestel om 'n konsepgrondwet vir so 'n vereniging op te stel. Manne soos Hertzog, pres. Steyn, adv. N. J. de Wet, Gustav Preller en dr. D. F. Malan het hierop gedien. Onder leiding van die Bloemfonteinse vereniging, „Onze Taal“, is daar op 1 en 2 Julie 1910 so 'n vergadering gehou en is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns gestig met Hertzog as een van die stigterslede. Hertzog se argument ten gunste van Afrikaans was dat die Nederlands van die Nederlander, met al sy eienaardige gebruike, tog nooit werklik eie aan Suid-Afrika kon word nie en dat daar in Suid-Afrika ook nie meer suiwer Nederlands gepraat word nie, omdat dit „doordrongen zijn van onze Afrikaanse eigenaardigheden van volkskarakter en landelike omstandigheden.“ (71)

(6.) Hertzog en Unifikasie.

Tydens die onderhandelings oor unifikasie in 1910, het die taalvraagstuk weer eens van die grootste belang geword. Toe Hertzog op pad was na die Nasionale Konvensie in Durban, het hy op die trein 'n konsepartikel geformuleer wat opgeneem moes word in die Unie-grondwet en wat later beliggaam is in Artikel 137. (72) In sy pleidooi vir Afrikaans is hy deur pres. Steyn gesteun, wat so oortuigend geredoneer het dat dr. L. Starr Jameson self oortuig daarvan geword het en ander ook tot hierdie sienswyse beïnvloed het. Jameson het besef dat as die Hollandssprekendes werklik as vennote in die Unie opgeneem moes word en nie slegs as klerke nie, dan moes hulle taal geëerbiedig word. (73)

Toe Hertzog en Fitzpatrick op 15 Oktober 1909 mekaar vir die eerste keer informeel ontmoet het, het Fitzpatrick aan Hertzog verklaar

/dat hy.....

(70) Nienaber: op. cit., p. 26.

(71) Ibid., p. 27.

(72) Vir meer besonderhede oor die taalaspek van die Nasionale Konvensie sien: Thompson, L.M : The Unification of South Africa 1902 - 1910, Oxford Press 1960, p. 135-138; 177-178 en 192-198.

(73) Nienaber: op. cit., p. 27.

dat hy en sy kollegas na die Konvensie gekom het om gelyke regte vir almal te verkry: „... to obtain Equal Rights, by which he meant language equality as well as equal constituencies, and that although they stood by this principle they could not accept every word of Hertzog's draft resolution, more particularly the words which would debar from the civil service all people who could not speak Dutch." (74)

Hoewel ietwat gewysig, maar in sy wese tog die konsepvoorstel van Hertzog, is dit op 20 Oktober 1909 deur die Konvensie aanvaar en opgeneem in Artikel 137 van die Unie-grondwet wat lui: „De Engelse alsmede de Hollandse talen zijn officiële talen van de Unie.

„Zij worden op een voet van gelykheid behandeld en bezitten en genieten dezelfde vrijheid, rechten en voorrechten.

„Alle akten, verslagen en verrichtingen van 't Parlement worden in beide talen gehouden en alle wetsontwerpen, wetten en kennisgeving en van algemeen publiek gewicht of belang door de Regering van de Unie uitgegeven, worden gesteld in beide talen." (75)

Aan Hertzog kom dus die eer toe dat hy besef het dat die enigste weg vir die Afrikaner na selfstandigheid en selfrespek daarin geleë was om erkenning vir sy taal te verkry en daardeur ook vir sy tradisies en volksverlede. Binne sewe jaar na die oorlog het hy 'n groot oorwinning vir Afrikaans behaal toe dit in die Unie-grondwet naas Engels erken is.

Toe sy vaderland bedreig is deur Britse oorheersing, het hy nie gekroom om sy dienste in die stryd te werp nie. Hoewel hy geen militêr was nie, het hy tog sy regskenning aangewend in diens van sy volk en so-doende by die vegtende burgers dissiplinêre trots aangewakker. Na die oorlog het hy die stryd voortgesit en by sy mede-Afrikaners selfrespek aangemoedig en hulle laat besef dat moedertaal die hoeksteen van 'n volk se voortbestaan is. Dit was dus heeltemal natuurlik dat die Afrikaners na hom begin opsien het as hulle kampvegter in die stryd wat voorgelê het.

(74) Thompson: op. cit., p. 195.

(75) Notulen van die Kongres gehou op 12, 13 en 14 Mei 1909 te Bloemfontein - Aanhangsel-publikasie van die Unie-grondwet soos finaal goedgekeur deur die Nasionale Konvensie, p. 73. (Hertzog-Versameling).

HOOFSTUK II

SUID-AFRIKAANSE POLITIEK ONMIDDELLIK NÁ 1910 EN HERTZOG

SE HOUDING

(a.) Die toestande onmiddellik ná Uniewording.

(1) Inleiding.

Tydens die Nasionale Konvensie was daar alreeds tekens dat daar nie werklik so 'n onverdeelde samewerking was as wat oppervlakkig geblyk het en soos baie persone wou voorgee nie.

Na die proklamasie van die Unie van Suid-Afrika moes die nuwe staat alle bates en laste van die vier verskillende kolonies oorneem. Die Unie het dus ook beheer gekry oor alle belastinge, spoorweë en hawens, myne en alle ander eiendom van die vorige kolonies. (1)

Die Engelsprekendes het hulle aandag hoofsaaklik op die handel en industrieë toegespits, terwyl die Afrikaanssprekendes hulle nog steeds hoofsaaklik op boerdery toegelê het. Baie Afrikaners het egter gaandeweg naam begin maak in die onderwys- en regsprofessies. Wat die bevolkingsverhouding tussen die blankes en naturelle betref, het laasgenoemde die blankes reeds in drie provinsies in getalsterkte met drie teen een oortref. Dit sou dus in die toekoms een van die mees aktuele vraagstukke wees waarmee die nuwe regering hom besig sou moes hou. Die Indiërs was intussen ook besig om die land in al groter wordende getalle binne te kom en hierdie vraagstuk sou ewe-eens een van die groot probleme in die nabye toekoms word en dit het later 'n groot bron van verdeeldheid geblyk te wees. (2)

Wat die ekonomie betref, was die land hoofsaaklik afhanklik van die landbou. Wol was die vernaamste produk met mielies en koring daarnaas. Hoewel landbouprodukte, relatief gesproke, lae pryse behaal het, was produksiekoste ook baie laag, en kon die plattelandse bevolking 'n redelike bestaan maak. Die goudmynbedryf was een van die grootste

/ekonomiese.....

(1) Jacobs: op. cit., p. 350.

(2) Krüger, D.W: The age of the Generals, Dagbreek Boekwinkel, Johannesburg, 1958, p. 50-51.

ekonomiese faktore waarmee rekening gehou moes word in die nuwe staat, en was ook die grootste bron van inkomste. Die regering het veral gebaat by die belastinge van die 25,000 blanke mynwerkers aan die goudmyne. In 1910 is daar sewe en 'n half miljoen fyn ons goud geproduseer. Naas die goudmynbedryf het die land ook diamante, ystererts en steenkool geproduseer, en selfs groot reserwes daarvan besit. (3) Die goudmynbedryf en landbou het dus die basis van die ekonomiese lewe gevorm en dit gebly tot 'n paar dekades later, toe sekondêre nywerhede gevestig begin raak het.

Wat die politieke toestande betref, het die verskillende denkrigtings alreeds op hierdie stadium, d.w.s. net na Uniewording, begin uitkristalliseer. Alreeds tydens die Nasionale Konvensie het daar tekens van wantroue tussen die verskillende kolonies ontstaan en die skynbaar onderlinge vertroue het stadigaan begin verdwyn. Dit kan hoofsaaklik daaraan toegeskryf word dat die Vrystaters die Transvaalse leiers begin wantrou het. Die vredesonderhandelings het alreeds die kieme daarvoor gesaai want die Vrystaat wou nie alles, volk en vryheid, opoffer net ter wille van 'n verenigde Suid-Afrika nie. Hulle was ook nie bereid om sommer wapens onvoorwaardelik neer te lê soos sommige van die Transvaalse leiers wou gehad het nie. (4)

Die feit dat Transvaal, vir wie die O.V.S. groot opofferings gedoen het, eerste selfregering gekry het, het nog verdere onenigheid veroorsaak. Hieroor het selfs Winston Churchill hom heftig uitgespreek in die besprekingsdebat oor selfbestuur aan die Transvaal: „Dit sou ondenkbaar wees dat die Transvaal 'n groter mate van selfbestuur moet ontvang as die Vrystaat. Geen meer patetiese gebeurtenis het ooit plaasgevind as toe die vreedsame goedgegeregerde Republiek deur 'n

/gulhartige.....

(3) Van den Heever: op. cit., p. 272.

(4) Van der Merwe: op. cit., p. 244.

gulhartige kameraadskap en 'n edelmoedige gees gelei is om oorlog te verklaar toe 'n susterrepubliek daarin gewikkel geraak het." (5)

(2) 'n Nuwe begin of nie?

Nadat die Ryksregering besluit het dat die nuwe regering in die Unie van Suid-Afrika die landsbestuur op 1 Junie 1910 (6) op hulle moes neem, was die groot vraagstuk: moes daar 'n algehele nuwe begin in die Suid-Afrikaanse party-organisasie gemaak word, of moes daar voortgegaan word op die ou partypolitieke grondslag?

Die „Het Volk“- party (7) van genl. Botha is in Mei 1904 in Transvaal gestig. In Julie 1905 word die „Orangia-Unie" in Bloemfontein onder leierskap van Hertzog gestig. (8) Omdat die Afrikanerbond, wat in 1883 gestig is, die eerste doelbewuste politieke organisasie was wat op nasionale grondslag gebaseer is, kan hy tereg die voorloper van alle latere politieke organisasies in Suid-Afrika genoem word. Die Suid-Afrikaanse Party van Botha, is in 1911 gestig, en Hertzog se Nasionale Party van 1914, het ook in die Afrikanerbond hulle oorsprong gehad. (9)

Die Engelssprekendes het ook nou 'n hernude belangstelling in die Suid-Afrikaanse politiek begin toon, maar om heel ander redes, naamlik om hulle ekonomiese belange te beskerm. Die belangstelling het hom veral ook in die stigting van politieke verenigings of partye geopenbaar. So het in Transvaal in 1904 die „Transvaal Progressive Association", onder leiding van sir Percy Fitzpatrick, sir George Farrar en sir Abe Bailey tot stand gekom. In die O.R.K. het die Engelssprekendes

/in Januarie.....

(5) Vertaal en aangehaal by Van den Heever: op. cit., p. 214.

(6) Jacobs: op. cit., p. 351.

(7) Raadpleeg p. 10 van hierdie werk.

(8) Raadpleeg p. 19 van hierdie werk.

(9) Krüger D. W.: South African Parties and Policies - 1910-1960, A Select Source Book, Human & Rossouw, Kaapstad., 1960, p. x (Inleiding). Vir meer besonderhede oor die Afrikanerbond sien ook: du Toit, J. D.: Ds. S. J. du Toit In Weg en Werk, Paarl Drukkers Maatschappij Bpk., 1917, p. 140-184.

in Januarie 1907 die „Constitutional Party“, met mnr. (later sir) John Fraser as leier in die lewe geroep, terwyl Transvaal in Januarie 1910 nog 'n party bygekry het met die stigting van die „South African Labour Party“, waarvan kol. G. H. P. Creswell die leier was. (10)

b. Koalisie-regering of nie?

Die vraag wat nou ontstaan het, was: moes die nuwe regering saamgestel word uit al die leidende partye, m.a.w. 'n „best-men“ regering of moes daar 'n heeltemal nuwe begin gemaak word?

Alreeds tydens Botha se besoek aan Brittanje in Julie en Augustus 1909 om die Suid-Afrikaanse grondwet deur die Britse Parlement erken te kry, het hy sy Engelssprekende mede-afgevaardigdes gevra om hom te help om die Suid-Afrikaanse politieke firmament uit die ou rassegroepe te probeer red. Sy ideaal en een waarop hy sy hele latere beleid gebaseer het, was om 'n einde te maak aan die steeds vyandige gevoel wat daar sedert die oorlog tussen die twee blanke bevolkingsgroepe bestaan het. Hy wou hulle laat saamwerk om sodoende 'n Suid-Afrikaanse volk te vorm. Hy het dit egter baie pertinent gestel dat hy aan 'n sterk regering en 'n sterk opposisie glo en dat hy nie ten gunste van 'n koalisieregering was nie. (11)

Nogtans wou die plaaslike Engelstalige pers die publiek laat verstaan dat Botha wel ten gunste van 'n koalisie-regering was. Daardeur wou die Engelse pers probeer om hulle kandidate ook in die kabinet opgeneem te kry. „The question of coalition government is again raised this morning... The public will read with strained interest the account of what was said when sir Joseph (sir J. B. Robinson) and general Smuts met one another... For the second time he (sir Joseph) asserts, with that strenuousness of style which is not the least of his claims to public attention, that there will not be, cannot be, should not be a

/Coalition.....

(10) Ibid., p. viii (Inleiding).

(11) Thompson: op. cit., p. 434.

Coalition Government. We confess we remain unconvinced. And there are indications that public opinion in Natal is equally unwilling to be convinced." (12) Al het sir Joseph Robinson, na sy samesprekings met Smuts, baie duidelik laat verstaan dat daar nie 'n koalisiereregering sou kom nie, wou die plaaslike Engelse pers tog die publiek onder daardie indruk bring.

Natal was ten gunste van 'n „best-men government" en daarom het hulle geglo en gehoop dat 'n koalisiereregering saamgestel sou word, anders sou hulle moontlik nie Natalse ministers in die eerste Uniekabinet hê nie.

Mr. William Mc. Larty L.V. vir Durban, het hom as volg daarop uitgelaat: „The idea in Natal is certainly in favour of the best-men government; that is to say, whoever should choose men of political and administrative ability from both parties to consolidate the Union on the lines laid down in the Convention. It would be a great pity if we were ranked into separate camps straight away, because it would give an opportunity to the people who want to keep alive racial feeling, and there is a good proportion of such, not only amongst the English, but also amongst the Dutch." (13)

Al het Botha, soos reeds genoem, uitdruklik in Engeland verklaar dat hy nie ten gunste van koalisie was nie, wou die opposisiepers dit nogtans so gehad het. „Before, however, dealing with those features, attention should be called to the fact that general Botha's references to the coalition negotiations are, as they stand, curiously incomplete. The right hon. gentleman says, fairly enough, that while in England he was interviewed and spoke in a sense unfavourable to coalition. We do not wish to lay undue stress upon the point that, as we recall the account of the interview, it did not appear in any London newspaper..." (14)

/Die.....

(12) The Transvaal Leader, 6 April 1910.

(13) The Transvaal Leader, 6 April 1910. (Inleidingsartikel).

(14) Ibid., 16 Junie 1910.

Die opposisiespers het dus alles in hulle vermoë probeer doen om Botha te oorreëdel om 'n koalisie-regering te vorm. Hulle het sover gegaan om te beweer dat Botha nie so 'n verklaring in Engeland gemaak het nie, want hulle het self beweer dat dit onjuis kon gewees het want daar was geen offisiële verklaring in die Engelse koerante nie.

Fischer en Hertzog het Botha ook vergesel na Engeland om die saak van Unifikasie te bevorder. Voordat hulle twee op 11 September 1909 na Suid-Afrika teruggekeer het, het Botha aan Fischer verklaar dat hy 'n sterk regering in Suid-Afrika wou hê waarin die „beste manne“ opgeneem sou word. Fischer het gevrees dat as Botha se plan van die „beste manne“-regering deurgevoer sou word, daar geen sprake van provinsiale verteenwoordiging in die Unie-kabinet sou wees nie, en kon die „Orangia Unie“ moontlik uit die kabinet gelaat word. (15)

c. Hertzog en die kwessie van eerste ministerskap.

Die groot vraag wat almal aan die gis gehad het, was wie die eerste premier van die Unie sou wees. Die gebeure van die afgelope oorlog was nog vars in almal se geheue. Natal, wat oorwegend Engelssprekend was, was natuurlik ten gunste van 'n Engelssprekende eerste minister, terwyl Transvaal en die Vrystaat geen twyfel gehad het dat die Hollandsprekende gemeenskap die leiding in landsake moes neem nie.

Pres. Steyn was vir die Afrikaners die mees logiese keuse, maar sy swak gesondheid het hom outomaties as waarskynlike premier uitgeskakel. Hertzog en Fischer self het vir Merriman as premier voorgestel, maar omdat Botha en Merriman nie vir mekaar wou terugstaan nie en die een geweier het om onder die ander in die ministerie te dien, het Merriman se kanse op premierskap al skraler geword. Hulle twee, Botha en Merriman, was slegs bereid om onder een man saam te werk in die

/kabinet.....

(15) Thompson: op. cit., p. 434.

kabinet, naamlik pres. Steyn. (16)

Die Unioniste met „The Transvaal Leader" as mondstuk, het oor die kanse van Merriman en Botha as kandidate vir die premierskap as volg verklaar: „We have advice - not, we may say, from any Progressive quarter - that, while direct prophecy would be proverbially risky, Mr. Merriman had better not make himself too sure about either Premiership or Ministry... But as to the people of the Cape generally, we are assured that most of them would be more than content to see General Botha the first Premier, and in administrative matter would be prepared to abide by his sense of justice." (17)

Die skaal het dus gaandeweg in die guns van Botha begin swaai en die goeie indruk wat hy in Engeland gemaak het in 1909, moet miskien as die beslissende faktor gesien word.

Hertzog het egter nie vir Botha as toekomstige premier gesteun nie. Die pasgenoemde besoek van Botha in Engeland in 1909, was een van die hoof oorsake daarvan. „They (die Afrikaanssprekendes in die O.V.S.) did not like Louis Botha's visit to Great Britain where he, as a Boer War general, fraternized with the 'Rooies' (British), gave their King a big diamond out of the Premier Mine, and wore the silken hose and Court dress of a King's courtier." (18)

'n Ander rede waarom Hertzog en die O.V.S. getwyfel het aan die integriteit van Botha was omdat die Transvaalse leiers ses maande na die aanvang van die Anglo-Boere-oorlog al voorgestel het dat daar vrede gesluit moes word en weer twaalf maande voor die Vrede van Vereeniging. (19)

Toe lord Gladstone op 17 Mei 1910 voet aan wal gesit het in Kaapstad, was Botha, Smuts, Fischer en Hertzog onder andere alreeds

/daar.....

(16) Van der Morwe: op. cit., p. 235. Engelenburg: op. cit., p. 200-201.

(17) The Transvaal Leader, 19 April 1910. (Inleidingsartikel).

(18) Barlow, A., Almost in Confidence, Juta & Co., Ltd., Rustica Press Ltd., Wynberg, Cape, 1952, p. 134.

(19) Ibid., p. 134.

daar om die nuwe Goewerneur-generaal te verwelkom en te adviseer. (20) Gladstone het geweet dat Botha die gunsteling van die Britse regering was, maar hy was glad nie gebonde aan die instruksies van sy Koloniale Kantoor nie en hy het dit as sy plig en taak as Goewerneur-generaal beskou om 'n eerste minister aan te wys wat die grootste aanhang in Suid-Afrika geniet het. Daarom het hy op 19 en 20 Mei onderhoude met die voormalige koloniale kabinetsministers en met Jameson gehad. Uiteindelik was dit vir Gladstone heeltemal duidelik dat daar net een moontlike besluit kon wees, en op 21 Mei 1910 het hy vir Botha gevra om 'n kabinet te vorm. (21)

(d.) Hertzog en die samestelling van 'n Eerste Unie-Kabinet.

Een probleem, naamlik die premierskap, was nou opgelos, maar die aangewese premier het nou weer op sy beurt voor 'n probleem te staan gekom: Wie moes in die nuwe kabinet opgeneem word?

Die Engelstalige pers in Suid-Afrika het hierdie beslissing van Gladstone hoog aangeprys en vir Botha as die nuwe premier gehuldig omdat hulle kon sien watter beleid hy in die toekoms sou volg na sy verklarings in Engeland in 1909. Hulle het hom aangeprys as 'n gematigde persoon en uitgewy oor sy goeie hoedanighede en sy fenomenale opgang in die tien jaar sedert die oorlog. Hulle het in hom 'n progressiewe persoon gesien wat alles sou doen om rasseverskille uit die weg te ruim.

„And the man who less than ten years ago led his people in the field against the might of the British Empire; and holds the esteem and the trust of the whole British race ... But much, too will depend upon the colleagues he invites to form the Union Government. We hope that he will select men as moderate and as broadminded as himself." (22) Die laaste gedeelte van hierdie aanhaling toon duidelik dat hulle Botha op

/ 'n mooi.....

(20) Vir meer besonderhede oor hierdie saak raadpleeg Engelenburg: op. cit., p. 202-204.

(21) Thompson: op. cit., p. 455.

(22) Rand Daily Mail, 23 Mei 1910. (Hoofartikel).

'n mooi manier wou waarsku om nie vir Hertzog in sy kabinet op te neem nie.

Die agitasie teen Hertzog het nou sy hoogtepunt bereik - veral weens sy Vrystaatse Onderwyswet en die daaropvolgende ontslag van die drie skoolinspekteurs Mc.Intosh, Fraser en Brady. (23) „Hertzogisme" en „rassehaat" is sinoniem gemaak deur die plaaslike Engelse pers. Vir hulle was die stryd van Hertzog om taalgelykheid vir Hollands-Afrikaans naas Engels, „Hertzogisme" en „rassehaat" want hulle het hierdie veldtog van Hertzog heeltemal uit verband geruk en beweer dat hy Engels wou onderdruk en Hollands as die enigste offisiële landstaal wou hê. „A situation in the Free State, which was from the first fraught with danger to the internal peace and harmony of the country, has become acute. It would almost be a waste of words to characterise the policy and administration of general Hertzog, which have brought matters to their present evil pass... The "Bloemfontein Post" is emphatically right in its views that Hertzogism must be killed, or must spread and constitute a party. It would be much more reasonable, much less wasteful, for English speaking South Africa to accept a Bill making it penal for everybody, children and adults, not to be conversant with Dutch at the expiration of a given period, than for it to tolerate General Hertzog's monstrous demand, that children in the Free State shall do what children nowhere in the world do namely carry on education properly in a double medium... The way to bring to their senses both General Hertzog and the puppets of the back benches who are apparently awaiting Government patronage, is to set up a few separate schools." (24)

Daarna het die koerant beswaar gemaak teen die optrede van die

/Transvaalse.....

(23) Vir meer besonderhede oor hierdie aangeleentheid raadpleeg p. 26 van hierdie werk.

(24) The Transvaal Leader, 2 April 1910. (Verslag).

Transvaalse regering omdat hulle geen openlike beswaar teen die Hertzog-onderwyswet gemaak het nie want die gevolge van so 'n passiewe houding kon vir die toekomstige Unie noodlottig wees. „... General Hertzog may create a small but mischievous party throughout South Africa. Imagine a Union Government representing solely the party of which General Hertzog leads one of the Left Wings. Imagine that Government bound to weigh most carefully its relations with all not formally opposed to it - and the composition of the Assembly, to say nothing of the Senate, will in all probability be such that a Government chosen purely from the Conservative party would be obliged to walk warily indeed - and he would be a bold man who would say that General Hertzog might not realise his larger hopes." (25)

Die opposisie was dus deeglik daarvan bewus dat Hertzog 'n groot aanhang in die land geniet het. Hulle bespiegel selfs die moontlikheid dat hy 'n eie party kan stig. Daarom waarsku hulle weer eens om nie so 'n persoon in die kabinet op te neem nie.

Mnr. Arthur Barlow het sy sienswyse oor die Hertzogwet en sy bedanking van Mnr. Gunn as volg opgesom. „We want help, support and sympathy; for this quarrel has passed far beyond the narrow bounds of this Colony, (O.F.S.) and we know we shall not look in vain. Mr. Gunn's resignation has torn the wrappings from the inner policy of the dominant party here, (Orangia Unie) and Hertzogism stands unveiled to-day." (26)

„The Cape Argus" se agitasie teen die opname van Hertzog in die kabinet was daarop gegrond dat „Hertzogisme" dwarsdeur die land kon versprei, daarom moes dit nou doodgedruk word en moes geen geleentheid aan Hertzog gebied word om sy invloed verder uit te brei deur in die ministerie opgeneem te word nie! „... there is a grave responsibility
/that.....

(25) Ibid., 2 April 1910. (Verslag).

(26) The Bloemfontein Post, 31 Maart 1910. (Inleidingsartikel).

that General Hertzog's virus will spread throughout South Africa ... The outlook is gloomy, for there is every probability that an attempt will be made to introduce Hertzogism in the Cape, possibly in the Transvaal." (27)

Nadat Hertzog se Onderwyswet in 1910 deur die „Orangia Unie" eenparig ondersteun is, was die opposisie woedend omdat dit so 'n groot oorwinning vir Hertzog was. „If he has succeeded, and Messrs. Merriman and Malan at the Cape together with Generals Botha and Smuts in this Colony have consented to make him (Hertzog) their colleague six weeks hence, the trouble in the Free State will soon cease to be local; it will divide South Africa." (28)

Uit bogenoemde paar aanhalings blyk dit duidelik dat die plaaslike Engelse pers dus alles in hulle vermoë gedoen het om Hertzog uit die Kabinet te hou.

Botha, wat vir kritiek baie sensitief was, veral vir die van die Engelse pers, moes deeglik met hierdie toedrag van sake rekening hou want hy het geweet watter groot aanhang Hertzog in die Vrystaat gehad het. Soos in hoofstuk I aangetoon is, het die Vrystaat nog voor unifikasie na Hertzog opgesien as die kampvegter van die Afrikaner. Hertzog was die persoon wat die „Orangia Unie" van 'n koloniale vereniging verhef het tot 'n politieke en kulturele beweging wat nie alleen die belange van die O.V.S. wou bevorder nie, maar die van alle Afrikaners wat die belange van Suid-Afrika eerste gestel het. Vir Hertzog was die moedertaal die draer van 'n volk se tradisies. Slegs deur die handhawing van sy moedertaal kon die Afrikaners daarvan verseker wees dat hulle volksverlede en tradisies gehandhaaf word en dat hulle nie hulle identiteit sou verloor en ondergaan in die Engelse stroom nie.

/As Botha.....

(27) The Cape Argus, 1 April 1910.

(28) The Transvaal Leader, 21 April 1910.

As Botha sy sin kon gehad het, sou Hertzog glad nie in die kabinet opgeneem gewees het nie, maar eersgenoemde het besef dat om die komende algemene verkiesing te kon wen, hy nie sonder die steun van die Vrystaat sou kon klaarkom nie. Die enigste weg vir Botha, om verseker te wees van die ondersteuning van die Vrystaat, was om Hertzog in die kabinet op te neem. In Transvaal was Botha se posisie veilig, want hy het al sy getroue ondersteuners daar gehad. Hy het ook geweet dat die liberaal-gesinde Kaapprovinsie en die Brits-verknogte Natal mekaar in die verkiesing sou elimineer. Hy moes dus noodgedwonge op die steun van die „Orangia Unie“, onder leierskap van Hertzog, staatmaak.

Die rede vir die agitاسie teen Hertzog was tweërlei van aard. Botha, die apostel van konsiliاسie, het hom nou in 'n onbenydenswaardige posisie bevind. Neem hy nie vir Hertzog in die kabinet op nie, verloor hy die steun van die Vrystaat, waarsonder hy nie kon klaarkom nie. Besluit hy om Hertzog wel in sy kabinet op te neem, sou hy by die Engelsprekende bevolking in onguns kom, en dit wou hy nie doen nie, want dit sou sy ideaal van 'n verenigde volk in Suid-Afrika verongeluk en dit het ook direk ingedruis teen sy beleid van samewerking. (29)

Aan die ander kant het die Opposisie in „Hertzogisme“ 'n ideale geleentheid gesien om hulle persoonlike belange te bevorder. Die Unioniste was hoofsaaklik mynmagnate aan die Witwatersrand en hulle wou die regering van die land in hulle hande hê. Hulle het dus alles in hulle vermoë gedoen om verdeeldheid in die geledere van die Afrikaners te bewerkstellig. Die stryd oor Hertzog se Onderwyswet en sy uitlatings oor moedertaal, wat direk teen Botha se beleid ingedruis het, het hulle gou aangegryp as 'n klip waarmee hulle vir Botha en sy teenstanders kon gooi. „To the Unionists, this was godsend. At last they had a real target for their fire - "Hertzogism"." (30)

/Botha.....

(29) Vergelyk ook Van der Merwe: op. cit., p. 244.

(30) Hancock, W. K.: Smuts, The Sanguine Years 1870-1919, Cambridge University Press, 1962, p. 272.

Botha het probeer om hierdie netelige saak te omseil en terwyl die provinsiale afgevaardigdes in Kaapstad was om lord Gladstone te ontmoet, het hy, nadat hy as premier aangewys is, vir Smuts en F. S. Malan gevra om Hertzog te probeer oorreed om die betrekking van appélregter in die Hooggeregshof te aanvaar. (31)

Hertzog het besef wat agter die hele set van Botha, Smuts en F. S. Malan geskuil het, en het hierdie aanbod summier van die hand gewys. Hy het alreeds besef dat die nuwe premier die saak van Afrikaner-nasionalisme glad nie meer aangevoel het nie en dat dit sy, Hertzog, se taak was om in die kabinet te kom en toe te sien dat die belange van die Afrikaners nie verwaarloos word nie. Toe Botha van Hertzog se weiering om die posisie van appélregter te aanvaar, verneem, het hy teen sy sin, en op aandrang van Smuts, vir Hertzog in sy kabinet opgeneem as Minister van Justisie. (32)

Hierdie houding van Hertzog het vir die politieke teenstanders as koppig voorgekom. „People were yet to learn that Hertzog could be more stubborn than the proverbial mule.” (33) Dit was egter glad nie die geval nie, maar hy het deeglik besef dat as hy nie in die kabinet opgeneem word om vir die regte van sy mede-Afrikaners te veg nie, die stryd wat hy tot op datum geveg het, miskien heeltemal verlore sou wees. Hy het ook gevoel dat hy sy volk sou verraaï as hy die betrekking van appélregter sou aanvaar.

Op 31 Mei 1910 is die ministerie wat as volg saamgestel was in Pretoria bekend gemaak:

Louis Botha - Premier en Minister van Landbou.

J. W. Sauer - Minister van Spoorweë en Hawens.

J. C. Smuts - Minister van Buitelandse Sake,
Mynwese en Verdediging.

J. B. M. Hertzog - Minister van Justisie.

Binnelandse

/F. S. Malan.....

(31) Smuts, J.C: Jan Christiaan Smuts, Cassell & Co., Cape Town, 1952, p. 119. Thompson: op. cit., p. 457.

(32) Thompson: op. cit., p. 457, Van der Merwe: op. cit., p. 242-245.

(33) Smuts: op. cit., p. 119.

F. S. Malan - Minister van Onderwys.

H. C. Hull - Minister van Finansies.

A. Fischer - Minister van Lande.

H. Burton - Minister van Naturellesake.

F. R. Moor - Minister van Handel en Industrieë.

D. P. de V. Graaff - Minister van Publieke Werke.

C. O'G. Gubbins - Minister sonder portefeulje. (34)

e. Genl. Hertzog en die eerste algemene verkiesing.

Die eerste algemene verkiesing sou in September 1910 plaasvind.

Botha het verskeie verkiesingstoesprake gehou om sy beleid te verklaar.

(1) Botha se Verkiesingsveldtog.

Weens Botha se pro-Britse beleid het hy gedurig by die volk aangedring om saam te werk en hulle onderlinge verskille van die verlede te vergeet. Sy hooftema was dat alle Suid-Afrikaners, of hulle Engels- of Afrikaanssprekend was, hulleself ten doel moes stel vir die verkryging van 'n nuwe verenigde Suid-Afrika, vry van die vloek van rassehaat. Hulle moes die verlede vergeet en 'n nuwe nasie bou waarin almal gelukkig kon wees en hartelik saamwerk. (35)

In praktyk het hierdie ideaal van Botha egter vervaag want 'n sekere groep Engelssprekendes kon nie vergeet dat Botha 'n verslane volk verteenwoordig het nie, en party Afrikaners was nog vervul met bitterheid as hulle teruggedink het aan hulle verlore onafhanklikheid, die verwoesting van hulle vaderland en die konsentrasiekampe. Hulle was dus baie skepties teenoor die konsiliasiebeleid van Botha en kon nie die verlede so gou vergeet nie. (36)

/Op 'n.....

(34) Thompson: op. cit., p. 458.

(35) Vir genl. Botha se „Manifes” i.v.m. die Stigting van die Suid-Afrikaanse Nasionale Party sien Krüger: South African Parties and Policies, p. 48-50.

(36) Krüger: The Age of the Generals, p. 56.

Op 'n vergadering te Standerton op Woensdag 30 Junie 1910 het hy gepleit vir hierdie samewerking tussen die blanke bevolkingsgroepe. Hy het o.a. gesê: „Als het ons verlangen is om in Zuidafrika een gelukkige, bloeiende en tevreden bevolking te sien, dan moeten wij met een schoon blad beginnen. Wij hebben geen recht om onderscheid te maken tussen twee rassen en ik wens het mijn eigen party duidelijk te doen verstaan, dat ik onmogelijk de leiding van die partij op mij kan nemen, wanneer die partij zijn kracht zal zoeken in rassehaat... Het engelse volk en de Britse Regering vertrouwen ons en hebben een grote verantwoordelijkheid op onze schouders gelegd; wij dragen vandaag die verantwoordelijkheid en het wordt verwacht dat iedere man zijn plicht zal doen... Ik heb mij ernstig voorgenomen, om elke rassenhater, die ik in Zuidafrika ontmoet, tot het bittere einde te bevechten..., want het is mijn ideaal om uit de verschillende nationaliteiten, die in Zuidafrika verblijven een nieuwe natie te scheppen en aan te moedigen... Wij moeten niet vergeten, dat de Britse Regering een bron van kracht voor ons is in Zuidafrika, omdat zolang wij haar bescherming genieten er voor ons geen gevaar te vrezen is..., en daarom ben ik van opinie, dat het ongelukkig verleden ons niet moet weerhouden om de Britse bevolking in vele punten tegemoet te komen, ..." (37)

Uit hierdie aanhaling uit Botha se toespraak kan duidelik gesien word wat sy ideaal en beleid in die toekoms sou wees: ① Eerstens wou hy 'n verenigde Suid-Afrika bou uit altwee die blanke bevolkingsgroepe. Tweedens moes almal die verlede, en in besonder die oorlog, vergeet. Die laaste deel van sy toespraak het hy gewy aan die dankbaarheid wat Suid-Afrika aan die Britse regering moes betoon omdat hy so grootmoedig was om aan 'n voormalige vyand algehele selfregering te gee. Dit was Botha se konsiliesiebeleid, en hierdie ewige dankbaarheid aan Brittanje, was een van die groot redes waarom Botha en Hertzog later geskei het.

/Hertzog.....

(37) De Volkstem, 5 Julie 1910. (Woordelikse verslag van Botha se toespraak.)

Hertzog het gevoel dat hy geen dank aan Engeland verskuldig was nie, want wat die Imperiale Regering aan Suid-Afrika gedoen het, was geen gebaar van grootmoedigheid nie, maar slegs die nakoming van die belofte gemaak tydens die vredesonderhandelings. (38)

(2) Die pogings van die Engelse Pers om 'n wig tussen Botha en Hertzog te slaan.

Die uiterste Engelse seksie het hulle in Februarie 1910 verenig en die Unioniste Party gestig met dr. (later sir) Leander Starr Jameson, die voormalige luitenant van Cecil Rhodes, en berug weens die Jameson-inval, as leier. (39)

Tydens Botha se vergadering te Standerton het hy verder op 'n vraag wat die regering gaan doen omtrent Hertzog se Onderwyswet, geantwoord: „We are in favour of a child being taught through the medium of the mother tongue, and would advocate that this principle should be carried out as far as possible, even at greater expense to the state.” (40)

Die kommentaar van die Engelse pers op hierdie verklaring van Botha was dat hulle hoop dat hierdie nie slegs 'n tydelike beleid of verkiesingset van die Premier was nie, maar dat dit die toekomstige beleid van die regering sou wees. Almal sou dan verlig wees omdat die probleme in Suid-Afrika dan heeltemal vereenvoudig sou wees. „They would rather that the Nationalists win with a policy which abolishes Hertzogism and what it involves, that they themselves should win the other great party in the State (O.F.S.) still standing for Hertzogism ... He (Botha) has to choose between the support of Englishspeaking men disposed to vote for him, but who will not tolerate language coercion or the exclusion of British teachers, and that of a section of his own followers, headed hitherto by General Hertzog, who are reactionaries and impossible.” Daarna speel hulle weer op sy lojale gevoel teenoor

/Brittanje:.....

(38) De Vriend des Volks, 14 November 1905.

(39) Thompson: op. cit., p. 463.
Vir meer besonderhede oor die rol en beleid van die Unioniste gedurende die eerste algemene verkiesing raadpleeg Van der Schyff, P. F.: Die Unioniste in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1910-1921, p. 26-37. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling.)

(40) The Rand Daily Mail, 30 Junie 1910. (Inleidingsartikel).

Brittanje: „The pressure will become greater, until he finds it intolerable; whereas if he decides for the broader and better way he will both serve his country and the Empire." (41)

Hierdie oulike set van die Opposisie was om onenigheid tussen Botha en Hertzog te veroorsaak want sodoende sou hy die mag van die Afrikaners verdeel, want die Vrystaters sou ongetwyfeld Hertzog se kant kies. Hulle het ook geweet dat Botha nie die oorwinning in die verkiesing sou kon behaal sonder die steun van die Vrystaat nie.

Op Dinsdag 26 Julie 1910 het Botha sy kiesers in Yeoville, Johannesburg toegesprek en verklaar dat die Opposisie, en in besonder die Progressiewe Party, met sir George Farrar as leier, die Onderwyswet van Hertzog as wapen teen hom (Botha) in die verkiesing gebruik. Toe die Onderwyswet in die O.V.S. deur die Wetgewende Vergadering bespreek is, het almal, ook die Opposisie, met kol. Byron as leier, dit goedgekeur. Nou kom dieselfde persone en skreeu daarteen. Die heer D. W. Drew, wat die Onderwyswet in die Vrystaatse Wetgewende Vergadering ondersteun het, was nou die persoon wat dit die meeste aangeval het. Mnr. Drew was die uitvinder van die skelnaam „Hertzogisme."

Gedurende vraetyd het iemand in die gehoor aan Botha die vraag gestel waarom Hertzog in die kabinet opgeneem is, waarop eersgenoemde geantwoord het dat Hertzog „een voorman van zijn volk was en een der beste mannen uit de Vrijstaat." (42)

Na aanleiding van Botha se toespraak waar hyself verklaar het dat die Hertzog-onderwyswet op dwang noerkom en dat hyself daarteen gekant was, maar dat die regering niks daaraan kon doen nie, omdat hierdie aspek onder die jurisdiksie van die Vrystaatse Provinsiale Raad geval het, het die Engelse koerante hom hewig aangeval en gesê dat Botha dit altyd geweet het, maar nogtans het hy die Engelse om die bos gelei op

/31 Mei 1910.....

(41) Transvaal Leader, 1 Julie 1910. (Verslag).

(42) De Volkstem, 29 Julie 1910.

31 Mei 1910 toe Hertzog en Fischer in die kabinet opgeneem is. „Now he tells the public that the Union Government and Parliament can do nothing. He knew all this on May 31, and yet he offered two posts in his Cabinet to two men whose policy he abhors, while he left out men who stand for non-compulsory policy he advocated... Either General Botha approves Hertzogism in which case he should say so openly. Or he disapproves it- as we now know he does, as far as word goes - ." (43)

Die Unioniste het nou vir Botha openlik daarvan beskuldig dat die regering uit twee monde praat. Hertzog, 'n kabinetsminister, is 'n rassehater en wil Hollands op die Engelssprekendes afdwing, terwyl Botha self verklaar het dat hy geen dwang sou duld nie. H. Burton, minister van naturellesake, het Botha se kritici op 25 Julie 1910 te Venterstad (Kaap) geantwoord dat hy nou moeg was vir die woord „Hertzogisme", net soos hy moeg geword het vir „Krugerisme". Die meeste mense het glad nie geweet wat „Hertzogisme" beteken het nie, maar hulle het gedurig daarteen geskreu. Die beleid van die regering oor onderwys-sake was dié een wat Botha op 26 Julie 1910 op Johannesburg verkondig het. (44)

Die Unioniste, wat „Hertzogisme" en „rassehaat" as verkiesingswapen gebruik het, het werklik op hulle beurt alles probeer doen om „rassehaat" aan te wakker. „Hoe geheel anders treden de Progressiewe Partij op naar aanleiding van de Vrijstaatse onderwijswet! 't "Hertzogisme" word door hen geliefkoost en aangedikt tot 'n instrument, waarmee 't rassengevoel der bevolking moest worden opgewekt ten einde 'n stembus-overwinning te bevorderen." (45)

(3) Hertzog se Houding tydens die Verkiesingsveldtog.

/Hoewel.....

(43) Transvaal Leader, 13 Julie 1910.

(44) De Volkstem, 29 Julie 1910.

(45) De Volkstem, 5 Augustus 1910.

Hoewel Hertzog nie met Botha se konsiliasiebeloofde kon saamstem nie, het hy getrou aan sy belofte, sy volle steun aan 'n verenigde Suid-Afrika toegesê en het hy nooit probeer om tweedrag in die geledere van die Afrikaners te saai nie; intendeel, tydens sy verkiesingstoespraak te Smithfield op 19 Augustus 1910, het hy sy luisteraars aangespoor om Botha en die ander Afrikaanssprekende kandidate in die algemene verkiesing te ondersteun, toe hy o.a. verklaar het: „Siedaar die moderne Brits-koloniale politiek waarvan ons erfename geword 't. Sou die grote en edele Britse staatsmanne, wat here Chamberlain en ander deelnemers aan die misdadige oorlog opgevolg 't, nie by magte wees om die republieke in hulle vroeëre onafhanklikheid te herstel, het hulle ons tenminste datgene gegee wat die naaste aan onafhanklikheid is nl., die volle en vrye selfregering met toekenning van die status van gelykes binne die Imperiale Staatsverbond... die edelmoedige wysheid heeft ons versoek met ons groot verlies... en as ons dan nie langer vrye Republikeine kan wees nie, sal ons wees en bly Vrye Britte ... ons nooit tekort sal skiet nie in ons pligte teenoor Groot Brittanje solang ons, volgens die erkende beginsels van selfbestuur, die voorreg geniet om ons eie nasionale volksbestaan te handhaaf." (46)

Uit hierdie uitlatings van Hertzog blyk dit duidelik dat hy dankbaar was dat Engeland sy belofte gehou het om aan Suid-Afrika selfregering toe te ken. Dit was egter nie vir hom die belangrikste saak nie, maar slegs 'n stap verder om sy uiteindelijke doel te bereik nl. dat Suid-Afrika regeer moes word deur Suid-Afrikaners. Hoewel hy dus dank aan Groot Brittanje verskuldig was en ook die steun van die Vrystaters aan Botha in die komende verkiesing belowe het, was die belangrikste aspek van sy toespraak die feit dat sy beleid van „Suid-Afrika eerste" alreeds op hierdie stadium begin uitkristalliseer het.

/Hy belowe.....

(46) „Hier het hy dit" 'n Beknopte opsomming van Party-Politiek in Suid-Afrika gedurende die laaste kwarteeu. (Gepubliseer deur die hoofkantoor van die S.A.P. (s.j.) p. 8-9.

Hy belowe sy steun aan Botha om sodoende die Afrikaners te verenig in hulle stryd teen die indringers van buite, want slegs dan kon die belange van Suid-Afrika soëvier as hy rogeer sou word deur Suid-Afrikaners wat die belange van hulle vaderland eerste stel. Hy sou dus nooit sy verpligtinge teenoor Groot Brittanje vergeet nie, maar dan moes die Imperiale Regering ook nie sy verpligtinge versuim nie, nl. om die Afrikaners hulle eie nasionale volksbestaan te gun.

Tydens sy redevoering het Hertzog op die belangrikheid van die vergadering gewys want sedert Uniewording was daar 'n nuwe benadering oor die verhouding teenoor Engeland en die Britse Ryk. Betreffende selfregering aan Suid-Afrika, het hy die grootmoedige houding van wyle sir Henry Campbell-Bannerman geloof omdat laasgenoemde sy belofte nagekom het om aan Suid-Afrika selfregering toe te sê. Anders as Botha wy hy nie uit oor die ewige dank van Suid-Afrika aan Brittanje nie, maar vir hom was die grootste saak nou die taak wat voorgelê het. Omdat Suid-Afrika nou selfregering gekry het, was die Suid-Afrikaners alleen verantwoordelik vir hulle daad en aan niemand iets verskuldig nie. Slaag hulle in hulle proefneming, sou al die eer aan hulle alleen toekom. Daarna het hy sy beleid geskets wat hy deur sy hele loopbaan verkondig het, naamlik dat Suid-Afrika deur die Afrikaners geregeer moet word. Onder Afrikaners verstaan hy almal, Engels- of Afrikaanssprekendes wat Suid-Afrika as hulle vaderland beskou. „Doch hetzij de weg der zonde, hetzij de weg der wijsheid, wij zullen die naar eigen goedvinden en oordeel bewandelen, zonder dat iemand van buiten 't recht zal hebben zich met onze zaken in te mengen - de keizer slechts gelater wat des keizers is ... Die edelmoedige wijsheid heeft ons verzoend met ons groot verlies door 't fortuin des oorlogs geleden en zo wij niet langer vrije republikeinen mogen zijn, wij zullen vrije britten zijn en blijven en daarbij onze vrijheid met alle trouwheid en mannelikheid handhaven ..., dat de getrouwe nakoning onzer plichten jegens Groot Brittanje nooit ontbreken zal zolang wij 't voorrecht hebben langs de erkende weg der outonomie ons nationale heil te bewerkstellingen." (47)

/Daarna.....

Daarna het Hertzog die verkiesingsveldtog van dr. Jameson en die Unioniste heftig aangeval. Voor die samestelling van die Uniekabinet, tydens die samespreking in Kaapstad met lord Gladstone, het dr. Jameson belowe dat as die Unioniste nie in die kabinet opgeneem sou word nie, hy rassehaat in Suid-Afrika sou verkondig. Hy het sy belofte gehou en was gedurig besig om dit aan te blaas.

Dr. Jameson het ook beweer dat Hertzog tydens die Nasionale Konvensie ten gunste van 'n koalisieregering was. Dit was volgens Hertzog heeltemal onwaar en is slegs deur dr. Jameson opgehaal om tweespalt in die geledere van die Afrikaners te bring.

Na aanleiding van „Hertzogisme" en „rassehaat" het Hertzog vervolgs: „Op geen gebied is er sedert de oorlog een hateliker rol gespeeld, dan dié door de Jameson-partij met betrekking tot 't onderwijs in de Vrijstaat en norgens is de kwaadwilligheid en de haat der politieke faktie tegen de hollandssprekende Zuidafrikaner en zijn taal duideliker getoond en op 'n onboschaamder wijze aan de dag gelegd, steeds onder 't huigelachtig voorwendsel van de rechten der engelssprekenden te beschermen. Leugens, verdraai-ingen, valse voorstellingen, door hen uitgedacht en de wereld ingezonden, ziedaar de middelen door hen gebezigd om hun schaamteloze politiek van tweedracht en verdactmaking uit te voeren." (47a)

Hertzog het sy toespraak afgesluit en sy luisteraars die versekering gegoe dat daar geen onenigheid in die kabinet was, soos baie persone bewoer het nie. Almal was besiel om saam te werk behalwe die Opposisie, omdat hulle nie in die kabinet opgeneem is nie: „'t Moot 'n ieder, die 't wel moent met zijn land en volk, tot in 't diepste van zijn ziel grieven om te zien hoe rassonhaat wordt aangekweek door hen, die menen recht te hebben op drie zetels in 't ministerie en omdat zijn die niet gekregon hebben, zich gerechtvaardig achten om in een paar maanden te
/vernietigen,.....

vernietigen, waarvoor wij so lang en hard gewerkt hebben." (47b)

Die reaksie teen hierdie uitlatings van Hertzog word weerspieël in die Engelstalige dagblad: „At Smithfield the Minister of Justice worked himself into a fine frenzy over alleged "lying" statements in the Press, but he chose to ignore - because of his total inability to answer - the illuminating account of his misdeeds which was recently furnished by his ex-Director of Education ... General Hertzog's auspices has plunged the Orange Free State anew into all the miseries of a semi-racial feud; and which threatens at no distant date to embroil all South Africa ... General Hertzog's speech justifies the deep feeling of distrust with which he has come to be regarded by the Unionist Party throughout South-Africa, and stamps him beyond all doubt or question as the apostle and champion of the old fatal spirit of caste domination and exclusiveness." (48)

Die verkiesing is dus meer op taktiese as prinsipiële grondslag geveg - „even General Hertzog softpedalling on his favourite subjects" (49) sodat die regering 'n veilige meerderheid behaal het.

Een gebeurtenis wat uitgestaan het bo die gewone insidente gedurende die verkiesing, was toe Botha in sy eie kiesafdeling, Pretoria-Oos, waar hy al sy kragte ingespan het om sy kiesers te wen vir sy konsiliesie-beleid, deur sir Percy Fitzpatrick verslaan is. (50) Die feit dat Botha hierdie neerlaag moes ly, het hom byna daartoe gedryf om as premier te bedank. (51)

Weer eens het Botha sy lot by pres. Steyn gaan bekla nadat die uitslae van die verkiesing bekend geword het. „'Hertzogisme' is er bepaald de oorzaak van dat wij hier zes zetels hebben verloren ... Ook

/mijn.....

(47b) Ibid., 23 Augustus 1910.

Hier het jy dit, 'n Beknopte opsomming van Party-Politiek in Suid-Afrika gedurende die laaste kwarteeu. Gepubliseer deur die hoofkantoor van die S.A.P. (s.j.) p. 9. (Hertzog-Versameling).

(48) The Star, 22 Augustus 1910. (Inleidingsartikel).

(49) Pirow, Oswald: op. cit., p. 53.

(50) The Transvaal Leader, 16 September 1910.

(51) Brief van Botha aan pres. Steyn, d.d 21 September 1910, aangehaal by Van der Merwe: op. cit., p. 241.

mijn eigen nederlaag is bepaald daaraan te wijten en het is aan het geroep van Hertzogisme toe te schrijven dat verscheiden van mijn Engelse vrienden op 't laatste oogenblik omdraaiden en tegen mij stemden." (52)

'n Meer aanneembare rede was miskien die verklaring van „Knop“, in sy gereelde artikel „Knop O'er Landsake“ wat in die „Volkstem“ verskyn het. Volgens hom is die rede vir Botha se neerlaag in Pretoria-Oos die feit dat daar baie meer Engels- as Afrikaanssprekendes in die staatsdiens was. Botha het ook altyd op hierdie feit geroem, en nou het dit sy eie ondergang veroorsaak, want die Afrikaanssprekendes was al lankal ontevrede oor dié onregverdige toedrag van sake. (53)

(52) De Volkstem, 20 September 1910.

(53) Ibid.

HOOFSTUK III

- (a) Hertzog se optrede as Kabinetsminister. Botsing met kol. Crewe tydens eerste sitting van die Unie-Parlement.

Toe die eerste Unie-Parlement in November 1910 bymekaar kom, het dit dadelik geblyk dat die Opposisie nog glad nie hulle griewe teen Hertzog vergeet het nie. (1)

Op 24 November 1910 het kol. C. P. Crewe, L.V. vir Oos-Londen, 'n mosie ingedien waarin hy beswaar maak teen die Onderwyswet van die Vrystaat. Die mosie het as volg gelui: „That in the opinion of this House the provisions of the Orange Free State Education Acts are in conflict with the principles of freedom and equality of opportunity embodied in the South African Act 1909, inasmuch as such provisions compel children to receive instruction through the medium of both English and Dutch, constitute an infringement of the rights of parents, operate unfairly against certain sections of the teaching staff, makes it impossible to obtain any adequate number of efficient teachers, tend to accentuate racial divisions and inflict grave injury upon the education of the country.” (2) Crewe het verklaar dat hy wel deeglik besef het watter verantwoordelikheid hy op sy skouers neem om hierdie veelbesproke saak aan te haal, maar hy kon nie langer die dwang van tweetaligheid duld nie. As daar nie openlik teen hierdie wet van Hertzog beswaar gemaak word nie, sou almal dink dat die Opposisie daarmee saamstem, wat glad nie die geval was nie. Indien die regering 'n oplossing vir hierdie twispunt sou probeer soek, sou hy heelhartig deur die Opposisie ondersteun word. Hy dring daarop aan dat die regering tussenbeide tree en dadelik iets aan die saak doen.

As Hertzog nog verder toegelaat sou word om sy sin te kry, sou die
/onderdrukking.....

(1) Van den Heever: op. cit., p. 283.

(2) Union of South Africa. Debates of the First Session of the First Parliament of the House of Assembly 1910-1911. (31st October, 1910, to 25th April 1911), Cape Times Ltd., Kaap Stad, p. 264-268. Sien ook Pirow, O: James Barry Munnik Hertzog, Cape Times Ltd., Parow, Kaap, s.j., p. 54.

onderdrukking van Engels soos die geval in die Vrystaat was, deur die hele Suid-Afrika versprei. Kol. Crewe se argument was dat dit aan die ouers oorgelaat moes word om self te kies in watter medium hulle kinders onderrig moes word. Dan sou daar baie minder spanning en politieke onenigheid in die land heers. (3)

Daarna het sir Percy Fitzpatrick gesê dat hy glo dat Hertzog dit opreg bedoel het met sy Onderwyswet, maar waarom moes 'n beslissing van 'n minderheidsgroep op die hele bevolking afgedwing word? Omdat tweetalige persone skaars was, was dit noodsaaklik om eentalige onderwysers aan te stel. (4)

Na Fitzpatrick se betoog het Hertzog kol. Crewe bedank vir sy mosie. Betreffende die minderheidsbeslissing oor die Onderwyswet, het Hertzog gesê dat 95% van die Vrystaters die wet ondersteun. Daar kon dus goen sprake wees van 'n minderheid wat hierdie wet in die meerderheid se kele wou afdruk nie; voorts was daar weinig mense wat werklik vertrouwd was met die inhoud van die Onderwyswet, nogtans was hulle die eerste om daarteen beswaar te maak en so was daar nog baie oningeligte kritici.

Hertzog het verklaar dat hy bereid was om vir die O.V.S.-onderwyswet aan ondersoek te onderwerp om enige teenstrydigheid uit die weg te ruim, maar dan moes die ander provinsies bereid wees om dieselfde met hulle onderwyswette te doen. Die wyse waarop die Vrystaatse Onderwyswet vir politieke agitatie aangewend word, was skandelik. Hertzog was nog besig met sy toespraak, toe die debat verdaag is tot die volgende dag. (5)

Op 25 November het Hertzog sy volledige antwoord op kol. Crewe se mosie gelewer waarin hy die besware van die Opposisie in flarde geskeur het.

/Wat betref.....

(3) Het Volksblad, 25 November 1910.

(4) Het Volksblad, 25 November 1910. (Hier het Hertzog verwys na die invoer van Engelse, Skotse en Ierse onderwysers).

(5) Het Volksblad, 25 November 1910.

Wat betref een - of tweetalige onderwysers, het Hertzog verklaar dat die meeste Hollandssprekende onderwysers wel Engels magtig was, maar dat die ingevoerde Engelse en Skotse onderwysers glad nie Hollands kon praat nie. Aangaande die dwangaspek, was dit juis die Onderwyswet van Smuts in Transvaal wat die onderrig van Engels gedwonge gemaak het. Hiêrdie Onderwyswet word egter deur die Opposisie bewonder omdat dit hulle pas! In die Vrystaat was daar geen dwang nie, want Engels en Hollands word gelyk behandel, maar dit word deur die Opposisie afgekeur. Kol. Crewe se besware was dus glad nie gegrond nie.

Aangesien die praktyk bewys het dat daar heelwat gemengde klasse in die skole bestaan, was dit noodsaaklik dat tweetalige onderwysers aangestel word. In 'n land soos Suid-Afrika, waar almal moes saamwerk, moes kinders Engels sowel as Hollands aanleer anders kan hulle nie volwaardige burgers van die land wees nie; anders sou Botha se beleid van samesmolting van die twee blanke groepe op 'n klug uitloop!

Daarna het Hertzog noukeurig 'n vergelyking tussen die O.V.S., Transvaal, Natal en Kaapse onderwyswette getref en gevra waarom kol. Crewe slegs na die Vrystaatse wet verwys het. Die mosie van kol. Crewe was belaglik, want die O.V.S. was die enigste provinsie waar volkome tweetaligheid gehandhaaf word, en dit was tog immers wat almal wou gehad het.

Die klagte van kol. Crewe dat die regte van die ouers in die O.V.S. geskend word, is deur Hertzog verwerp en hy het ook gesê dat die Provinsiale Raad verantwoordelik was vir onderwys; dat ouers nêrens seggenskap in die leerplanne van skole gehad^{het} nie, waarom dan in die Vrystaat? Skooldwang is deel van die opvoeding en tweetaligheid is net so 'n vereiste soos Matesis, Latyn of enige ander skoolvak. (6)

Hy het ook daarop gewys dat van al die provinsies, die O.V.S. die
/enigste.....

(6) Vir Hertzog se volledige toespraak raadpleeg Parliamentary Debates, p. 302-342.

enigste was wat 'n opvoedkundige beleid gehad het wat voldoen het aan Artikel 137 van die Suid-Afrika Wot, en dit, ten spyte van die feit dat in slegs vyf van die 400 skole in die Vrystaat, Engelssprekende kinders in die meerderheid was. Hertzog het verder gegaan en gevra waarom die Engelssprekendes, as hulle nie tevrede was met die bepalinge van Artikel 137 nie, daarvoor gestem het tydens die Nasionale Konvensie? (7)

Die besware teen kol. Crewe se mosie is dus een vir een deur Hertzog uit die weg geruim en die onnodigheid van die hele aangeleentheid, om weer eens ou koeie uit die sloot te grawe en die taalkwessie, wat al soveel onenigheid veroorsaak het, vir die soveelste keer te berde te bring, was nie alleen buitensporig nie, maar totaal ongevraagd.

Afgesien van die onsmaaklikheid van hierdie debat, het Hertzog daarop gewys dat die sentrale regering geen jurisdiksie het om oor onderwys sake van die provinsies te besluit nie. „... This is a law of a Province; and under the circumstances of that Province; it may have been as well justified as our law in the Free State or any other law. The question was, he continued, whether this was to be held up as a model law for the Union by earnest men trying for a solution.” (8) Hierdie opmerking van Hertzog bewys weer eens sy skerpsinnige redeneringsvermoë. Deur hierdie argumente het hy nie alleen onteenseglik bewys dat kol. Crewe se mosie onvanpas was nie, maar hy het al sy hoorders daarvan oortuig dat die Vrystaatse onderwyswet 'n model behoort te wees vir die ander provinsies omdat dit die enigste was wat beantwoord het aan die beginsel van taalgelykheid - soos neergelê in die Grondwet.

Botha was nou in 'n penarie, want alles wat Hertzog gesê het, was waar, tog het hy nie durf saamstem nie. Aan die ander kant moes hy ook die Opposisie probeer paai en poog om 'n oplossing te vind. Dit was die taak van die parlement om die land vir goed te red van die taalkwessie. Botha het egter besef dat die Opposisie die onmoontlike verwag as hulle

/die Vrystaatse.....

(1) Het Volksblad, 25 November 1910.

(8) Parliamentary Debates, p. 310-311.

die Vrystaatse Onderwyswet geheel wou verander. Daarom het Botha 'n voorstel ingedien dat 'n Gekose Komitee aangewys word om die onderwyskwessie in al die provinsies na te gaan. (9)

Na hierdie skitterende redevoering van Hertzog, het die ander provinsies begin besef dat hulle nou 'n persoon gevind het wat die belange van die Afrikaners openlik in die parlement behartig: „Eindelik hebben hollands-sprekenden Afrikanders dan 'n voorman gekregen in generaal Hertzog, die, inzake onze Zuid-Afrikaanse taal-aangeleentheden, niet alleen weet wat hij wil, maar aan innige belangstelling voor de taal-rechten zijner landgenoten ook de kennis paart om daaraan bevorderlik te wezen. 't Is eigenlijk 'n beetje onverklaarbaar, als, men 't zo nagaat, dat ons volk zo 'n voorman niet vroeger reeds gegeven werd. Want waar wil men, onder al de vele dingen die de aandacht bezighouden van grote patriotten, 'n edeler en grootser zaak hebben om z'n krachten aan te wijden, dan dié van de taal van ons Volk? ... Voor 't tegenwoordige zulle alle Afrikaners, die liefde en oerbied bezitten voor hun Moedertaal, dankbaarheid gevoelen, on begripen wat nationale trots is, wanneer zij de verdediging lezen van hun goed recht door generaal Hertzog geleverd... Er is veel goed geboren uit wat niet zo goed bedoeld was!" (10)

(b) Die stigting van die Zuid-Afrikaanse Nasionale Partij.

Dit was opmerklik dat die Opposisieparty hulle kragte geamalgameer en die Unioniste (11) party gevorm het, terwyl die Afrikanerparty in die provinsies besluit het om elkeen sy identiteit te behou tot na die algemene verkiesing om dan die saak in herooring te neem. Die „Orangia Unie" was veral baie versigtig om nie sy politieke organisasie prys /te gee nie,.....

(9) Die Komitee het bestaan uit F. S. Malan, Hertzog, genl. C. Boyers, C. L. Botha, kol. C.P. Crewe, Sir P. Duncan, H. E. S. Fremantle en J. B. Robinson.
De Volkstem, 29 November 1910.

(10) De Volkstem, 29 November 1910.

(11) Vir meer besonderhede oor Unioniste raadpleeg Van der Schyff: op. cit., p. 28-30.

te gee nie, want hy het nie vir Botha volkome vertrou nie, veral nie na sy vriendskaplike verhouding met dr. Jameson nie. Nogtans het die party belowe om sy steun aan Botha in die algemene verkiesing toe te sê, maar dan slegs op dié voorwaarde dat hy sy eie kandidate in die Vrystaat stel - hy het dus as die „Orangia Unie" aan die verkiesing deelgeneem. (12)

Alreeds voor die algemene verkiesing is die gedagte uitgespreek dat al die Afrikanerpartye moes saamsmelt om 'n nasionale party te vorm wat almal se belange kon behartig. Nadat Botha sy kabinet saamgestel het, het hy probeer om hierdie gedagte verder uit te bou. Tydens 'n vergadering in Pretoria (13) waar Smuts, Fischer, Hertzog, Sauer en Graaff ook teenwoordig was, het Botha die hoop uitgespreek dat die ou partye nie meer sou voortgaan om te bestaan nie en dat almal moes saamwerk om een groot party te vorm, wat die „Zuid-Afrikaanse Nasionale Partij" genoem sou word. Botha se voorstel is nie baie entoesiasties ontvang nie en daar is niks verder aan die saak gedoen voor die verkiesing nie. (14)

Botha was egter vasbeslote om hierdie plan deur te voer en belê so 'n vergadering in Bloemfontein op 21-22 November 1911. Hierdie stigtingsvergadering het bekend gestaan as „Het Nasionale Kongres". (15) Op die verhoog was die volgende persone teenwoordig: genl. Louis Botha (leier), genl. De la Rey, Schalk Burger, H. Burton, A. Fischer, kol. Leuchars, sir David Graaf, F. S. Malan, sir Edward Solomon, M. L. van Heerden, J. C. Smuts en J. W. Sauer.

Nadat Botha as voorsitter van die vergadering verkies is, het hy die [†] 650 afgevaardigdes toegesprek en verklaar dat dit die grootste eer van sy lewe was om daardie vergadering te kon lei. Volgens hom was daar nog nooit in Suid-Afrika so 'n verteenwoordigende vergadering byeen nie: „Never before in the history of South Africa have Englishmen
/and Boers.....

(12) Vir meer besonderhede sien Van den Heever: op. cit., p. 275-276.

(13) Hierdie vergadering is gehou op 14 Junie 1910 in die Operagebou, Pretoria.

(14) Thompson: op. cit., p. 461.

(15) Jacobs: op. cit., 358.

and Boers been able to meet in a gathering such as this... Every corner of South Africa is represented here to-day and everyone is here with the same object - viz. of forming one great South African Party..." (16)

Botha het hier weer eens sy beleid van konsiliasie verkondig en gesê dat dit 'n dwase beleid was om die twee taalgroepe afsonderlik te laat ontwikkel. Hier het hy verwys na Hertzog se beleid van parallelle ontwikkeling van die twee blanke groepe: "... To my mind, gentlemen, there are two roads open to our people, and very much depends on the road that is taken. First, there is the road which leads to co-operation and the formation of a single South African nationality of the white population of our country... This stream of mutual approach has become, and is becoming from day to day and from year to year, stronger and stronger, and I am convinced that that stream will become so strong and so resistless that it will sweep ruthlessly out of its way everything that stands in the way of mutual approach and conciliation of the two white sections of our inhabitants. There is a second road, the road leading to isolation, the separation of the white races. Some people still desire to take that road and think along that road language and traditions would better be kept alive." (16a)

Hierdie toespraak het baie duidelik aangetoon dat Botha nog altyd gehoop het op 'n verenigde Suid-Afrika, wat uiteindelik uit een nasie sou bestaan. Sy „eenstroom-beleid" vorm hier 'n sterk kontras teen Hertzog se latere „tweestroom-beleid". Daarna het pres. Steyn sy beroemde toespraak oor samewerking en die verkryging van 'n verenigde Suid-Afrika gelewer. Hy was ook verheug om sy ideaal, naamlik 'n groot party waarin almal opgeneem kan word, verwesenlik te sien word. In sy kragtige boodskap aan die volk van Suid-Afrika, het hy op hulle 'n beroep gedoen om die hand van vriendskap en broederskap na die ander blanke bevolkings-
/groepe.....

(16) The Star, 21 November 1911.

(16a) Ibid.

groep te reik, maar dat hierdie samewerking gebaseer moes word op wedersydse respek en gelyke regte vir almal. Wat hom so optimisties gestem het, was die feit dat die vergadering saamgestel was uit verskillende groepe, maar dat almal eens gevoel het oor' één saak, naamlik dat die belange van Suid-Afrika by hulle eerste gekom het en dat hulle vaderland vir hulle dierbaar was. (17)

Daarna is 'n mosie aangeneem dat die woord „Nationale" uit die naam weggelaat moes word omdat hierdie benaming alreeds baie onpopulêr geword het. (18)

Op Woensdagmiddag het Hertzog aan die woord gekom en gepraat oor die nuwe era wat Suid-Afrika nou binnegegaan het deurdat al die partye wat die belange van hulle vaderland op die hart gedra het, besluit het om hulle te vereenselwig met die „Zuid-Afrikaanse Partij (Z.A.P.)". Omdat sy taal vir hom so belangrik was, opper hy weer eens die saak van die Vrystaatse Onderwyswet en toon hy aan almal teenwoordig dat hy nie bereid was om dit wat alreeds bereik was, te laat vaar nie en dat hy die versekering wou hê dat daar nie met taalregte van die Afrikaners gepeuter gaan word nie. „Gij hebt de verklaring gehoord, afgelegd door genl. Botha aan 't begin van het Kongres, dat de Provinciale Raad - of liever de Uitvoerende Raad - van de Vrijstaat van plan is, de Onderwijswet van deze provinsie te wijzigen. De wet is geliefd in de Vrijstaat, zoals mischion geen andere wet in enige andere kolonie, doch de Vrijstaat zich verlatende op de goeie trouw en oprechtheid van ons nieuw geboren volk is, terwille van de Engels- en Hollandssprekende Afrikaners, gereed om afstand te doen van de veiligheid die ons onder de wet is gewaarborgd wat betref de handhaving van onze hollandse taalrechten, teneinde onder Afrikaners te verkrijgen die geest welke ons als volk alleen groot kan maken." (19)

/Hy gaan.....

(17) Vir 'n volledige weergawe van pres. Steyn se toespraak raadpleeg Van der Merwe: op. cit., p. 248-251.

(18) Jacobs: op. cit., p. 358.

(19) Notulen van het Nationale Kongres gehouden in de Ramblers Zaal te Bloemfontein op Dinsdag en Woensdag 21 en 22 November 1911, Volkstem Drukkerij, Pretoria, 1912, p. 20. (Hertzog-Versameling).

Hy gaan voort: „... What I have felt for a considerable time past and what I fought for, is this, that the time has arrived for us South Africans, no matter whether we are Dutch-speaking or English, to see that we recognise this fact, that so long as we stand apart, and try to get good by different means we must expect that the greater part of that which we as a nation have to accomplish will not be done by us." (20)

Die Engelse pers was hierdie kongres glad nie goedgesind nie want hulle het wel deeglik besef dat hulle nou teen 'n sterker verenigde front sou moes veg, omdat die Afrikaans- en gematigde Engelssprekendes nou almal saam sou staan in die Z.A.P., en daarom probeer hulle nou al verdeeldheid in hulle geledere skep. „... Should any of our readers be foolish enough to jump to the conclusion that the S.A.P. will be fundamentally different from the old organisations which it absorbs and which form its backbone, they have only to turn from the address of the Prime Minister to the speeches in which ex-President Steyn, General Hertzog and Mr. Sauer blessed the new party machine... Then General Hertzog, who is no more inclined than his real chief and ally to "compromise on principles", made it hardly less plain than he has acquiesced in the breaking up of his own particular educational system, because he has obtained or sees a reasonable chance of attaining by other means all that he has been striving for." (21)

Die Engelstalige pers wou dus die Engelssprekendes wat by die Z.A.P. wou aansluit, daarteen waarsku. Verwysende na Botha se beroep dat almal in Suid-Afrika moes saamstaan, nie net vir politieke gewin nie, maar vir die belange van die hele Suid-Afrika, gaan 'n Johannesburgse oggendblad voort: „... This is democratic government according to the Steyn - Hertzog - Botha patent! ... Most admirable sentiments! Most familiar sentiments!" (22)

/Hierdie.....

(20) The Star, 23 November 1911.

(21) Ibid.

(22) Ibid., 25 November 1911.

Hierdie optrede van Hertzog was belangrik omdat dit weer eens sy beleid van moedertaalerkenning neem as uitgangspunt vir sy hele politieke denke. Dit staan ook direk in teenstelling met Botha se beleid van konsiliassie. Hier vind ons die kern van die verwydering tussen Botha en Hertzog wat uiteindelik uitgeloop het op die kabinetskrisis.

(c) Die begin van die krisis.

Onmiddellik na die beëindiging van die parlementêre sessie in April 1911, het Botha na Londen vertrek vir die Statobondskonferensie. Nadat hy in Engeland van alle kante geloof is vanweë sy sukses met die samestelling van die eerste Unie-Kabinet, het hy uit dankbaarheid verklaar dat Suid-Afrika 'n groter bydrae tot die Britse vloot sou lewer, en dat Britse emigrante d.m.v. Suid-Afrikaanse kapitaal en staatsondersteuning na die Unie kon kom. Deur hierdie verklaring het Botha die Afrikaners nog meer oortuig laat voel dat hy besig was om 'n Britse imperialis te word. (23)

Op 21 Julie 1911, terwyl Botha nog in Londen was, het Hertzog 'n vergadering in Johannesburg gehou, sy eerste sedert hy 'n kabinetsminister geword het. (24)

Hy het aan sy gehoor verduidelik dat hierdie voorneme van Botha die gevolg was van druk op hom uitgeoefen deur die Randse kapitaliste. Botha speel dus nie slegs in die hande van die Britse Imperialo beleid nie, maar hy laat hom al meer en meer beïnvloed deur die Opposisie.

Die Engelse pers in Suid-Afrika het, na aanleiding van Hertzog se aanval op Botha gesê: „We sympathise with General Botha in the awkward predicament in which the latest utterances of the "enfant terrible" (Hertzog) of the family party has placed him. ... The General does not say - he probably dare not say, because he lacks his subor-

/dinate's.....

(23) Pirow. O. J. B. M. Hertzog, p. 55.

(24) Neame. L. C.: General Hertzog, The Anchor Press, Tiptree, Essex, Engeland, s.j. p. 107.

dinate's moral courage - that in this instance General Hertzog's opinions are not those of the Cabinet or of any other member thereof with the possible exception of Mr. Abram Fischer." (25)

Pres. Steyn, die raadgewer van baie Afrikaners waaronder Hertzog, Botha en Fischer, het hierdie nuwe ontwikkelinge met agterdog bejeën. Hy het geweet dat die houding van Botha onvermydelik daarvoor verantwoordelik sou wees dat daar 'n skeuring in die Zuid-Afrikaanse Partij sou kom, en dit moes ten alle koste verhoed word.

Tydens die Sesde Jaarlikse Kongres van die „Orangia Unie" gehou te Bloemfontein op 7 Junie 1911, het hy sterk teen die anti-Hertzog-agitasie te velde getrek en die woord „Hertzogisme" bestempel as „'n woord dat niets anders betekend dan absolute gelykheid gepaard met mannelike standvastigheid." (26) Die Vrystaat was nog altyd bereid om saam te werk, maar slegs onder die verstandhouding dat artikel 137 van die Grondwet noudeset nagekom word. Die aanname van art. 137 het die totstandkoming van die Unie moontlik gemaak en daarom moes die regering dit eerbiedig.

Met verwysing na die voorstel van kol. Crewe op 24 November 1910 en die daaropvolgende voorgestelde wysiging van die Vrystaatse Onderwyswet deur die Gekose Komitee (27), meen pres. Steyn dat die Parlement op gevaarlike terrein beweeg, want volgens die Unie-Grondwet moes onderwyssake in beheer van die Provinsiale Rade wees. Dit was dus verbasend dat die Parlement aan die hand kon doen dat die Vrystaat eerste sy onderwysbeleid moes wysig om die ekstreemste hulle sin te gee. Pres. Steyn gaan voort: „De Orangia Vrijstaat heeft nog nooit in de weg gestaan van de samenwerking van Zuid-Afrika. Het zal het nu ook niet doen: maar een ding is zeker. Wij laten ons niet dwingen. Art. 137 heeft mogelijk gemaakt dat de Unie tot stand kon komen. Op grond daar-

/van zijn.....

(25) The Star, 24 Julie 1911.

(26) De Volkstem, 9 Junie 1911.

(27) Vir die volledige verslag van die Gekose komitee ingelewer deur F. S. Malan op 24 April 1911, sien Parliamentary Debates, p. 2886-2894.

van zijn de Orangia- Vrijstaat, de meerderheid in de Transvaal en de Kaapkolonie tot Unie toegetreden. Art. 137 betekent niets meer, maar ook niets minder, dan dat de Hollandse taal even effektueel als de Engelse taal de officiële taal zal zijn." (28)

Dat Hertzog nie langer met hierdie konsiliesiebeleid van Botha kon saamgaan nie, blyk uit 'n brief wat Hertzog aan pres. Steyn geskryf het. Hoe ver dinge al gevorder het, blyk uit sekere aanhalings uit hierdie brief. „Men heeft mij medegedeeld dat er 'n sterke beweging op touw is om mij te naderen met 't verzoek de leiding ener nieuwe partij op mij te nemen. U kent mijn gevoelens. Ik heb dadelik gezegd dat ik het noodlottig zou beschouwen indien enig iets werd gedaan waardoor verdeeldheid in onze partij werd veroorzaakt, en heb dus sterk aangeraden niets in de richting voorlopig te doen, maar dat men de Regering behoorlik tijd geven... Hoe dit ook zij, u ziet hieruit wat gaande is. Ik wil mijne kollega's niet dislojaal zijn, maar lang kan het niet voortgaan zoals gedurende de laatste 11 maanden is toegegaan. Gaat men voort op de oude wijze om de belangen van het volk te verontachtzamen en op te offeren ten einde populariteit bij de tegenpartij te behalen, zal ik bepaald eersdaags moeten weigeren om er langer aan deel te nemen." (29) Met ander woorde Hertzog was nie meer bereid om die konsiliesiebeleid van Botha te ondersteun nie.

Hier is dus alreeds die gedagte gebore om 'n nuwe politieke rigting in te slaan, maar Hertzog wou nog nie daaraan dink nie omdat hy bang was vir verdeeldheid in die Afrikaners se geledere. Hy was egter van voorneme om nie langer die beleid van Botha te ondersteun nie; hy sou liever bedank as kabinetsminister. Tydens 'n vergadering te Germiston op 5 Desember 1911 het Hertzog aan sy gehoor verduidelik dat

/hulle toestande....

(28) De Volkstem, 9 Junie 1911; sien ook Van der Merwe: op. cit., p. 253.

(29) Brief van Hertzog aan pres. Steyn d.d. 13 Mei 1911, aangehaal by Van der Merwe: op. cit., p. 255. (Die laaste deel van die sin is deur skrywer onderstreep om aan te dui hoe vasberade Hertzog nou geword het).

hulle toestande in Suid-Afrika deeglik in oënskou moes neem en analiseer. Hier verkondig hy sy beroemde „tweestroom-beleid“, dieselfde wat hy tydens die stigtingskongres van die Z.A.P. (21-22 November 1911) te Bloemfontein gestel het en wat direk teenstrydig met Botha se „eenstroom-beleid“ was. Hy verklaar o.a. „... They had two streams of life in South Africa. On the one hand were the old Dutch-speaking South Africans right through the country. Then they had the old English population in South Africa. That portion of the English-speaking population had, like the Dutch people, been long in the country and they felt themselves at home in this land. They also had no other country... But there was a third class in South Africa. It was formed of persons who were not yet what he (the speaker) called South Africans. It was a class which was here with good intentions, but it had not made itself at home, and had not, as yet, joined the ranks either of the old Dutch or the old English portions, and it felt that it was ready to shake the dust of the country off its feet whenever those things from which it drew benefits existed no longer.“ (30)

Hierdie verklaring, soos hierbo gemeld, was dus in direkte teenstelling met Botha se konsiliatiebeleid en daarom gebruik die Opposisiepers dit as wapen om skeuring tussen Hertzog en Botha en ook die Z.A.P. teweeg te bring. Hulle verdraai ook heeltemal Hertzog se uitlating oor die derde stroom persone wat net na Suid-Afrika gekom het om 'n fortuin te maak, en wanneer die geleentheid daartoe nie meer bestaan nie, die stof van Suid-Afrika sal afskud. „... it would fill one with despair for the future of South Africa, coming from a man holding a responsible position in the Government ... Now if General Hertzog were not appallingly ignorant, or profoundly illogical, he would never dream of applying the terms "parasite" and "sycophants" to the handful of wealthy men who have thrown in their lot with the Unionist Party ... As to the intolerance of the speech, it is enough to point to the undercurrent of

/antagonism.....

antagonism to the immigrant which pervades the Germiston utterance.

"Africa for the Afrianders" is clearly still the dominant impulse in the policy of the most virile leader of the South African Party." (31)

Op 5 Oktober 1912 kon Hertzog sake nie meer duld nie en tydens 'n toespraak in die Poll's Hotel, Nylstroom, lewer hy 'n bitsige aanval op die Opposisie, veral die Unioniste. Hy verduidelik dat die Z.A.P. daargestel is om (1) hulle eie doelstellings te bereik en (2) om die Opposisiepartye te verhoed om hulle doel te bereik. Hulle moes nie die regte wat hulle alreeds bereik het, verwaarloos nie, hulle moes nie verflou in hulle belange nie, maar moes nog altyd daarvoor veg. „Eer-gevoel verplicht het volk, zijn taal te handhaven. Daarom zal men volhouden tot 't uiterste. Het is geen kwestie van vorm alleen... Niemand heeft 't recht afstand te doen van volksrechten en taal, zonder verrader te zijn... Niemand kan iets vreemds zich toeëigenen en 't zijne noemen ... De eerste vraag moet steeds zijn: "Wat zijn de belangen Z.A.?" Kol. Byron heeft als hoofdklacht tegen spr. (Hertzog) en gelijkdenenden dat spr. de Afrikaner baas wil maken, overal. Ja, Kol. B. heeft volkomen gelijk. Het is spr's streven geweest, en zal het blijven. In Z.A. is de Afrikaner baas en zal hij baas spelen. Hij zal blijven bestrijden dat de belangen van Z.A. worden waargenomen door Kol. Byron en vreemde fortuinzoekers van zijn soort. Jaren lang is 't al 't ongeluk geweest dat Z.A.'s belangen behartigd zijn door vreemde fortuinzoekers als Kol. Byron, Dr. Smartt e.a. Dr. Smartt is zo min 'n Afrikaner als toen hij twintig jaar geleden voet aan wal zette doch hij posseert als Afrikaner." (32)

Hy het ook verduidelik wat hy onder die begrip „Afrikaner" verstaan. Dit was diegene, Afrikaans- sowel as Engelssprekendes, wat deur die bodem, verlode en ook tradisies in hierdie land gewortel was. Die Afrikaanse en Engelse stroom moet langs mekaar vloei, elkeen in sy eie /rigting.....

(31) The Star, 6 Desember 1911.

(32) De Volkstem, 8 Oktober 1912.

rigting. Miskien sal hulle eendag in die toekoms saamvloei. As dit sou gebeur, sal alleenlik die persone wat Suid-Afrika eerste stel, in so 'n gesamentlike stroom opgeneem word. Dit was ook die enigste waarborg dat so 'n stroom sal kan voortbestaan as almal saamwerk. (33)

In verband met immigrasie, val Hertzog vir kol. Byron aan dat hy geen geld wou bestee aan boere wat geen plase besit nie, maar sedert 1902 is daar £1,351,421 bestee om 633 immigrante op staatskoste in te bring. (34)

Soos te verstane, was die reaksie op hierdie uitlatings van Hertzog oorweldigend en het die Opposisiepers dit heeltemal verdraai. „Tans is meer dan duidelik gebleken hoe onrechtvaardig 't lawaai is geweest van de oppositie-pers, en van sommigen hunner politici; en moet tans 't leven dat men grover maakte toch wel 'n beetje beschamend aandoen! Toch schept men er nog 'n kinderlik behagen in om bv. genl. Hertzog's verklaring zijner opvatting van 't woord "Afrikaner" d.w.z. dat Afrikaners van beide rassen en geen vreemdelingen Zuidafrika behoren te regeren, - in sommige persorganen uit te leggen als bedoelende dat "slechts hollandse-Afrikaners de baas moeten wezen." (35)

Die Engelstalige pers se reaksie op Hertzog se Nylstroom-toespraak was as volg: „The political fight was no longer between English-speaking and Dutch-speaking South Africans, but between these two on the one hand and foreign, mostly English-speaking, adventurers on the other," as hulle Hertzog se uitlatings korrek interpreteer. (36)

Die stryd waarin Suid-Afrika gewikkel was, was nie dié tussen die Afrikaans- en Engelssprekende nie, maar tussen beide aan die een kant en die vreemde, veral Engelse, fortuinsoekers aan die ander kant. Dit was Hertzog se beroemde „tweestroom-beleid" en ook die grootste gedagte

/wat hy aan.....

(33) Van den Heever, op. cit., p. 311.

(34) De Volkstem, 8 Oktober 1912.

(35) Ibid., 15 Oktober 1912.

(36) The Star, 5 Oktober 1912.

wat hy aan Suid-Afrika geskenk het. Sy hele latere politieke optrede vloei logies hieruit.

Die volgende Saterdag, 12 Oktober 1912, het Hertzog in sy kiesafdeling, Smithfield, weer 'n vergadering toegesprek en, ten einde misverstand te voorkom, het hy herhaal wat hy die vorige Saterdag op Nylstroom gesê het. Hy het egter verder gegaan en die naturellebeleid van die regering verdoom omdat daar slegs wette gemaak word om die probleem tydelik op te los en daar glad nie aan die toekoms van blank Suid-Afrika gedink word nie. As daar voortgegaan sou word deur die regering om blank en nie-blankes deurmekaar in dieselfde gebiede te huisves, sou Suid-Afrika nie meer lank blank wees nie, en wat sou van die land word as die blankes Suid-Afrika verlaat? Die stelsel in die Kaapprovinsie, waar die naturelle baie voorregte geniet het, was goed, maar die O.V.S. se beleid van aparte grondgebiede was die beste. Die passtelsel, waarteen so baie persone gekant was, was die beste, nie alleen vir die naturelle nie, maar hoofsaaklik vir die veiligheid van die blankes. Weens die praktiese onuitvoerbaarheid van die stelsel, kon daar nie 100% aparte ontwikkeling op daardie tydstip toegepas word nie, maar moes dadelik daarmee begin word. (37)

Die handskoene was nou uitgepluk vir die stryd wat sou voorlê, waarin die Afrikaner weer eens die weg van verdeeldheid sou moes betree voordat hulle verenig kon word.

HOOFSTUK IV

DIE KABINETSKRISIS - DESEMBER 1912

(a) Aanleidende oorsake.

Generaal Hertzog het al op 13 Mei 1911 in 'n brief aan pres. Steyn verklaar dat indien die regering sou voortgaan met sy beleid van oordrewe konsiliasie en daardeur die belange van die volk verontagsaam en opoffer ter wille van populariteit, hy nie meer bereid sou wees om langer in die kabinet te dien nie. (1)

Soos in die vorige hoofstuk aangetoon, het die optrede van Botha in die parlement en tydens openbare vergaderings vir Hertzog al meer teen die bors gestuit. Omdat laasgenoemde homself beskou het as die verteenwoordiger van sy Smithfieldse kiesers en dus ook van sy volk, het Hertzog besef dat hy hulle belange ook in die kabinet moes behartig, anders sou hy hulle verrai. Daarom was sy toespraak van 7 Desember 1912 op De Wildt slegs die logiese uitvloeisel van sy beleid om die belange van Suid-Afrika eerste te stel.

Die beweging van Afrikanernasionalisme, d.w.s. die strewe om aan die Afrikaner sy regmatige plek en aandeel in die landsregering te gee, waarvan Hertzog die mondstuk was, het die meeste Engelssprekendes in Suid-Afrika met verbittering vervul. Hulle opvatting was dat so 'n beweging 'n bedreiging vir die Britse Ryk was. Daarom het hulle nasionalisme en „Hertzogisme" as sinonieme begrippe gesien en het hulle niks ongedaan gelaat om hierdie „rassehater" te vernoder en te verkleineer en hom van die politieke terrein te probeer verwyder nie. (2)

Op 9 Desember 1912 sou daar 'n tussenverkiesing plaasvind in die afdeling Albanië (Grahamstad), wat vir Botha van besondere betekenis sou wees. Sedert sy neerlaag in September 1910 in Pretoria-Oos tydens die algemene verkiesing, was Botha begerig om te sien of sy konsiliasie-
/beleid.....

(1) Raadpleeg p. 66 van hierdie werk.

(2) Van der Merwe: op. cit., p. 256.
Sien ook p. 47-50 van hierdie werk.

beleid enige vooruitgang gemaak het en of hy die steun van die Engelsprekendes van Albanië sou kry. Die houding en uitlatings van Hertzog op hierdie tydstip was vir Botha van groot persoonlike belang, want gevoelens was alreeds vertroebel en Botha was bang dat hy die steun van die Engelssprekendes heeltemal sou verloor as Hertzog enige verdere verklarings sou maak wat teenstrydig was met Botha se beleid van ondersteuning aan die Imperiale regering.

Op 5 Oktober 1912, tydens sy toespraak op Nylstroom, het Hertzog verklaar dat die tyd aangebreek het om die handskoene aan te trek. Hertzog het gevoel dat omstandighede dit op daardie tydstip vereis het dat die saak van Afrikanerbelange doelgorig aangepak word en dat Botha genoeg tyd gehad het om te toon of die belange van die Afrikaners vir hom na aan die hart gelê het. Daarom het hy hom so kras uitgespreek toe hy gesê het dat die Afrikaner in Suid-Afrika baas was en baas sou bly. (3)

Hierdie toespraak van Hertzog het 'n vlag van verontwaardiging ontketen wat die Engelssprekendes onthuts en vir Botha in 'n penarie geplaas het. Soos Hertzog tereg opgemerk het, het hy nou die handskoene uitgepluk en aan almal getoon watter sienswyse hy gehuldig het. Hy was nou moeg om heeldag verwyt te word dat hy nie genoeg dankbaarheid teenoor Brittanje getoon het vir sy ruimhartige skenking van selfregering aan Transvaal en die Vrystaat nie. Die houding en aanmatigende optrede van „vreemde fortuinsoekers“, soos party Unioniste; wat slegs in hulle eie belange gewerk het en soveel as moontlik uit Suid-Afrika wou suig en daarna 'n lê dop agterlaat, het hom laat besluit dat hy daadwerklik moes optree om die onreg aan die Afrikaners gedoen, uit te wis.

Hierdie verklaring van Hertzog het, soos alreeds gemeld, gemoedere laat ontvlam omdat hy die rol van die Unioniste en by name kol. Byron en die Witwatersrandse mynmagnate, aan die kaak gestel het. Terwyl Botha nou gretig gewag het op die uitslag van die tussenverkiesing in

/Albanië.....

(3) Sien p. 68-70 van hierdie werk.

Albanië, kom Hertzog op 7 Desember 1912, dus net twee dae voor die verkiesing met sy opspraakwekkende De Wildt-toespraak. Met verwysing na sy toespraak op Nylstroom verklaar Hertzog: „Ek staan by wat ek op Nylstroom gesê het. Sir Thomas Smartt het (soos uit rapporte blyk) gesê dat hy eerstens 'n Imperialis en tweedens 'n Suid-Afrikaner is. As dit werklik sy mening is, was ek reg toe ek gesê het dat sir Thomas Smartt (die leier van die Opposisie) geen ware Afrikaner is." (4)

As inleiding tot sy toespraak het Hertzog weer eens die taalkwessie geneem en verklaar dat daar 'n storm oor hierdie aangeleentheid losgebars het maar dat hy hom weinig daaraan steur solank hulle doel net bereik word, naamlik die regmatige erkenning van Afrikaners. Daar was geen punt waaroor die Hollandssprekende Afrikaners so eens was as juis die taalkwessie nie en daar was self Engelssprekendes wat Hertzog daarin gesteun het.

Wat die Nylstroom-toespraak betref, het die spreker herhaal wat hy toe gesê het en verder gegaan: „Imperialisme is alleen vir my van belang wanneer dit van nut is vir Suid-Afrika, vir my land en my volk; anders respekteer ek dit alleenlik op 'n afstand. As dit egter teenstrydig is met die belange van Suid-Afrika en sy bevolking, is ek 'n besliste vyand van Imperialisme." (5)

Ten opsigte van die geskreeu dat Hertzog „rassehaat" verkondig, het hy gesê: „As Afrikaners moet ons in die eerste plok deur Afrikaners geregeer word en as dit rassehaat is, is ek bereid om na enige gedeelte van Suid-Afrika te gaan om dié leer te verkondig." (6)

Daarna het hy sy natuurlikebeleid van aparte ontwikkeling verkondig, 'n beleid wat 'n voorloper was van die beleid wat vandag deur die huidige bewind toegepas word. Omdat so baie natuurlike, veral in die Wakkerstroom-distrik, so baie grond gekoop het, het dit dringend nood-

/saaklik.....

-
- (4) Pirow Oswald: J. B. M. Hertzog, p. 57. Verslag gedoen deur Piet Grobler L.V., as vertoënwoordiger van „Die Week", gepubliseer in die uitgawe van 12 Desember 1912.
- (5) Die Week, 12 Desember 1912.
- (6) Ibid.

saaklik geword om segregasie toe te pas. „Sowel vir die blanke as vir die naturel is dit dringend noodsaaklik dat daar 'n skeidslyn getrek word. Op sommige plekke sal blankes moet padgee vir natuurlike en in ander streke sal die teenoorgestelde moet gebeur. Dit is wat ek onder afskeiding verstaan, ... (7)

Ter afsluiting het Hertzog gesê: „Maar wat konsiliësie betref: ek het niks om te konsilieer nie, aangesien ek niemand kwaad gedoen het nie. Ek ag dit my plig en my reg om die Hollandssprekende Afrikaner te wys op die belang van 'n Suid-Afrikaanse nasionaliteit en as ek een-dag oweveel vertroue geniet van die Engelssprekende bevolking as nou van die Hollandssprekendes, sal ek my leer ook aan hulle verkondig." (8)

Uit hierdie verklaring van Hertzog kan duidelik sy hele lewens-beskouing gesien word wanneer hy nogmaals sy moedertaal as fondament van sy volk se beskawingsvoortbestaan noem. Wat die voortbestaan van blank Suid-Afrika betref, het hy alreeds in 1912 die siening gehad dat die enigste oplossing vir die voortbestaan van blank en nie-blank daarin geleë was dat elke groep afsonderlik moes ontwikkel en sodoende vreedsaam bestaan. Hertzog self het niks teen Imperialisme gehad nie, maar wat sy vaderland betref, moes dit regeer word deur sy inwoners, Afrikaans- sowel as Engelssprekend.

Genl. Hertzog was ongetwyfeld baie uitgesproke gedurende die eerste paar jaar na die Unie, en die hoogtepunt van sy „twee-stroom" beleid is bereik toe hy die uitlatings op De Wildt gemaak het. (9)

Hierdie toespraak van Hertzog was die inleiding van 'n nuwe politieke era in Suid-Afrika en hoewel Hertzog nog aan die begin van sy politieke loopbaan gestaan het, het hy hier alreeds sy beleid so duidelik gestel dat hy in sy later optrede nooit nodig gehad het om iets daaraan toe te voeg, of enigsins daarvan af te wyk nie. (10)

(b) Die.....

(7) Ibid.

(8) Ibid.

(9) Pelzer, A.N.: Die De Wildt toespraak van Generaal Hertzog in die lig van latere gebeure, (Hertzog-Annale, Desember 1961, p. 5.)

(10) Pelzer: op. cit., p. 8.

(b) Die reaksie ná die De Wildt-toespraak.

(1) Die reaksie in die Engelstalige pers.

Onmiddellik na die De Wildt toespraak was daar 'n reaksie dwars-oor Suid-Afrika. Veral die Opposisie-pers het hierdie toespraak van die „rassehater“ as die grootste ramp beskou wat die land nog getref het sedert die Anglo-Boere-oorlog.

Op Maandag, net na Hertzog se opspraakwekkende uitlatings, verskyn daar in „The Star“ 'n inleidingsartikel onder die opskrif „Africanderism“ waarin hewige kritiek gelewer word op Hertzog se beleid van „Suid-Afrika eerste“ en sy links-gesinde houding teenoor die Empire: „Unless General Botha and his more progressive colleagues take an early opportunity to repudiate this pernicious brand of 'Nationalism', we must conclude that they are thicker-skinned, more lacking in moral courage, and more arrant opportunists than we have hitherto imagined. Is the policy of the Government that preached by General Botha - one of racial conciliation and consolidated, or are all those fine words of his merely so much flummery to obscure the sinister designs of the one Minister who exhibits the courage of his convictions? For, what does Hertzogism mean? It means in effect, if not in intent, the division of the population into two distinct kraals. It means that on Imperial questions the attitude of the Union Government will be determined not by the necessities of any particular emergency by the obligations which rest on us as an integral portion of the Empire, but by what Ministers of the narrow-minded type of the Minister of Justice may determine to be in the best interests of their own followers.“ (11)

Die Engelstaliges kon dus nie Hertzog se beleid dat die belange van Suid-Afrika bo dié van die Empire kom, begryp nie, want, net soos vir Botha, was die kabinetsministers eerstens ministers van die Kroon en daarna ministers van die Uniekabinet.

/Dieselfde.....

(11) The Star, 9 Desember 1912.

Dieselfde koerant gaan die volgende dag voort: „Whatever else may be said in condemnation of the De Wildt Halt utterance, it cannot be dismissed lightly as the frothy vapourings of a fanatic, who allowed his wrath to run away with his discretion. Alike in the language employed and in the argument advanced, the address bears strong internal evidence of careful preparation; the voice is that of a politician who knows his own mind..." (12)

Hertzog se politieke teenstanders het nou besef met watter erns hy sy taak as kampvegter van die Afrikaners aangepak het. Soos die opmerkings in „The Star" aangedui het, het hulle besef dat Hertzog nie sommer blindelings die uitlatings gemaak het nie, maar dat dit die resultaat was van 'n weldeurdagte politikus wat hierdie „Suid-Afrika eerste"-beleid al sedert Uniewording verkondig het in sy openbare optrede. Nou het Hertzog sy beleid kristalhelder geformuleer sodat niemand meer kon twyfel wat sy sienswyse was nie.

Na Hertzog se toespraak op De Wildt, het gebeure mekaar vinnig opgevolg, sodat daar nie veel kommentaar oor Hertzog se uitlatings in die pers verskyn het nie. Hy het sy toespraak op Saterdag 7 Desember gelewer en die daaropvolgende Maandag het die krisis in die kabinet begin. Hierdie laaste gebeure het die De Wildt-toespraak heeltemal oorskadu.

(2) Die krisis in die Kabinet.

Wat gelê en smeul het sedert 1910, het nou tot 'n uitbarsting gekom. Op Dinsdagoggend, 10 Desember, was daar 'n kabinetsvergadering om die afgelope gebeure te bespreek. Kol. G. Leuchars, wat nadat F. R. Moor van Natal as minister van Handel en Industrie bedank het, in sy plek deur Botha aangestel is, met kiesafdeling Greytown, was 'n paar minute laat vir die vergadering en sonder om verskoning te maak, het hy reguit na Botha gestap en gevra of hy (Leuchars) hom kon spreek. Daarna het hulle altwee die vergadering verlaat en na die Premier se kantoor gegaan.

/Na 'n.....

Na 'n rukkie het Botha alleen teruggekom en aan Hertzog verklaar: „Sake lyk ernstig. Kol. Leuchars het meegedeel dat hy gaan bedank as minister." Op die vraag van Hertzog waarom Leuchars so 'n dreigement gemaak het, het Botha geantwoord: „Oor u toespraak op De Wildt." (13)

Hertzog was baie verbaas oor die houding van kol. Leuchars want hy het van geen moeilikhede vernem wat sy toespraak in die kabinet veroorsaak het nie. Dieselfde middag was daar 'n spesiale kabinetsvergadering en op 'n baie kalme wyse het Hertzog die kabinet toegesprek en gesê dat as iemand hom kon oortuig dat sy houding oor „Suid-Afrika eerste" verkeerd was, hy bereid sou wees om te bedank. (14)

Botha so antwoord hierop was dat hy nie slegs met Hertzog eens was oor hierdie beleid van „Suid-Afrika eerste" nie, maar dat hy (Botha) dit ook al verskeie kere self verkondig het. Die ander ministers het ook geen beswaar daarteen gehad nie, maar Hertzog het geweet dat almal, behalwe Fischer, die sienswyse gehuldig het dat hy moes bedank.

Hertzog het nogtans verklaar dat hy nie bereid was om te bedank oor 'n saak waaroor almal met hom saamgestem het nie. Dit sou dus slegs billik wees dat aan hom en die volk 'n grondige rede verstrekk word waarom hy moes bedank. Daarop het Hertzog homself verskoon en dus die ander kabinetslede die geleentheid gegee om die hele aangeleentheid breedvoerig te bespreek. (15)

Hertzog het wel deeglik besef in watter verleentheid hy vir Botha geplaas het toe hy die voorstel gemaak het dat die volk moes oordeel watter beleid hulle wou volg. Soos in vorige gevalle was Botha weer tussen twee vure geplaas. Ondersteun hy vir Hertzog, dan verloor hy vir kol. Leuchars as minister en sodoende die steun van die hele Natal en heel waarskynlik ook van die Engelssprekendes in Transvaal; kies hy openlik kant teen Hertzog, sou hy ongetwyfeld die steun van die Vrystaat en moontlik ook van die meeste Afrikaanssprekendes in die land verloor.

/Niemand.....

(13) Van den Heever: op. cit., p. 315; Jacobs: op. cit., p. 389.

(14) Van den Heever: op. cit., p. 317.

(15) Antwoord van Generaal Hertzog op die open Brief van genl. Botha, 8 Maart 1913, De Plantin Press, Kaapstad. s.j. (Uitgegee in pamfletvorm). (Hertzog-Versameling).

Niemand in die kabinet was bereid om openlik te erken dat hy nie saam met Hertzog die beleid van „Suid-Afrika eerste” steun nie, want dan sou die regering die steun van die Afrikaners verbeur. Hulle posisie was inderdaad haglik, want as hulle nie vir Hertzog openlik aanval nie, sou die beleid van konsiliasie verongeluk en sou hulle die steun van die Engelssprekendes verloor. (16)

Toe Botha van Hertzog wou weet watter plan hy aan die hand wou doen om die krisis te voorkom, het laasgenoemde verklaar dat hy bereid was om te bedank indien Botha gemeen het dat sy beginsel van „Suid-Afrika eerste” verkeerd was. Genl. Botha het egter met die beginsel saamgestem dat die belange van Suid-Afrika eerste kom. Daarop was Hertzog se antwoord: „Nou, as dit dan so is, kan dit natuurlik nie verwag word dat ek uit die ministerie moet gaan nie, terwyl die beginsel waaroor gekla word, deur u goedgekeur word.” (17)

Botha het dus in beginsel saam met Hertzog gestem, maar sy beswaar was dat Hertzog 'n fout gemaak het om sy beginsel wêreldkundig te maak. Met ander woorde, Hertzog se groot sonde was nie wat hy op De Wildt verkondig het nie, maar dat hy dit in die openbaar geopper het.

Hierdie krisis het vir Botha self op 'n baie ongeleë tydstip gekom, want hy was juis besig om sy posisie te probeer versterk om die ondersteuning van Engelssprekendes te kry deur sy beleid van nouer samewerking met die Britse regering. Kol. Leuchars was bewus van hierdie „eenstroom”-beleid van Botha en het by die Premier daarop aangedring om te bewys dat hy eg was in sy bedoelings van samewerking met die Engelssprekendes. Hy het toe gedreig om te bedank as Botha nie vir Hertzog uit die kabinet skop nie. Indien Leuchars sou bedank, sou Botha die ondersteuning van Natal verloor, en dit wou Botha ten alle koste vermy. Daarom het hy probeer om Hertzog te oorrede om vrywilliglik te bedank.

Nadat kol. Leuchars sy bedanking as minister van Handel en

/Industrieë.....

(16) Pirow, Oswald: op. cit., p. 58.

(17) Van den Heever: op. cit., p. 317; sien ook Krüger: The Age of the Generals, p. 68.

Industrieë op 13 Desember 1912 ingedien het, het Botha beseef dat die enigste weg wat daar vir hom oop was, was om self te bedank en sodoende die kabinet te ontbind.

Tydens die Vrydagmiddagsitting van die kabinet, waartydens Hertzog ook self teenwoordig was, het Botha verklaar dat hy die kabinet gaan ontbind deur self te bedank en dat hy alreeds aan die Goewerneur-generaal, lord Gladstone, 'n tologram gestuur het om uit Kimberley na Pretoria terug te keer om sy bedanking persoonlik te aanvaar. (18)

(3) Die houding van Hertzog se politieke teenstanders.

Onmiddellik nadat die krisis in die kabinet rugbaar geword het, het daar dwarsdeur die land 'n reaksie ingetree. Die Engelse pers het hierdie stap van Botha om Hertzog uit die kabinet te kry, verwelkom, terwyl die vriende en ondersteuners van Hertzog hoogs verontwaardig was oor die gebeure.

Die Maandag net na die kabinetskrisis het „The Friend“ die gebeure soos volg opgesom: „General the Right Honourable Louis Botha has tendered to the Governor General his resignation of the office of Prime Minister.

„His Excellency has accepted General Botha's resignation and has invited him to form a new administration.

„Router is officially informed by the Secretary of the Prime Minister that Colonel Leuchars resigned his seat in the Cabinet yesterday (December 13th).“ (19)

Na aanleiding van kol. Leuchars se bedanking en die daaropvolgende weiering van Hertzog om te bedank (20) as niemand enige beswaar teen sy beleid van „Suid-Afrika eerste“ gehad het nie, het „The Diamond Fields Advertiser“ die volgende opmerking daarop gehad: „... General Hertzog, entirely pleased with himself, fanatical, and determined, defied the

/Prime Minister,.....

(18) Van den Heever: op. cit., p 318; Van Rooyen, op. cit., p. 4; Crafford, F. S.: Jan Smuts, a Biography, Kaapstad, 1945, p. 99.

(19) The Friend, 16 Desember 1912.

(20) Sien pagina 78 van hierdie werk.

Prime Minister, and declined to resign." (21)

Nadat Botha as premier bedank het en voordat die nuwe kabinet aangekondig is, het die opposisiepers weer hulle taktiek van 'n „best man“-regering, soos voor die samestelling van die eerste Uniekabinet in 1910, aangewend en sodoende vir Botha probeer beïnvloed om van die Unionisteleiers in die kabinet op te neem: „It is sincerely hoped that the British and moderate Dutch will co-operate in the formation of a strong Government in which the best elements of both parties will be represented." (22)

„The Transvaal Leader", die mondstuk van die Unioniste, waag dieselfde bespiegeling: „The situation is a most interesting and critical one. South Africa again stands at the parting of the ways as she did at the time of Union." (23) Vir hulle het die kruispad beteken dat Botha moes besluit tussen die navolging van die ou weg van onproduktiwiteit (volgens hulle), en die inneem van 'n nuwe en meer progressiewe houding waarin Engelssprekendes, verwysende hier na Unioniste, in die kabinet opgeneem kon word.

„The Star" het na aanleiding van die voorspellings in „The Transvaal Leader" geantwoord: „Anything which makes towards more rational and more efficient rule will be welcomed by the Unionists, as by other sections of the public; but it will be quite time enough to hail General Botha as a great statesman and a devoted reformer when he takes us into his confidence and shows that he intends to shake himself free from reactionary influences which have hitherto completely paralysed his administration." (24)

Sondag verklaar Reuter se korrespondent uit Pretoria: „The Prime Minister and General Smuts interviewed Mr. Fischer on Saturday evening.

/The Rt.....

(21) The Diamond Fields Advertiser, 16 Desember 1912.

(22) Ibid.

(23) The Transvaal Leader, 16 Desember 1912.

(24) The Star, 15 Desember 1912.

The Rt. Hon. A. Fischer is thought to be the key to the Free State position in view of General Hertzog being left out of the Cabinet." (25)

Verskeie persone, meesal politieke teenstanders van Hertzog, het ook hulle opinies in die Engelstalige koerante uitgespreek. So verklaar „The Sunday Post": „Sir Lionel Phillips M.L.A. attributes the crisis to the failure of General Botha to carry out the spirit and intention of the convention. Had he joined hands with Sir Starr Jameson he would in Sir Lionel Phillips' opinion have commanded an overwhelming majority." Dieselfde koerant gaan voort en stel een van die Engelssprekende parlamentslede aan die woord: „Mr. F. D. P. Chaplin M.L.A. said what has happened was a complete vindication of the policy of the opposition in pointing out the harm General Hertzog was doing ... Anyhow, it is satisfactory to find that General Botha has found it possible to do without General Hertzog." (26)

„The Cape Times" se sienswyse oor die kabinetskrisis was dat Hertzog se toesprake te Nylstroom en veral De Wildt die rede vir kol. Leuchars se bedanking en gevolglik van die kabinetskrisis was. Volgens dié koerant het kol. Leuchars tot die kabinet toegetree omdat hy vir Botha wou ondersteun in sy (Botha) beleid van konsiliasie. Daarom kon hy nie met Hertzog langer saamwerk nie en het hy bedank. (27) Mnr. C. P. Robinson, nog 'n Engelssprekende parlamentslid (Unionis) se reaksie op die kabinetskrisis was: „I have no opinion to express, except that the rupture between General Botha and Mr. Hertzog is splendid news for all those sincerely anxious to see unity established between the two white races in South Africa." (28)

Soos duidelik uit persverslae blyk, was die algemene gevoel onder die Engelssprekendes een van verligting dat die persoon wat die oorsaak van alle twis en „rassehaat" was, nou uit die kabinet verwyder is.

/Intussen.....

(25) Ibid.

(26) The Sunday Post, 15 Desember 1912.

(27) The Cape Times, 16 Desember 1912.

(28) The Friend, 17 Desember 1912.

Intussen het die stryd op die politieke terrein voortgegaan en het die aanvalle op Hertzog al hoe hewiger geword. „The Star” het verklaar dat die krisis in die kabinet nie aan Botha of Hertzog gewyt kon word nie, maar wel aan kol. Leuchars. Volgens die koerant het kol. Leuchars die Nylstroom-toespraak van Hertzog probeer verklaar aan sy kiesers, maar sonder enige sukses. Met ander woorde hy het die „verduidelikings” van Hertzog aanvaar. Na die De Wildt-toespraak het Leuchars na Hertzog gegaan en probeer om ’n verduideliking vir sy optrede te kry. „The current rumour is that Colonel Leuchars, mindful of the implied promise to his constituents, and of his good name, personally approached General Hertzog on the subject matter of the De Wildt Halt address; that he found the Minister of Justice in anything but a conciliatory mood; and that as a direct consequence of the interview he resolved to tender his resignation, to the Prime Minister.” (29)

Hierdie was nogeens ’n oulike set van die opposisiepers om verwydering tussen Botha en die Engelssprekendes in Natal te probeer bewerkstellig, want sonder die steun van die Engelssprekendes in Natal sou Botha se posisie aansienlik verswak word. Dit was presies wat hulle beoog het, want die Unioniste het nog altyd gepoog om van die leiers van hulle party in die kabinet te kry. Nou was daar weer so ’n geleentheid met die kabinetskrisis. Daarom hierdie bykans teenstrydige berig in „The Star” waar beide Botha en Hertzog van alle blaam onthef word en van kol. Leuchars die sondebok gemaak word.

Die Maandag net na die kabinetskrisis het dieselfde koerant hierdie stap van Botha om Hertzog uit die kabinet te skop, as ’n teken van vasberadenheid beskou en verklaar dat die Premier nie meer van besluite-loosheid beskuldig kon word nie. Net die vorige Saterdag het dieselfde koerant nog vir Botha daarvan beskuldig dat hy nie sterk genoeg was om handelend op te tree nie. Nou dat Hertzog, die steen des aanstoots vir die Unioniste, nie meer in die kabinet was nie, loof hulle Botha as ’n held.

/Die verklaring.....

Die verklaring van dieselfde koerant het ook gelui dat Botha se moeilikhede nog glad nie opgelos was nie, want hy sou nog moes verduidelik aan die Z.A.P., waarvan Hertzog ook lid was, waarom hy so opgetree het. Die koerant gaan voort: „Unionists, however, have little direct concern with the domestic quarrels and intrigues of the South African Party. They welcome the step that has now been taken in the first place because they recognise that it is in the best interest of the Union that a Minister of the Crown should not be permitted to employ his ample spare time in touring the country and preaching a spurious, narrowminded, and peculiarly offensive brand of „Nationalism“." (30)

Bogenoemde verklaring toon duidelik die set van die Unioniste en hulle mondstuk „The Star" om 'n wig in die geledere van die Z.A.P. in te dryf. Hoewel hulle die teenoorgestelde verklaar, was hulle wel deeglik geïnteresseerd in wat in die geledere van die Afrikaners aangaan, want 'n skeuring in die „Zuid Afrikaanse Party" sou ongetwyfeld Botha se posisie verswak en die Unioniste tot voordeel strek.

Die koerant verwys ook na die vergadering wat Botha in sy kiesafdeling, Losberg, gehou het net nadat hy van die Imperiale Konferensie in Londen teruggekeer het. Dit was in dieselfde tyd toe Hertzog met sy beleid van „Suid-Afrika eerste" gekom het. Toe moes Botha al teen Hertzog opgetree het, dan sou die krisis in die kabinet nie ontstaan het nie. Verwysende na Botha se destydse houding verklaar die koerant: „... he (Botha) was willing to modify his policy so as to bring it into more direct harmony with the views of the leader of the Backveld Reactionaries (Hertzog)." (31)

Van toe af, weens sy gebrek aan ferme optrede, het sake vir Botha en Suid-Afrika versleg sodat die houding van Hertzog noodgedwonge moes uitloop op 'n skeuring in die parlement, wat 'n nasionale ramp geword het. Die Unioniste verwelkom dus die stap van Botha en hulle sou hom as 'n groot staatsman beskou as hy nou deur ferme optrede vertroue by die volk kon inboesem.

/Vir Botha.....

Vir Botha, wat so gevoelig was vir kritiek veral van die kant van die Engelse pers, het hierdie verklaring van „The Star” as 'n aanmoediging en aansporing gekom om voort te gaan met sy beleid van konsiliësie.

Dit was presies wat die Unioniste beoog het. Solank as wat Botha in hulle belang gewerk het, naamlik om die Engelssprekendes alleen seggenskap in die landsregering te gee, was hy hulle held, maar nie as hy vir die saak van die Afrikaner gewerk het nie. Hulle spoor hom aan om die kabinet so te skommel dat die „Nasionaliste” nooit weer enige seggenskap in die kabinet sou hê nie.

Soos dit gebruiklik is in die pers, het „The Star” op 31 Desember 'n oorsig gegee oor die gebeure van die jaar 1912 en in die hoofartikel verklaar: „There is nothing seriously wrong with the country - except the Government which seems to be conducted on the principles of the gambler and the spendthrift ... Unfortunately it is quite impossible to believe that the new Botha Ministry will be any improvement on the old... We can only hope for the best, while actually fearing a continuance of the old policy of drift.” (32)

Op Dinsdag 23 Januarie 1913 is die nuwe kabinet ingesweer. (33)

- (4) Die houding van Hertzog se ondersteuners ná die kabinetskrisis en hulle reaksie teen Fischer se optrede.

Die Vrydagoggend net na die gebeure in die kabinet, het Fischer 'n konsepbrief aan Hertzog oorhandig wat deur Smuts geskryf is en aan
/Hertzog.....

(31) Ibid.

(32) The Star, 31 Desember 1912.

(33) Die kabinet het bestaan uit:
Sir David Graaff - Minister sonder portefeulje.
H. Burton - Spoorweë en Hawens.
Botha - Premier en Landbou.
J. C. Smuts - Finansies en Verdediging.
F. S. Malan - Mynwese en Onderwys.
Sir Thomas Watt - Publieke Werke, Pos en Telegrafie.
H. S. Theron - Minister van Lande.
J. W. Sauer - Naturellesake en Justisie.
Abraham Fischer - Binnelandesake en Lande.
The Star, 29 Januarie 1913, sien ook Van den Heever, op. cit., p. 315.

Hertzog verklaar dat Botha en Smuts gemeen het dat as 'n soortgelyke brief aan Kol. Leuchars gestuur word, dit miskien die probleem sou oplos. Daarna het Fischer die brief aan Hertzog voorgelees. In die opgestelde brief deel Hertzog dan sy spyt mee oor sekere onderwerpe, deur hom aangeroer, wat heeltemal privaat was en niks met De Wildt te doen gehad het nie. Hertzog belowe dan ook in die brief dat hy in die toekoms geen uitlatings sou maak of selfs onderwerpe aanroer wat enige onenigheid kon veroorsaak nie. Hy sou vervolgens ook onderneem om geen publieke verklarings te maak alvorens hy nie vir Botha geraadpleeg het nie.

Voordat Fischer die brief nog klaar deurgelees het, het Hertzog verklaar dat hy beslis weier om so 'n brief te skryf. Hy het niks verkeerd gedoen nie, waarom moes hy apologie aanteken? Indien hy wel so 'n brief sou skryf, sou hy geen selfrespek meer oorhê nie, was Hertzog se laaste opmerking. Daarop het Fischer onmiddellik vertrek.

Na die kabinetsvergadering dieselfde middag het Fischer weer na Hertzog se kantoor gekom en hom gesprek oor die Dingaansfoes wat twee dae later gehou sou word. Niks is weer oor die brief gerep nie. Onmiddellik daarna het Smuts ingekom en vir Hertzog gevra of hy bereid sou wees om vir Leuchars te ontmoet, hetsy alleen of in Botha se teenwoordigheid. Hertzog se antwoord hierop was dat hy dit sou verwelkom want kol. Leuchars het hom nog nooit die geleentheid gegee om die saak voor Botha en andere te stel nie. Dit was dus die plig van Leuchars om van sy kant af so 'n versoek te rig. Hiermee was Smuts tevrede.

Saterdagoggend, ongeveer twaalfuur, het Botha se privaat sekretaris egter die boodskap aan Hertzog gebring dat Botha sy bedanking ingedien het en dat die kabinet ontbind was. Daarop het Hertzog sy kantoor verlaat. (34)

Abraham Fischer, die getroue vriend van Hertzog, het nou as gevolg van die gebeure in die kabinet homself in 'n moeilike posisie

/bevind.....

bevind. Die vraag wat hy homself moes afvra, was of hy Hertzog moes steun en ook self uit die kabinet tree, of moes hy ter wille van die Afrikaners, en in besonder dié van die Vrystaat, in die kabinet aanbly en sodoende druk op Botha probeer uitoefen? Fischer se eerste reaksie was om te verklaar dat indien Hertzog uitgesit word, hy ook sou weier om langer in die kabinet aan te bly. Fischer was 'n gematigde vredemaker en hy moes kies tussen nougesette nasionalisme en politieke opportunisme. Hy het vir beide Botha en Hertzog 'n baie hoë agting gehad en dit was vir hom baie moeilik om te kies tussen die twee. Botha het te veel ter wille van versoening prysgegee, terwyl Hertzog aan die ander kant geen duim wou toegee nie. (35)

Fischer was bang dat as hy langer in die ministerie sou aanbly, daar 'n nog groter skeuring in die Zuid-Afrikaanse Partij sou ontstaan en dit wou hy ook ten alle koste vermy. Op 15 Desember 1912 skryf hy weer aan sy ou raadgewer, pres. Steyn, om hom raad te gee in hierdie krisis. Pres. Steyn se antwoord was dat Fischer liever moes bedank: „Veel beter was het de storm meteen te trotseren. De storm was veel beter dan het lapwerk dat nu gedaan wordt; want het zou onze partij gereinigd hebben van al de ontsenuvende invloeden die het tans verlammen.” Pres. Steyn het Fischer voorts gewaarsku dat as hy in die kabinet sou aanbly, hy alle vertroue van die Vrystaatse Afrikaners sou verloor. Voordat Fischer egter hierdie brief ontvang het, het hy op 19 Desember aan pres. Steyn getelegrafeer dat hy in oorleg met Hertzog en ander Vrystaatse vriende besluit het om in die nuwe kabinet aan te bly. (36)

Pres. Steyn het, nadat hy van Fischer se besluit verneem het, van Hertzog 'n verduideliking gevra waarom hy by Fischer aangedring het om in die kabinet aan te bly. In sy brief vra hy ook aan Hertzog om so

/gou moontlik.....

(35) Jacobs: op. cit., p. 393-394.

(36) Vir die volledige briewewisseling tussen pres. Steyn en Fischer kyk Van der Merwe: op. cit., p. 258-263.

gou moontlik na die Wildernis te kom om persoonlik te verduidelik wat werklik gebeur het, „Want hij kan niet begripen waarom u begeert heeft dat Mr. Fischer in de ministerie moest blijven - Hij zelf (Steyn) beschouwd het een fatale fout want de partij is toch gescheurd." (37)

Dr. A. E. W. Ramsbottom, lyfarts van pres. Steyn en 'n groot vriend van Hertzog, wat sy lot by die Boere ingewerp het tydens die oorlog, het ook aan Hertzog geskryf nadat hy van die kabinetskrisis verneem het. Omdat hy weens sy posisie as administrateur van die Vrystaat baie moes rondreis en gevolglik nie presies geweet het wat plaasgevind het nie, wou hy ook die ware feite van Hertzog self verneem. Hy merk o.a. op: „If it means the birth of a new South African Party with a backbone in it, then it has not come a moment too soon." (38)

Nadat Hertzog uit die kabinet gestoot is, was dit slegs Abraham Fischer wat die Vrystaat as minister verteenwoordig het, daarom vra „The Friend" dat Fischer in die kabinet moes aanbly om sodoende die belange van die Vrystaat te behartig. Bly hy egter aan, sou sy optrede verkeerd verstaan word en sou daar verdeeldheid in die Vrystaat ontstaan. Die algemene gevoel onder die Vrystaters was dat Fischer moes bedank uit meegevoel met die swak wyse waarop Hertzog behandel is. Andere het weer gemeen dat hy moes aanbly en die belange van die Vrystaat moes behartig. Daar moes egter algehele duidelikheid oor die saak kom, alvorens Fischer iets moes doen. „If therefore, he is to continue as a Minister, there should be a clear understanding come to by all concerned before the decision is made." (39)

(5) Hertzog se optrede net na die kabinetskrisis.

Hertzog het sonder om enige kommentaar oor die pas afgelope ge-

/beure.....

(37) Brief van Mev. Steyn aan Hertzog, d.d. 23 Desember 1912. Die Wildernis, George (Hertzog-Versameling). Pres. Steyn het hom op dié stadium weens gesondheidsredes op Die Wildernis bevind, en weens sy toestand het Mev. Steyn die brief namens hom geskrywe.

(38) Brief van Dr. Ramsbottom aan Hertzog, d.d. 23 Desember 1912. (Hertzog-Versameling).

(39) The Friend, 18 Desember 1912.

geboure te lewer, in sy ministerswoning in Brynterion, Pretoria, opgehoopde korrespondensie beantwoord sonder om die gebeure te dramatiseer.

Op Maandag 16 Desember 1912 was Hertzog feesredenaar op die Dingaansdagvierings te Grootspelonken, Soutpansberg. Dit was sy eerste openbare optrede as gewone parlamentslid. Hy wou glad nie oor die gebeure in die kabinet kommentaar lewer nie omdat hy wou verhoed dat daar verdere verdeeldheid in die geledere van die Afrikanervolk kom, want hy het beter as almal geweet dat daar duur gestry was vir die mate van samehorigheid wat daar wel bestaan het. (40)

Op 24 Desember 1912 het Hertzog en Fischer na Bloomfontein vertrek waar hulle aan die Vrystaatse Provinsiale komitee van die Zuid-Afrikaanse Partij voorslag gaan doen het oor wat werklik in die kabinet plaasgevind het. Nadat die aangeleentheid bespreek is, is besluit dat Hertzog en Fischer in hulle kiesafdelings Smithfield en Bethlehem voorslag moes doen oor wat plaasgevind het. Daar is ook op aandrang van Hertzog besluit dat hulle die regering moes ondersteun sodat hulle nie verantwoordelik sou wees vir 'n skeuring in die Z.A.P. nie.

Op 6 Januarie 1913 het Fischer sy kiesafdeling, Bethlehem, besoek en aan sy kiesers vertel wat presies gebeur het gedurende die kabinetskrisis. Volgens hom is Hertzog sonder voldoende redes uit die kabinet geskop en die Vrystaat moes alle pogings aanwend om Hertzog weer in die kabinet opgeneem te kry. Hy het hulle egter gemaan om nie oorhaastig op te tree nie, want dan sou dit die saak net meer kwaad aandoen. Ter wille van die behoud van die S.A.P. moes hulle alle persoonlike gevoelens vermy, want dit kon net 'n skeuring in die geledere van die Afrikaners veroorsaak.

Nadat Fischer aan sy toehoorders sy houding gedurende die kabinetskrisis verduidelik het, is die volgende mosie aangeneem: „This meeting expresses regret at the exclusion of General Hertzog from the newly-

/formed.....

(40) Ibid., Van den Heever: op. cit., p. 318.

formed Cabinet, and trusts that his indispensable services to the country and people will be suitably appreciated by his reinstatement in the Government..." (41)

Die voorspelling van die Opposisie-pers in Desember 1912 is dus gedeeltelik bewaarheid toe daar na aanleiding van Fischer se houding verklaar is: „Mr. Fischer's presence in the Cabinet will make it less awkward for Free Staters to become reconciled to the regrettable consequences of General Hertzog's Ministerial tactics." (42)

Hierdie mosie van volle vertroue wat Fischer gekry het, was egter van verbygaande aard, want toe hy weer 'n vergadering op Kestell toegesprek het aangaande Hertzog se uitlatings in die kabinet, het hy 'n mosie van wantroue teen hom gekry. (43)

Soos besluit is op 24 Desember 1912, het Hertzog op 11 Januarie 1913 sy kiesafdeling Smithfield besoek om die kabinetskrisis te verduidelik en om die kiesers te maan om nie oorhaastig op te tree nie. Hertzog se standpunt was dat elke persoon vanaf sy kleuterdae geleer is dat patriotisme 'n deug is, maar in Suid-Afrika was daar sommige persone bedoelende kol. Leuchars, wat dit as 'n sonde beskou het. Volgens hom was die rede waarom hierdie vergadering gehou is een van die belangrikste wat daar nog ooit bestaan het. Hy het ook die hoop uitgesprek dat hy nooit weer in die toekoms hulle om dieselfde rede sou moes toesprek nie. Die aangeleentheid het nie slegs vir hom en Botha geraak nie, maar die hele volk. Die woelinge in die land is veroorsaak deur die feit dat beide die Engels- en Afrikaanssprekendes alle vertroue in Botha verloor het. Geld was die oorwegende faktor in Botha se optrede, deurdat hy in die hande van mynmagnate (Unioniste) van die Witwatersrand gespeel het. Geld kon egter nie 'n land regeer nie, want die beginsels was van groter belang.

/Hertzog.....

(41) The Friend, 7 Januarie 1913 en ook 3 Mei 1913.

(42) The Diamond Fields Advertiser, 25 Desember 1912.

(43) Tydens 'n vergadering te Kestell op 1 Julie 1913 het Fischer 'n mosie van wantroue (47stemme teen 40) teen hom gekry omdat die O.V.S. besef het dat hy vir Hertzog in die steek gelaat het deur langer in die kabinet aan te bly.
The Friend, 2 Julie 1913. Sien ook p. 119 van hierdie werk.

Hertzog het daarna met sy toehoorders die kabinetskrisis volledig bespreek en aan hulle dieselfde vraag gestel as wat hy aan Botha gestel het, naamlik, waarom is hy (Hertzog) uit die kabinet gelaat. Hy het (Botha) die rede daartoe gevra, maar hy (Botha) het hom nog die antwoord skuldig gebly. Ten slotte het hy sy gehoor gemaan om niks drasties te doen om die verdeeldheid wat daar alreeds in die S.A.P. was, nog verder aan te help nie. (44)

Wat Fischer se houding betref, het Hertzog verklaar dat eersgenoemde in die kabinet aangebly het om 'n skeuring in die S.A.P. te probeer verhoed. (45)

Hierdie toespraak van Hertzog getuig daarvan dat hy nog op hierdie stadium, d.w.s. ná wat in die kabinet gebeur het, sy Vrystaatse ondersteuners gevra het om kalm op te tree en nie verder onnodige tweedrag in die S.A.P. in die hand te werk nie.

Generaal Botha was tydens Hertzog se Smithfieldtoespraak op sy plaas in Standerton-distrik en toe hy op 13 Januarie in Johannesburg aankom op pad na Kaapstad vir die opening van die parlement, het hy die volgende kommentaar gelewer toe 'n verslaggewer hom op die stasie genader het: „I have only seen a very brief report of the Smithfield speech, and therefore can naturally not say much. From what I have seen however, I gather it to be a declaration of war." (46)

Op dieselfde dag van die Smithfieldtoespraak is daar op Burgersdorp 'n vergadering gehou om die kabinetskrisis te bespreek. In die mosie wat daar aangenoom is, betreur hulle die krisis en die daaropvolgende uitstoting van Hertzog, want volgens hulle was geen kabinet in Suid-Afrika werklik verteenwoordigend van die volk se wil as Hertzog nie ook daarin was nie. (47)

/Tydens.....

(44) Hierdie toespraak van Hertzog word weer bespreek op p. 119.

(45) The Diamond Fields Advertiser, 13 Januarie 1913.

(46) Ibid., 14 Januarie 1913.

(47) De Stem, 13 Januarie 1913.

Tydens Hertzog se toespraak op 11 Januarie 1913 te Smithfield het dit duidelik geblyk dat 'n skeuring in die Z.A.P. onvermydelik was. Hertzog het verduidelik dat die krisis nie die gevolg was van 'n persoonlike wrywing tussen hom en Botha nie, maar dat die beleid van die regering, wat die hele land geraak het, die oorsaak was. „No, the crisis had its root in nothing but weakness, absolute weakness, indecision, lack of principle. That was why the people feel, though perhaps subconsciously, that the Cabinet do not deserve their confidence, and that they are not the people's Cabinet." (48)

(c) Botha se verklaring oor die kabinetskrisis.

Nadat Hertzog uit die nuwe kabinet gelaat is en daar dwarsdeur die land ontevredenheid en verwarring (49) ontstaan het oor wat presies gebeur het, het Botha besef dat hy sy optrede moes probeer regverdig en aan die volk verduidelik wat presies gebeur het. Sy posisie was egter baie onbenydenswaardig, want in hierdie verklaring moes hy uiters versigtig wees om niemand aanstoot te gee en sake nog verder te vertroebel nie. Hy kon die Engelssprekendes nie aanstoot gee nie want dan sou hy nie sy konsiliatiebeleid prakties uitvoer nie en sou hy sodoende nie weer in die toekoms op hulle steun kon staatmaak nie. Aan die ander kant sou hy die steun van die Afrikaanssprekendes verloor as hy openlik verklaar dat Hertzog alleen verantwoordelik was vir die pas afgelope gebeure. Die Vrystaters was alreeds bekommerd oor hulle belange in die kabinet, want met Hertzog nie meer minister nie, en die onsekerheid wat daar geheers het oor Fischer se toekomstige optrede, was hulle bevrees dat hulle nie meer werklik in die kabinet verteenwoordig sou wees nie.

Gevolglik het Botha op 20 Desember 1912 'n persverklaring gedoen

/waarin.....

(48) Die Voorloper, 10 Mei 1913. Pirow Oswald: op. cit., p. 60-61, Van den Heever: op. cit., p. 325.

(49) Vir 'n volledige bespreking van die ontevredenheid wat daar ná dié kabinetskrisis in die land geheers het, sien p. 109-117.

waarin hy sy handelwyse probeer goedpraat het, maar hy het gou besef dat hierdie verklaring weinig ingang by die publiek gevind het omdat daar gedurig versoeke in die pers verskyn het waarin duidelikheid oor die gebeure geëis word. (50) Hy roep toe die parlamentslede van die Zuid-Afrikaanse Partij vir 'n geheime vergadering op 5 Februarie 1913 byeen om die hele saak deeglik te bespreek en te formuleer en ook die lede van die Z.A.P. te pols oor hulle houding oor die kabinetskrisis. (51)

Op 4 Februarie 1913 het Botha en Hertzog in Kaapstad ontmoet om die krisis te bespreek. Nadat Hertzog openlik verklaar het dat dit vir hom onmoontlik geword het om Botha se beleid langer te ondersteun, het laasgenoemde verklaar dat hierdie standpunt van Hertzog alle moontlike versoening vir goed vernietig het. Daar kon dus geen sprake meer wees om Hertzog weer in die kabinet op te neem nie. Botha het ook botweg geweier om terug te staan en plek te maak vir 'n nuwe premier.

Dieselfde middag het Hertzog en die Vrystaatse parlamentslede bymekaar gekom om die jongste verwikkelinge te bespreek. Na 'n deeglike bespreking van die gebeure het hulle besluit om die beleid van die regering te ondersteun, maar hulle behou die reg om Botha en die regering se beleid te kan kritiseer wat betref die Asiatiese-kwessie en die naturellevraagstuk. (52)

Op Dinsdag 11 Februarie 1913 het Botha 'n volledige verklaring in die pers gemaak oor die krisis in die kabinet. In sy verklaring wat in die inleidingsartikel van „Het Westen" opgeneem is, is 'n weergawe van die kabinetskrisis gegee.

Hy verklaar dat die direkte oorsaak van die kabinetskrisis die toesprake van Hertzog was wat onder andere verklaar het dat die regering uit twee monde spreek. Die beleid van die Z.A.P. van toenadering

/tot altwee.....

(50) De Volkstem, 20 Desember 1912.

(51) The Diamond Fields Advertiser, 7 Februarie 1913.

(52) Ibid.

tot altwee die twee taalgroepe, was een van die stigtingsreglemente en daarom moes Hertzog, as lid van daardie party, en van die ministerie bewus gewees het daarvan en hom gevolglik daarby bepaal het. Verder wys Botha daarop dat die verteenwoordigers van die twee taalgroepe, pres. Steyn en William Beaumont, die beginsels van daardie bepalings verduidelik en ondersteun het tydens die stigtingsvergadering van die Z.A.P. te Bloemfontein op 21 en 22 November 1911. Hertzog self het ook die beginsel ondubbelsinnig aanvaar. „Ongelukkig echter bestond er van het begin der Regering onder een groot gedeelte der bevolking een zekere mate van wantrouwen op dit punt tegen hem (Botha).” (53)

Volgens Botha het 'n groot gedeelte van die volk na Hertzog opgesien as die leier en kampvegter vir die belange van die Hollands-Afrikaanssprekende groep, en nou gaan hulle verder en sien in Hertzog die persoon wat hulle moes lei om die Engelssprekende groep teen te gaan, wat direk ingedruis het teen die beginsel van konsiliatie. Die Engelssprekendes het nou diep gekrenk gevoel en sodoende is die rassegevoel weer aangehelp. Botha was bereid om Hertzog nog selfs ná sy toespraak op Nylstroom op 5 Oktober 1912 te vergewe. Op hierdie stadium het die hele kabinet, Hertzog ingeslote, besluit om die regering se rassebeleid duidelik uiteen te sit sodat almal presies die strekking daarvan kon verstaan. Botha sou juis hierdie uiteensetting verduidelik tydens die verkiesingstoespraak op Albanië. Op dieselfde dag wat hierdie verduideliking van die rassebeleid van Botha op Grahamstad in die pers verskyn het, het die De Wildt-toespraak plaasgevind waar Hertzog o.a. verklaar het: „Konsiliatie en loyaliteit zijn ijdele woorden, die niemand bedreigen en Imperialisme is voor spreker (Hertzog) net goed zover het dienstig is voor Zuid-Afrika.”

Deur hierdie verklaring van Hertzog was die krisis in die kabinet onvermydelik want die regering „werd nu ten slotte op ondubbelzinnige wijze betwist of belachelik gemaakt.” Toe kol. Leuchars dus aan Botha verklaar het dat hy nie meer langer in dieselfde kabinet as Hertzog kon

/dien nie,.....

(53) Het Westen (Potchefstroom), 11 Februarie 1913. (Inleidingsartikel) (Hertzog-Versameling).

dien nie, het hy slegs die gevoel van die meeste Engelssprekende ondersteuners van die Z.A.P. vertolk. Selfs na De Wildt was Botha nog bereid om Hertzog in die kabinet te hou indien hy (Hertzog) 'n aanneemlike verklaring vir sy uitlatings sou kon gee. Indien hy dit nie wou of kon doen nie, was Botha verplig om aan te dring op sy (Hertzog) se bedanking weens die vertroebeling van die verhouding tussen Suid-Afrika en die Britse Ryk.

Hertzog het op hierdie stadium nog self aan Botha gesê dat hy ten volle die beleid van samewerking onderskryf, maar dat hy nie daarvoor te vinde was dat die een groep sy volksgeskiedenis en tradisies moes opoffer ten koste van 'n ander groep nie.

Volgens Botha het Fischer en Smuts die Donderdag voordat die kabinet ontbind is, na Hertzog gegaan om hom te probeer oortuig om 'n brief van apologie te tekoon waarin hy (Hertzog) verklaar dat hy in die toekoms eers die eerste minister sou raadpleeg voordat hy verklaringe sou maak waaroor daar onenigheid kon kom. Omdat Hertzog geweier het om hiordie brief te tekoon, was hy dus aanspreeklik vir die krisis wat gevolg het.

Ten slotte het Botha verklaar dat Hertzog self gesê het dat hy nie bereid was om langer in so 'n kabinet te dien nie en dat die krisis alleen opgelos kon word as Botha as premier bedank en 'n nuwe kabinet saamstel waarin nóg Hertzog nóg Leuchars sitting sou hê. Botha sê ten besluite dat sy handelwyse die beste was vir die belange van Suid-Afrika en in besonder die belange van die Afrikaanssprekendes. Dit was nou vir die volk om te oordeel of hy verkeerd gehandel het al dan nie. Hy sou hom berus in so 'n beslissing.

(d) Reaksie op Botha se verklaring.

Na hierdie verklaring van Botha het George Brebner, sekretaris van die Provinsiale Vergadering van die Z.A.P. in Bloemfontein, namens die Vrystaatse ondersteuners van Hertzog 'n brief aan Botha gerig waarin Botha versoek word om te bedank. (54) In antwoord daarop laat Botha

/ 'n brief... ..

(54) Gepubliseerde brief van Botha in De Spectator, 7 Junie 1913.

'n brief publiseer, waarin hy o.a. verklaar dat Hertzog die skuldige was, want as lid van die ministerie moes hy die beleid van die eerste minister en die regering uitvoer, maar hy „heeft geweigerd om zich bij de beslissing van die vertegenwoordigers neer te leggen." (55)

As daar dan sprake van skeuring in die Z.A.P. sou wees, sou dit uitsluitlik aan Hertzog te wyte wees, omdat hy en sy volgelinge onkonstitusioneel gehandel het toe hulle hulleself nie wou onderwerp aan die moerderheidsbesluit van die party nie. Ten slotte antwoord Botha vir Brebnor dat hy nie bereid was om te bedank omdat 'n klein groepie partymanne in die Vrystaat dit verlang het nie. As die meerderheid van die volk dit verlang, dan sou hy bedank.

Smuts, die soepele taktikus, het besluit, soos in latere krisistye, om agter die skerm te bly en hom nie te kras uit te laat oor die gebeure in die kabinet nie. (56) Hy doen egter die volgende verklaring om die kabinetskrisis te verduidelik: „Sedert 1902 heeft Genl. Botha z'n uiterste best gedaan om 'n grondslag aan onze politiek te geven van rechtvaardigheid, van gelijkheid, van eergevoel bij alle delen der bevolking. Onze politiek is niet om baas te spelen, maar samenwerking op eerlike, eervolle en eerbare grondslag. Van ons standpunt als hollands Afrikaners zijn grote overwinningen behaald. Ik zeg dus: ik zie geen heil in enige andere politiek, 'tzij van dit nauwere standpunt dat velen van ons natuurlijk baje nader aan 't hart lig, of van 't bredere Zuid-Afrikaanse standpunt." (57)

In antwoord hierop skryf „Verontwaardigd" dat Smuts met hierdie verklaring van hom net sowel openlik kon gesê het dat hy Botha se beleid van konsiliësie heelhartig steun en die „twee-stroom beleid" van Hertzog afkeur. „Zou het niet beter van genl. Smuts geweest zijn om op zulk een verzoek geheel niets over het kabinet te spreken, want elkeen weet dat het zo klaar is als de zon aan het hemel schijnt dat hij de politiek van genl. Botha ondersteunt ... Ik geeft u de verzekering

/dat er.....

(55) Brief van Botha, d.d. 30 Mei 1913, Kaapstad in De Spectator, 7 Junie 1913, p. 9.

(56) Mondelinge mededeling deur mnr. Harm Oost te Pretoria op 6 Julie 1962.

(57) De Volkstem, 31 Desember 1912.

dat er velen in deze Zuidhoek zijn, die diep gegrief is over die oneer genl. Hertzog aangedaan door hem uit het kabinet te sluiten; welke grote zonde heeft hij gedaan? Hij is toch immers de kampvechter van ons volk en onze taal; of moeten wij maar nu eenmaal zwijgen voor de rechten van ons volk en onze taal..." (58)

Uit hierdie brief kry ons 'n aanduiding van die houding en sienswyse van die Afrikaners wat besef het dat daar 'n dieperliggende rede was waarom Hertzog uit die kabinet geskop is. Hulle het besef dat die kampvegter vir die saak van die Afrikaners nou uit die kabinet was en dat Hertzog die enigste persoon was wat uitgesproke genoeg was en nie geskroom het om vir sy volk se regte te veg nie.

(e) Hertzog se weergawe van die kabinetskrisis.

Soos alreeds gemeld het Hertzog hom heeltemal kalm gedra na die kabinetskrisis en geen openbare verklaring oor die aangeleentheid gedoen nie. Daarteenoor het Botha op 11 Februarie 1913 sy eie redes aan die pers verstrek waarom Hertzog uit die kabinet geskop is. (59) Omdat hierdie verklaring, volgens Hertzog, nie die ware redes was nie, het hy op 'n vergadering in Johannesburg die hele krisis breedvoerig bespreek, en o.a. gesê: „Where strength was expected, weakness was found, where principle was to guide, opportunism ruled, and where democracy was to reign, capital triumphed." (60)

Op 8 Maart 1913 het Hertzog hom genoodsaak gevoel om die ware gebeure in 'n ope brief in die pers weer te gee (61) omdat daar soveel verkcerde en verdraaide berigte die ronde gedoen het. In hierdie ope brief wat later (62) in pamfletvorm gepubliseer is, het Hertzog die

/politieke.....

(58) Ons Land, 9 Januarie 1913. (Brief aan die Redakteur) (Hertzog-Versameling).

(59) Sien p. 88-91.

(60) Verslag in The Friend, 11 Maart 1913.

(61) Die ope brief van Hertzog het ook in „Die Week" van 14 Maart 1913 verskyn. (Hertzog-Versameling).

(62) Antwoord van Generaal Hertzog op die open Brief van Genl. Botha, 8 Maart 1913, Kaapstad. (Hertzog-Versameling).

politieke gebeure sedert 1910 breedvoerig uiteengesit en daarop gewys dat die Engelse pers vanaf die begin oral uitgeskreeu het dat Hertzog nie in die Unie-parlement opgeneem moes word nie weens die „rassehaat“ wat hy aangewakker het met sy Onderwyswet van 1908. Omdat sy teenwoordigheid in die kabinet hulle nog altyd gegrief het, het hulle nou die ideale geleentheid gesien om Hertzog se stem vir goed stil te maak sodat Botha se konsiliatiebeleid sonder enige teenkanting kon seëvier.

Hertzog verklaar verder dat op 19 Mei 1910, d.w.s net voor Uniewording, Smuts hom te Mount Nelson, Kaapstad, genader het en 'n betrekking in die Appélhof aangebied het. Hertzog het egter die aanbod van die hand gewys, want as die aanbod wel aanvaar sou word, sou hy sy volk in die steek gelaat het omdat hy dan noodwendig uitsprake sou moes gee ten gunste van die regering. Dit was 'n fyn set van Smuts en Botha om vir Hertzog van die politieke terrein weg te hou.

Op Sondag 22 Mei 1910 het F. S. Malan aan Hertzog verklaar dat hulle voorlopig 'n ministerie van sewe lede gaan daarstel tot na die algemene verkiesing. Drie setels sou dan oopgelaat word en dan sou Hertzog waarskynlik 'n portefeulje kry. Hertzog het egter daarteen beswaar gemaak omdat dit die begin sou wees van 'n politieke set van die Botha-manne wat aan die volk sou vertel dat Hertzog wel in die kabinet opgeneem sou word. Sodoende sou hulle die steun van die Vrystaat kry in die algemene verkiesing, iets waarop Botha baie staatgemaak het. Nog 'n beswaar teen hierdie plan van Botha-hulle was dat as Hertzog nie vanaf die begin in die kabinet opgeneem wou word nie, sou die taal- en onderwyskwessie, iets waarvoor Hertzog geveg het sedert die oorlog, geweldig skade ly, want daar was niemand anders wat die taak op sy skouers sou neem om in Hertzog se plok op te tree as kampvegter vir die Afrikaanse taal nie.

Op Maandag 23 Mei 1910 het Botha vir Hertzog na die Mount Nelson-hotel ontbied en daar het Smuts vir Hertzog meegedeel dat hy wel in die kabinet opgeneem sou word. Botha self het egter geen enkele woord daaroor gerep nie. Uit hierdie optrede van die Botha-manne blyk dit duidelik dat hulle alles probeer het om Hertzog uit die kabinet te hou,

/maar.....

maar dat hulle dit op so 'n geslepe wyse gedoen het dat die Vrystaters dit nie agtergekom het nie, want Botha en Smuts het beseef dat sonder die steun van die „Orangia Unie" in die Vrystaat, die „Het Volk" - party van Botha in Transvaal nooit die meerderheid in die algemene verkiesing sou bohaal nie.

Net na die samestelling van die Unie-kabinet, toe Hertzog en Botha begin saamwerk het, het die Engelse pers dadelik begin skreeu teen die Onderwyswet, sodat Hertzog vir Botha versoek het om 'n persverklaring te doen en die saak vir altyd reg te stel. Botha het egter hierdie versoek geweier en dit bewys weer eens sy vrees vir die opposisieters en andersdenkendes. Hulle het toe alreeds daarop aangedring dat Hertzog nie in die kabinet moes gewees het nie.

Reeds op 10 Junie, slegs olf dae na Uniewording, probeer Botha sy teenstanders tevrede stel deur Hertzog se Onderwyswet te probeer wysig. Hertzog het egter daarteen beswaar gemaak. „Met andere woorden, ik had gedurig te kampen met de Eerste Minister," het Hertzog voortgegaan. (63) Dus gedurende die eerste sitting van die Unie-parlement kom Botha se swakheid weer eens na vore toe die vyande van die Afrikaner hom daartoe dryf om die Onderwyswet te verander tot hulle bevrediging. Hulle beswaar was teen die verpligte onderrig van Hollands aan Engelsprekende kinders. Hertzog het toe ingestem om hierdie verpligting weg te laat. Net daarna kom hulle met 'n tweede set, naamlik dat die kinders op skool nie verplig moes word om hulle moedertaal te leer nie. Hierop het Hertzog gedreig om te bedank as hulle die Onderwyswet sou wou wysig.

Die Opposisie was egter nog nie klaar om in die onderwysake in te meng nie en in Augustus 1911 probeer Botha hulle weer tevrede stel deur in te meng met die Vrystaatse onderwyswet. Botha het naamlik voorgestel om 'n brief aan dr. Ramsbottom, die Administrateur van die

/Vrystaat.....

Vrystaat, namens die regering te rig en so 'n voorstel te maak. Hierop het Hertzog weer eens gedreig om te bedank.

Op hierdie stadium het Hertzog besef dat die tyd aangebreek het om aan Botha persoonlik te verklaar dat hy nie meer bereid was om saam te werk as Botha hom nie vertrou nie. Hertzog het Botha toe aan sy woning gaan besoek en vertel hom van sy voorneme en verklaar dat hy (Hertzog) al lankal uit die kabinet sou bedank het, was dit nie dat so 'n stap die saak van die Z.A.P. groot skade sou aandoen nie. Hy gaan voort en praat met Botha oor gerugte wat deur die Premier se ondersteuners versprei is dat Hertzog begerig was om Botha se plek as premier in te neem. Hierop het Botha verklaar dat hy geen geloof aan hierdie gerugte heg nie. Vir die volgende vyftien maande tot Dinsdag (17 Desember 1912) na die De Wildt-toespraak, het Hertzog 'n rustige tydperk deurgemaak.

Daarna wy Hertzog breedvoerig uit oor sy toespraak op Nylstroom en De Wildt waar hy sy haat teen die „vreemde Fortuinsoekers" uitgespreek het. Hierdie verklaring van Hertzog was die groot rede vir die onenigheid met Botha want laangenoemde kon nie duld dat wanneer Hertzog gepraat het van die „vreemde Fortuinsoekers" hy die leiers van die Opposisie bedoel het nie. Hertzog het dit nooit gesê nie en Botha het sy eie gevolgtrekkings gemaak.

Sir Thomas Smartt het 'n paar dae voor die De Wildt-toespraak verklaar dat hy een van die persone was wat daarvoor gestem het dat die Britse regering die Kaapse konstitusie van selfregering wegneem. „Indien ik het antwoord van Sir Thomas Smartt goed begriip, dan zegt hij dat hij heeft gedaan omdat bij hem de belangen van de „Empire" gesteld worden boven de belangen van Zuid-Afrika. Wel „nu", ging ik voort, „dat is juist waar ik verschil van Sir Thomas Smartt. Bij mij gaan de belangen van de een in botsing komen met die van de andere, daar stel ik die van Zuid-Afrika voorop" het Hertzog gesê na aanleiding van

/sy uitlatings.....

sy uitlatings op Nylstroom en De Wildt.

Hieroor het Botha aan Hertzog verklaar dat sy (Hertzog) se houding teenoor Imperialisme die oorsaak was waarom kol. Leuchars uit die kabinet bedank het. Hertzog se antwoord hierop was dat Botha die idee van „imperialisme“ verwar het met die van Britse „ryk“, daarom was hy so ontsteld.

Verder het Hertzog ook sy optrede verklaar waarom hy geweier het om die konsepbrief wat deur Smuts en Fischer opgestel is, te onderteken, want volgens hom was dit kol. Leuchars wat verkeerd opgetree het en nie hy nie.

Botha het ook gesê dat 'n verantwoordelike minister van die Ryk nie sulke uitlatings kon maak soos Hertzog op Smithfield en De Wildt gemaak het nie. Hierop was Hertzog se antwoord: „Laat mij toe Generaal Botha te vragen vanaf wanneer toch hij is aangesteld als Minister van de Empire?“

Volgens Hertzog het Botha ook self getoon hoe ver sy beleid van konsiliasie hom gevoer het toe hy in sy ope brief verklaar het dat die taalkwessie en demonstrasies soos voorgestel deur Hertzog, verwerp is „uit vrees dat de Engelssprekende er aanstoot uit zouden nemen.“ Hoe kan iemand dan aanstoot neem as 'n ander vir die behoud van sy eie taal veg?

In sy ope brief verklaar Botha dat Hertzog die oorsaak was dat daar 'n skeuring in die Z.A.P. gekom het, maar Botha self het die grondbeginsels van die Z.A.P. versaak deur sy weiering om die taalklousule so te aanvaar. Botha, en nie Hertzog nie, was dus die oorsaak van die skeuring.

Hertzog sluit af met die verklaring dat daar geen plek vir hom in die Botha-kabinet meer was nie want „De weg van Generaal Botha is de mijnen niet. Ik kan, noch mag, hem daarop volgen.“ Die volk moet dus nie weer daarop aandring dat Hertzog teruggeneem word in die Kabinet nie; hulle moes hulleself afvra of die weg wat Botha bewandel, die heil van Suid-Afrika inhou. „De beslissing zal door't volk moeten

/gegeven worden.“...

gegeeuen worden."

Hertzog het ook aan „Die Week" 'n verklaring gemaak waarin hy die verloop van sake noukeurig verhaal het.

Die wyse waarop Hertzog hierdie hele aangeleentheid uiteengesit het, getuig van sy logiese redenasievermoë. Hy het alle aanleidende oorsake, wat die klimaks bereik het met die kabinetskrisis, kronologies verduidelik sodat almal kon sien dat die ware rede van die botsing tussen Botha nie net herlei kon word na een of twee uitstaande gebeurtenisse nie, maar dat die sienswyse en optrede van Botha vanaf die Nasionale Konvensie direk verantwoordelik was vir die onvermydelike botsing.

Toe Hertzog met sy kontensieuse O.V.S.-Onderwyswet van 1908 aan Suid-Afrika getoon het dat hy nie die onreg aan die voormalige Hollandsprekende republieke gedaan, ongedaan sou laat nie en toesien dat Milner se ideaal om Suid-Afrika te verengels, verwesenlik word, het die Engelssprekendes geweet dat hulle in Hertzog 'n vasberade teenstander sou vind wat sou veg vir die voortbestaan van die Afrikanervolk.

Botha was deeglik bewus van die feit dat die Engelssprekendes 'n bedreiging gesien het in die beleid wat Hertzog verkondig en voorgeveg het, en daarom het Hertzog dit betreur dat Botha gedeel het in die sienswyse van die Engelstalige Opposisie. As Hertzog se beleid veld sou wen, sou dit Botha se plan van samewerking met alle blanke groepe in Suid-Afrika verongeluk.

Hertzog se optrede het Botha in 'n baie ongemaklike en onbenydenswaardige posisie geplaas want laasgenoemde wou almal probeer tevrede stel. Om sy beleid van konsiliassie in die praktyk uit te voer, moes Botha die steun van die Engelssprekendes kry, maar om die algemene verkiesing in September 1910 te kon wen, het Botha en sy ondersteuners besef dat hulle nie sonder die steun van die Vrystaat sou kon klaarkom nie.

/Botha.....

Botha het verskeie kere aan Hertzog verduidelik dat hy ook die beleid van „Suid-Afrika eerste" ondersteun, maar hy (Botha) wou nie gehad het dat Hertzog dit openlik moes verkondig nie omdat dit net onenigheid kon veroorsaak!

Die konsepbrief wat Smuts en Fischer, op aanbeveling van Botha aan Hertzog voorgelê het, was volgens Hertzog 'n verdere bewys daarvan dat Botha se bedoelings met Hertzog nie opreg was nie, want die premier het geweet, toe hy vir Smuts en Fischer na Hertzog gestuur het, dat Hertzog uit die kabinet gelaat gaan word. Hierdie brief van apologie wat Hertzog dan sou skryf, sou Botha dus van alle blaam onthef ná die kabinetskrisis.

Ten slotte het Hertzog gesê dat die uitlatings wat hy op Nylstroom en De Wildt gemaak het, nie die ware oorsaak van die daaropvolgende botsing was nie, maar dat Botha na die toesprake besef het dat dit nou die gulde geleentheid was om van Hertzog ontslae te raak.

Botha self, en nie Hertzog nie, was dus die oorsaak daarvan dat daar 'n krisis in die kabinet ontstaan het.

HOOFSTUK V

HERTZOG SLAAN 'N DIE POLITIEKE RIGTING IN

(a) Begin van Skeuring.

(1) Die sienswyse en optrede van die Afrikaners ná die Kabinets-
krisis.

Die „oplossing“ van die kabinetskrisis was net die begin van 'n veel wyer en diepgaande krisis in die Suid-Afrikaanse Party. In stede daarvan dat die stryd, wat om beginsels gegaan het, deur die uitsetting van genl. Hertzog besweer is, was hierdie stap die regstreekse aanleiding tot die stigting en afskeiding van die Nasionale Party.

„Vir baie Afrikaners was hul rigting na De Wildt weer duidelik. Uit die verwarring het genl. Hertzog se politieke belydenis soos 'n ligstraal uit die duister geskiet - die pad wat moes lei na staatkundige selfstandigheid was aangedui.“ (1)

Oral in die land het daar onder die Afrikaners verontwaardiging geheers oor die behandeling wat Hertzog ontvang het. Omdat daar soveel gerugte die rondte gedoen het oor wat werklik plaasgevind het, het niemand presies geweet wat gebeur het nie. President Steyn, wat maar altyd almal se raadgewer was, het van die kabinetskrisis verneem terwyl hy besig was om aan te sterk in „Die Wildernis“ naby George. (2) Hy was so hewig ontstel daaroor, dat hy weer 'n toeval gekry het en daar vir sy lewe gevrees is. Briewe en telegramme het van alle kante na die oud-President gestroom waarin om raad gevra is. Die meeste briewe het by hom aangedring om die breuk tussen Hertzog en Botha te probeer keer, want so 'n verwydering tussen hulle sou 'n breuk in die Afrikaner-volk veroorsaak, iets wat ten alle koste vermy moes word. (3)

Omdat pres. Steyn self nie presies geweet het wat gebeur het nie,
/het hy.....

(1) Van Rooyen: op. cit., p. 4-7.

(2) Sien p. 87, voetnoot 37.

(3) Van der Merwe: op. cit., p. 258.

het hy sy vrou gevra om persoonlik aan Hertzog te skryf en hom te vra wat sy planne vir die toekoms was, want baie persone wou van die oud-President weet wat die toekoms ingehou het en hy kon nie verduidelik alvorens hy nie self van Hertzog verneem het nie. (4)

Uit die twee briewe van pres. Steyn en dr. Ramsbottom het dit duidelik geblyk dat daar nou geen sprake nog kon wees van versoening tussen Botha en Hertzog nie, want pres. Steyn het die party alreeds as geskeur beskou terwyl dr. Ramsbottom op die ontstaan van 'n nuwe party gesinspeel het.

Uit hierdie twee briewe blyk dit duidelik dat daar nou alreeds besef is dat die skeuring in die geledere van die Suid-Afrikaanse Party onvermydelik was. Pres. Steyn, die raadgewer van baie politieke leiers, waaronder Botha, Fischer en natuurlik Hertzog, het die Vrystaters goed geken en besef dat hulle nou vir Hertzog, soos nog altyd in die verlede, sou volg en saam met hom wegbreek en 'n nuwe politieke rigting inslaan.

Die skerp reaksie van die Afrikaners omdat Hertzog uit die kabinet gelaat is, bereik in Transvaal sy hoogtepunt met die toespraak van Tielman Roos op 19 Desember en 'n protesvergadering op 28 Desember 1912 langs die standbeeld van Paul Kruger in Prinsespark, Pretoria. (5)

Op 19 Desember 1912 het Tielman Roos die volk aangespoor om te kies tussen „nasionaisme” en „imperialisme”. Sedert 1907 het die Transvaalse leiers gepraat van konsiliasie en koöperasie terwyl die leiers in die Vrystaat glad nie hierdie onderwerp aangeroei het nie. Roos wys verder daarop watter afmetings die konsiliasiebeleid van Botha aangewys het toe Botha tydens die algemene verkiesing in 1910 in sy eie kiesafdeling Pretoria-Oos daarmee gespog het dat hy meer

/Engelssprekende....

(4) Sien p. 87.

(5) Raadpleeg ook Van Rooyen: op. cit., p. 7.

Engelssprekende as Afrikaanssprekende amptenare in die staatsdiens aangestel het. Kan daar dan nog enige twyfel bestaan oor watter rigting hulle moes inslaan? „Morgen en in de dagen die komen, zal het Afrikaanse volk de vraag moeten beantwoorden: wie zij zullen volgen?

„Kan het volk 'n ander antwoord geven dan - „Generaal Hertzog'. Onze Afrikaanse taalvechter, die bereid is geweest om alles op te offeren voor land, volk en taal. Een man tegen wie die Jingo pers geraast en geschreeuwen heeft voor jaren, en die vandaag opgeoffert is om die Natalers te paaien - een slachtoffer op het altaar van Imperialisme." (6)

Daarna het „Die Week", 'n beroep op alle opregte Afrikaners gedaan om na die demonstrasie te Prinsespark te kom om aan Hertzog te toon, dat al was hy nie meer minister nie, „hij toch beschouwd wordt als de Voorman van duizenden Transvalers." (7)

Generaal Hertzog se vurigste ondersteuners, waaronder Tielman Roos en Harm Oost het hulleself die „Jong Turke" genoem. Tydens 'n vergadering in die redakteur van „Die Week", Harm Oost, se kantoor, het Tielman Roos voorgestel dat hulle vir genl. Hertzog 'n dinee moes gee na sy ontslag uit die Kabinet. Harm Oost het egter voorgestel dat hulle 'n volksvergadering moes belê sodat die hele volk kon weet watter standpunt hulle teenoor die kabinetskrisis moes inneem. So is dan besluit om op Saterdag, 28 Desember, 'n demonstrasie in Pretoria te hou. (8)

Op Saterdag 28 Desember 1912 word die beroemde „Mishoopvergadering" in Prinsespark, Pretoria-Wes gehou teen die uitwerping van Hertzog uit die kabinet. Om negge-uur sou adv. Tielman Roos, die voorsitter van

/die.....

(6) Die Week, 19 Desember 1912.

(7) Ibid.

(8) 'n Artikel persgereed gemaak deur mr. Harm Oost, maar wat nooit verskyn het nie, Pretoria, September 1963.

die „Komite Hertzog demonstratie" en na hom genl. Christiaan de Wet 'n rede voer en daarna sou almal na die huis van Hertzog gaan. Daar word toe 12 stoele op die mishoop (in werklikheid 'n hoop strooi, omdat hulle geen ander verhoog gehad het) geplaas, en Tielman Roos vra vir ds. Fourie van Bronkhorstspuit om die vergadering met 'n gebed te open. Hy bid: „Wij bidden U bewaar ons voor revolusie, maar geef ons kracht en moed, waar't onze heilige beginselen geldt, om ons niet te schamen. Wij kunnen niet helpen dat Gij ons Suidafrikaners hebt gemaakt. Wij bidden U ons te helpen dat wij onze roeping zullen verstaan en dat Gij ons zult troosten waar wij niet alles vinden zoals wij dit hebben gewens. Wij bidden U om genl. Hertzog te sterken en ons kracht te geven om te tonen dat God nog altoos woont in 'n midden van Zijn volk." (9)

Daarna het genl. de Wet die ongeveer vyfduisend toeskouers toegesprek en onder andere verklaar dat hy liever met sy volk op 'n mishoop wil wees as om in die paleise van die Britse Ryk te sit. Hier het hy verwys na Botha se besoek tydens die Imperiale konferensie in 1911. Daarna het die skare na Hertzog se huis gegaan en hom op 'n tafeltjie getel, waar hy hulle toegesprek en sy verontwaardiging gelug het oor die swakheid en beginselloosheid wat tydens die krisis openbaar geword het. Na sy toespraak het die skare hom skouerhoog na sy huis gedra en vertrek. Genl. de Wet, Tielman Roos en andere het toe agtergebly om 'n waaksaamheidskomitee te stig. (10)

Hierdie vergadering het baie ordelik verloop en die hoofdoel daarvan was om nog te probeer om die skeuring in die geledere van die Afrikaners te probeer verhoed. Daar was op hierdie stadium geen openlike voorneme om 'n rigting in te slaan en weg te breek van die Suid-

/Afrikaanse.....

(9) De Volkstem, 31 Desember 1912.

(10) De Volkstem, 31 Desember 1912.

Van Rooyen: op. cit., p. 7.

Sien ook 'n artikel in Die Huisgenoot, „De Wildt na Vyftig Jaar" - Swart, Marius J. (7 Desember 1962)

Afrikaanse Party nie, hoewel baie alreeds heimlik daarvoor gevoel het.

Tielman Roos het die leiding op hom geneem en eerste die aanwesiges toegesprek. Hy het dit op 'n baie besadigde wyse gedoen, wat vir hom baie ongewoon was, want hy wou nie die volk aanspoor tot 'n skeuring nie. „Ons wil genl. Hertzog onder die volk terug hê, en al die praatjies van skeuring is somer lasterpraatjies. Ons wil een volk bly!" (11)

Die gees van die hele vergadering was een van verontwaardiging omdat Hertzog, hulle kampvegter, uit die kabinet gelaat is. Al wat hulle wou gehad het, was dat hy weer in ere herstel moes word. Op hierdie stadium was daar dus nog geen sprake van openlike skeuring in die S.A.P. nie.

Dat die meeste Afrikaners 'n skeuring gevrees het en dit wou verhoed, blyk uit 'n brief wat Tielman Roos net voor die Hertzogdemonstrasie ontvang het. Die skrywer daarvan verklaar dat hy ten gunste was van so 'n demonstrasie, maar dat Hertzog dan die hele aanleentheid aan die volk moes stel, maar dat daar baie versigtig te werk gegaan moes word. „Doch hierop wil ik eigenlijk komen, wij moeten in deze zaak zeer voorsichtig zijn en met verstand en de grootste bezadigheid te werk gaan, daar het zoo ligt een verkeerde richting kan nemen en ons land en volk nooit in de geschiedenis weer de eensgezindheid en eendracht van node had, dan juist nu, een enkele fonkje in de kruit en enkele split - ... en de oppositie kruipt in en waar staan wij dan?" (12)

Vergelyk daarmee 'n telegram aan Tielman Roos op 23 Desember 1912 van die „Irish Americans". „Kindly inform what time be at late president's statue regards Hertzog demonstration. We sympathise therefore will send representatives." (13)

/ 'n Verdere.....

(11) Mondelinge mededeling deur Mnr. Harm Oost, Pretoria, September 1963.

(12) Brief van F. C. Eloff aan Tielman Roos, d.d. 23 Desember 1912, Franzina Villa, Pretoria. (Hertzog-Versameling).

(13) Hertzog-Versameling.

'n Verdere bewys dat die merendeel van die Afrikaners 'n skeuring in hulle geledere ten alle koste wou vermy, word gevind in 'n brief aan Tielman Roos waarin die skrywer verklaar, in antwoord op 'n uitnodiging om die demonstrasie op 28 Desember by te woon, dat hy 'n bewonderaar van Hertzog was, maar dat hulle nie die geledere van die Z.A.P. moes verswak deur verdeeldheid om 'n derde party te stig nie: „... Ik weiger om te geloof dat julle so iets gaat doen, want dan gaat Smartt met zijn mense ons vir die volgende twintig jaar of meer regeer.” (14)

Intussen is daar voortgegaan om 'n Hertzogkomitee of Dagbestuur te verkies wat voorlopig net uit drie lede bestaan het, naamlik Tielman Roos (Voorsitter), A. F. van Gass en Jan Joubert. Hulle taak was eers- tens om toe te sien dat drie sake van aktuele belang in die oog gehou word, naamlik:

1. was dit werklik so dat Hertzog uit die kabinet geskop is omdat hy die beleid van „Suid-Afrika eerste” verkondig het, of was daar 'n dieperliggende oorsaak;
2. hulle was verontrus dat J. W. Sauer, wat Minister van Naturelle Sake was, 'n „kafferboetie” was en gevolglik nie die belange van Blank Suid-Afrika sou behartig nie;
3. hulle belangrikste taak was om die beleid van die regering, wat die belange van die Britse Ryk voor die van Suid-Afrika stel, noukeurig dop te hou en te kyk hoe ver hulle sou afwyk van die grondbeginsels van die S.A.P. (15)

Daar is verder ook besluit om dwarsdeur die land dagbesture te kies om die houding van die volk te pols en aan een sentrale liggaam

/verslag.....

(14) Brief van H. H. Joubert aan Tielman Roos, d.d. 23 Desember 1912. Middelburg, Transvaal. (Hertzog-Versameling).

(15) Die Week, 9 Januarie 1913.

verslag te doen en toe te sien dat die beginsels van die S.A.P. uitgevoer word.

Op 27 Desember 1912 het Smuts 'n vergadering van die Suid-Afrikaanse Party op Rustenburg toegespreek. Diplomaties soos hy was, het hy nie 'n enkele woord gerep oor die kabinetskrisis nie, maar verklaar dat die beleid van Botha nog altyd een was van „onderlinge vertroue tussen twee blanke rasse“, en dat dit „die enigste heilsame vir Suid-Afrika kan wees“. (16) Die vergadering wat eintlik wou hoor wat sy opinie van die kabinetskrisis was, was ontevrede en is uiteen met die woorde: „Hertzog! Hertzog.“ Die aanhang van Hertzog het dus al groter geword.

Vir diegene wat nie die „Mishoop“-demonstrasie in Pretoria kon bywoon nie, is daar 'n demonstrasie op 28 Desember 1912 te Rustenburg gehou. Waar die volk tot nou toe verward en verslae was oor die gebeure in die kabinet, en slegs hulle verontwaardiging uitgespreek het teen die wyse waarop Hertzog behandel is, het hulle nou openlik teen Botha uitgevaar. Tydens die Rustenburg-demonstrasie het hulle dan ook 'n mosie van wantroue in Botha ingestel en die beleid van Hertzog ondersteun. (17)

Waar daar aanvanklik verslaentheid geheers het onder die Afrikaanssprekendes na Hertzog se weglating uit die Kabinet, het al meer van sy aanhangers besef dat hulle kampvegter nou van die politieke terrein verwyder was en dat hulle nie meer iemand gehad het wat openlik vir hulle regte sou veg nie. Daarom het hulle nou tot openlike verset en daadwerklike teenkanting teen Botha oorgegaan. Hulle het besef dat hulle nou moes kies tussen die beleid van konsiliasio, soos verkondig

/deur Botha.....

(16) The Friend, 28 Januarie 1912.

(17) Die Week, 9 Januarie 1913.

deur Botha, en dié van Hertzog wat die belange van Suid-Afrika bo allos gestel het.

Die skeuring wat gaandeweg in die geledere van die S.A.P. gekom het, was nie die gevolg van doelbewuste optrede nie, maar 'n groot deel van die volk het gevoel dat hulle nie hulle beginsels sou verkrag net ter wille van 'n onverdeelde S.A.P. nie.

As bewys van sy meegevoel met Hertzog, het genl. Christiaan de Wet sy bedanking as lid van die verdedigingsraad op 30 Desember 1912 ingedien. (18)

Pres. Steyn het nie gaan stilsit nie, maar die onreg aan Hertzog gedaan in die Vrystaat gaan verkondig. Op 15 Januarie 1913 het hy in die Dewetsdorpse stadsaal 'n vergadering toegesprek. Hy verklaar dat: „die „Volkstem“, of liever die Eerste-Minister's stem, kon geen skerpere woorden vinden, dan dat Generaal Hertzog had gezegd: Eerst Z. Afrika en dan het Britse Rijk. Welke recht denkenden man, zelfs in Engeland kan daartegen objektie hebben? ... Het is in mijn opinie een vooraf klaar gemaakt komplot, en ze wachten net op de gelegenheid om van Genl. Hertzog ontslagen te kunnen raken.” (19)

„Die Week” verklaar ook verder dan N. G. M. Hoffman van Wepener op 7 Januarie 1913 geskryf het dat die volk die skeuring in die S.A.P. betreur, maar dat hy onmoontlik nog vir Botha kan volg omdat hy hulle in die steek gelaat het. Botha het 'n groot man geword omdat die hele volk hom ondersteun het, maar deur sy optrede word hy nou deur die volk geminag. Hy (die skrywer -) weet self nie wat Botha se werklike beweegroede was om Hertzog uit te skop nie, maar sodoende het hy in die hande van die opposisie gespeel, want hulle juig oor die weglating van Hertzog. (20)

/Op 23 Januarie.....

(18) Die Week, 9 Januarie 1913.

(19) Die Week, 16 Januarie 1913.

(20) Die Week, 16 Januarie 1913.

Op 23 Januarie 1913 is die besluite van die Waaksaamheidskomitee gepubliseer. Dit het as volg gelui:

„Het Dagelijks Bestuur van het Hertzog Komitee heeft besloten.

Eersten: dat de naam van het algemeen komitee zal zijn: het Nationale Waaksaamheids Komitee.

Tweedens: dat het streven van het Werkende Komitee (Dagelijks Bestuur) zal zijn om uiteindelik te weeg te brengen, dat 'n volkskongres bijmekaar geroepen word.

Derdens: dat het op het ogenblik wenselik is te zien of er geen gehoor door de Eerste Minister gegeven zal worden in de eerste dagen van de aanstaande Parlementzitting, om genl. Hertzog te herstellen in zijn positie, overeenkomstig de wil des volks, zoals die uitgedrukt is door resoluties enz. als dit herstel niet plaats vindt, moet de grootste verantwoordelikheid rusten op hen, die tegen de wil des volks genl. Hertzog eerst uitgewerkt hebben en nu weigeren hem te herplaatsen, waar hij behoort te zijn om praktiese uitvoering te geven aan de beginsels van de Zuid-Afrikaanse Partij." (21)

Al het die Jingo pers gejuig oor Hertzog se uitstoting en al wou hulle die volk laat verstaan dat Hertzog self die steun van baie van sy getroue volgelingen verloor het, was die geval in werklikheid die teenoorgestelde. Die draadsitters en Afrikaanssprekendes wat, net soos Botha en Smuts, die enigste heil vir Suid-Afrika in die Britse Ryk gesien het, het natuurlik vir Botha geprys oor sy optrede, maar baie opregdenkende Engelssprekendes wat Suid-Afrika as hulle vaderland gesien het, het met Hertzog gesimpatiseer.

So skryf William Allan dat hy nog altyd 'n vyand van Hertzog was weens sy Onderwyswet, maar dat Hertzog baie ondersteuners sal wen onder die Engelssprekende bevolking, omdat hy die moed van sy oortuiging het as hy praat van „Suid-Afrika eerste": „... you would
/have no.....

(21) Die Week, 23 Januarie 1913.

have no difficulty in getting a large following in South Africa, even among your so-called enemies, of which I am distinctly one. Courage is always to be admired, even among one's enemies, and I am merely writing to express the admiration I have for you being big enough to make the public speech to which I have referred." (22)

Nog 'n Engelssprekende ondersteuner van Hertzog uit Wolmaransstad skryf dat die Botha-manne baie aktief in Wes-Transvaal was, en dat party onnadenkendes die Botha-argument glo, dat as Hertzog nie uit die kabinet geskop is nie, Engeland oorlog teen Suid-Afrika sou verklaar! Sy opmerking was: „... I consider it is far better to have a small following of true and greatful men, than an army of selfish cowards. Eventually you must succeed and your reward will be great." (23)

Op 20 Februarie 1913 skryf W. H. Turpin dat hy die stap betreur dat Hertzog uit die kabinet geskop is. Hy respekteer en admireer Hertzog se ideale en al is hy teen hom gekant omdat hy (Turpin) 'n Unionis is, hoop hy dat Hertzog herstel sal word in die kabinet ter wille van die belange van Suid-Afrika. (24)

Theodor Becher skryf uit Zoeloeland dat hy vir die eerste keer besef het wat in Suid-Afrika aangaan nadat Hertzog sy Smithfield-toespraak gelewer het. Sy oë het toe oopgegaan vir die fortuinsoekers wat geen belange in Suid-Afrika gehad het nie maar slegs die rykdomme van die land wou uitbuit. „I trembled at the dangers created by invasion of fortune hunters who, like vampires, would suck the life-
/blood.....

-
- (22) Brief van William Allan aan Hertzog, d.d. 13 Desember 1913, „Canadian Explosives Limited, Montreal, Kanada. (Hertzog-Versameling). (Nadat Mnr. Hugh Gunn deur Hertzog ontslaan is as Direkteur van Onderwys in die O.V.S., het hy in pamfletvorm die hele aangeleentheid vanaf sy kant verduidelik. Hierdie pamflet is aan die huis van William Allan geskryf).
- (23) Brief van F. W. König aan Hertzog, d.d. 25 Mei 1913, Wolmaransstad. (Hertzog-Versameling).
- (24) Brief van W. H. Turpin, prokureurs, Calvinia, aan Hertzog, d.d. 20 Januarie 1913. (Hertzog-Versameling).

blood from our country and fly off leaving a dead body." (25)

Baie persone het nog soos vroeër na Hertzog opgesien vir raad, asof hy nog in die kabinet was. Op 22 Januarie 1913 skryf Ida G. Hyett namens die „Women's Enfranchisement Association of the Union of South Africa" of Hertzog, al was hy nie meer 'n kabinetsminister nie, hulle sou toespreek oor stemreg vir vroue.

Andreas Coetzee van Burgersdorp skryf dat die houding van Botha die hele volk geskok het en ook getoon het dat Botha nie die man was wat die volk gedink het hy is nie. Hy het ook nou 'n presedent geskep, want hy het bedank om sodoende 'n nuwe kabinet saam te stel, sonder Hertzog daarin: „In de toekomst kan men, volgens neergelegde president, in ons land slegs dan minister wees als hij 'n imperialist is. Is daar 'n o'erwinning o'er genl. Hertzog behaal?" (26)

Nog 'n treffende voorbeeld van wat party Engelssprekendes van Botha se konsiliatiebeleid gedink het, was die volgende telegram: „I sympathise with you. General Botha's first duty is to satisfy, pacify and unify his own people. His Jingo conciliating policy should have died at Pretoria when he was defeated by Fitzpatrick. It is time that we ask Botha whether he is our prime minister or the conciliating agent of the Jingos." (27)

Die meeste Afrikaanssprekende predikante het alles in hulle vermoë probeer doen om 'n skeuring te voorkom, soos ds. J. D. Kestell wat op 27 Desember 1912 aan Hertzog geskryf het dat dit verblydend was om te beseef dat die belange van Suid-Afrika vir Hertzog alles beteken het. Hy het nie alleen gepraat nie, maar ook daadwerklik opgetree in belang van sy land en sy volk. Hy skryf verder „Nou, u bly tog met ons. Ek is dankbaar dat u so duidelik verklaar het dat u niks gaan doen om ons

/party.....

(25) Brief van Theodor Becker, Eshowe, Zoeloeland aan Hertzog, d.d. 14 Januarie 1913. (Hertzog-Versameling).

(26) Brief aan „De Stem", Burgersdorp, 19 Desember 1912. (Hertzog-Versameling).

(27) Telegram van J. Arnold aan Hertzog, Drie-ankerbaai, 16 Januarie 1913. (Hertzog-Versameling).

party in die weg te staan nie..." (28) Andere het egter besef dat die volk van Suid-Afrika op 'n kruispad gestaan het en moes kies tussen die beleid van Hertzog of dié van Botha. „Verbitterd, Vertoorn, Verdrietig. Vorm een nuwe partij de Edelsten uws Volks aan uw zijde." (29)

(2) Die volk eis duidelikheid oor die afgelope gebeure.

Namate die verontwaardiging en verbasing begin afneem het oor die wyse waarop Hertzog behandel is, het die idee onder baie Afrikaanssprekendes begin posvat dat die volk moes besluit watter weg daar gevolg moes word. Hulle het naamlik geëis dat daar 'n kongres van die Suid-Afrikaanse Party gehou moes word sodat die volk op so 'n vergadering kon besluit of hulle langer Botha as hulle leier moes volg, en of hulle Hertzog as hulle nuwe leier wou beskou. (30)

Na die „Mishoop"-vergadering te Prinsespark, Pretoria-Wes op 28 Desember 1912, is daar onder leiding van Tielman Roos 'n waaksaamheidskomitee (31) gestig om toe te sien dat Hertzog weer in die Kabinet opgeneem sou word.

Die idee van 'n volkskongres van die S.A.P. het alreeds onder baie ondersteuners van Hertzog posgevat en vervolgens het die Waaksaamheidskomitee in die pers sodanige gedagte openlik uitgespreek, nie slegs om die Afrikaanssprekendes aan te spoor om te toon dat hulle vir Hertzog ondersteun nie, maar ook om dit onder die aandag van Botha en Hertzog se vyande te bring hoe die volk oor dié aangeleentheid gevoel het.

/Dear het.....

(28) Aangehaal by Van den Heever: op. cit., p. 319.

(29) Telegram van Ds. Steenkamp, Nieuwoudtville, aan Hertzog, 21 Desember 1912. (Hertzog-Versameling).

(30) „Zuid-Afrika - De Transvaler", 28 Februarie 1913. (Hertzog-Versameling).

(31) Die Waaksaamheidskomitee het uit die volgende persone bestaan: Tielman Roos (voorst.); H. S. Webb (sekr.); Jan Joubert, A. F. van Gass; H. Reitz (seun van die oud-President); C. F. Steyn (seun van die President) en C. T. te Water. („Die Week", 20 Februarie 1913).

Daar het herhaalde versoeke, van veral die Vrystaters, gekom dat Botha moes bedank omdat hy die belange van die Afrikaners versaak en slegs dié van die Britse Ryk in gedagte gehad het. Hulle het nie meer vertroue in hom gehad nie en dit sou slegs sy plig wees om te bedank. (32) As antwoord op hierdie versoek het Botha verklaar dat hy nie bereid was om te bedank omdat 'n klein groepie partymanne dit in die Vrystaat verlang nie, maar as dié meerderheid dit sou verlang, hy dan sou bedank. Die volk moes daarvoor besluit, was sy antwoord ten slotte. (33)

In 'n artikel in „Zuid-Afrika - De Transvaler" dring hierdie koerant ook daarop aan dat 'n kongres van die Suid-Afrikaanse Party gehou moes word om aan die volk te verduidelik wat sou gebeur. Daar is voorspel dat op so 'n kongres die Hertzog-ondersteuners die meerderheid sou verkry, en selfs al sou dit nie die geval wees nie, sou dit nog nie saak maak nie, want hulle moes swig voor die meerderheid wat verkeerd was: „Maar ze moet de stryd voor beginselen - al komt er een tijdelijke nederlaag - niet opgegeven maar met kracht voortzetten, tot dat de rechte gelegenheid opdaagt wanneer de kansen zullen zijn omgekeerd." (34)

Die koerant gaan voort en doen 'n beroep op alle regdenkendes om nie vir Hertzog te versaak nie maar om die stryd vir voortbestaan aan te knoop. Weldra sou die teenstanders lig sien en vir Hertzog ondersteun. Hulle moes nie persone aanhang of aanval nie, maar elkeen moes homself die vraag afvra wat reg was, en dan daardie beginsel navolg.

Verder stel die blad voor dat daar geen enkele minister in die hoofbestuur van die Suid-Afrikaanse Party opgeneem moes wees nie, anders kon dié minister dalk die hoofbestuur regeer en dit sou nie

/wenslik.....

(32) „Zuid-Afrika - De Transvaler", 28 Februarie 1913.

(33) Hierdie verklaring het Botha gemaak in sy „Gepubliseerde Brief" in „De Spectator" van 30 Mei 1913.

(34) „Zuid-Afrika - De Transvaler", Johannesburg 28 Februarie 1913. (Hertzog-Versameling).

wenslik wees nie. Voldoen die ministerie aan die belange van die party, dan moes hulle gesteun word, maar so nié moes hulle afgedank en ander ministers in hulle plek aangestel word. Sodoende sou die kabinet altyd die steun en vertroue van die volk geniet.

In 'n ope brief aan die redakteur verklaar ene „Camillus" dat die volk van Suid-Afrika nie meer langer met Botha se weifelende beleid kon saamstem nie, want besluiteloosheid was dikwels 'n vorm van despotisme. „I would ask whether the late act (verwysende na Hertzog se uitlating uit die kabinet) of Genl. Botha will enable him to subscribe to this idea of Democracy. Has he forgotten that he stands in a fiduciary relation to his people? His position at present is absurd and based on a sufferance. Such power is doomed. Sentence has already been passed on it. We have observed in history that indcision of character is often a twin brother of despotism. Timidity often allows circumstances to develop which unjust violence at a later date has to rectify." (35)

Op 13 Februarie 1913 word daar op Piet Retief 'n vergadering van die Suid-Afrikaanse Party gehou. Baie van die toehoorders was spoorwegwerkers wat lede van die Unioniste Party was. Hulle het die Botha-man op die vergadering gesteun omdat hulle bang was dat hulle anders hulle werk sou verloor. (36) Die Unioniste word hierna met Botha geassosieer met die doel om teen Hertzog te werk, want waar hulle vroeër vir Botha aangeval en beskuldig het van besluiteloosheid in verband met Hertzog se uitlatings, het hulle nou eersgenoemde se kant gekies in die hoop dat hy in hulle hande sou speel en sodoende die saak van die Unioniste bevorder. Daarom was daar oral sprake van 'n koalisie tussen Botha se partymanne en die Opposisie, die Unioniste. (37)

/Intussen.....

(35) Zuid-Afrika - De Transvaler, 28 Februarie 1913. (Hertzog-Versameling).

(36) Die Week, 10 April 1913.

(37) Ibid.

Intussen het Hertzog hom kalm gedra en wou hy geen uitlatings maak oor wat sy toekomstige optrede sou wees nie, uit vrees dat die skeuring in die Afrikanergeledere nog groter sou word. (38) Op aandrang van sy kiesers te Smithfield, het hy op 11 Januarie 1913 'n vergadering daar toegespreek en toe, vir die eerste keer ná sy toespraak op De Wildt, het hy tot openlike teenkanting van Botha oorgegaan en die premier heftig aangeval toe hy onder andere gesê het:

"No, the crisis had its root in nothing but weakness, absolute weakness, indecision, lack of principle. That was why the people feel, though perhaps subconsciously, that the Cabinet do not deserve their confidence, and that they are not the people's Cabinet." Verder het hy gesê dat die uitlatings wat hy op De Wildt gemaak het, naamlik dat die belange van Suid-Afrika bô dié van die Britse Ryk gestel moes word, net maar die logiese redenasie van enige persoon behoort te wees wat die belange van sy vaderland op die hart dra: "... as a Minister he was called upon to safeguard the interests of South Africa, not of the Empire, and that a subject of the British Empire he was a South African first and an Imperialist afterwards - and where the interests of the two clashed he would look after South Africa first." (39)

Hertzog het verder verklaar dat dit hom baie seer maak om sy ou en getroue vriend Fischer te moes aanval oor sy optrede in die krisis-dae, maar dat hy (Hertzog) nie bereid was om 'n volksaak op te offer ter wille van vriendskap nie. "Ik, voor mij altans, ben niet gereed

/om ter wille.....

(38) "The Friend", 25 Desember 1912.

Op 'n vergadering te Bloemfontein op 24 Desember 1912 van die Vrystaatse Provinsiale Komitee van die S.A.P. onder voorsitterskap van Abraham Fischer, is daar besluit dat Fischer en Hertzog hulle onderskeie kiesafdelings, Bethlehem en Smithfield, sou toespreek en moes verduidelik wat presies gedurende die kabinetskrisis gebeur het. Hulle moes nogtans alles in hulle vermoë doen om 'n skeuring in die S.A.P. te verhoed. Raadpleeg ook p. 86.

(39) The Friend, 13 Januarie 1913.

om ter wille en door middel van een misleidende vrede de kanker in ons politiek leven zijn vrije vooruitgang te doen nemen." (40)

Toe Fischer op Dinsdag 1 Julie 1913 'n vergadering op Kestell toespreek, het hy sy optrede tydens die kabinetskrisis aan die toehoorders probeer verduidelik deur te sê dat hy nog altyd 'n groot patriotiese vriend van Hertzog was en by hom gebly het totdat laasgenoemde se beleid heeltemal paradoksaal geword het. Voorts het Fischer verklaar dat Hertzog se toespraak te Smithfield op 11 Januarie 1913, as die finale breuk tussen hulle gekom het toe Hertzog in 'n uitlating na sy vorige kollegas verwys het as manne sonder beginsel. Sy optrede om in die kabinet aan te bly na die krisis, het hy verdedig deur te meld dat hy nog altyd die belange van sy kiesers en dié van die Vrystaat eerste gestel het en al manier waarop hy dit kon doen, was om aan te bly as Minister. Hoe Fischer egter ookal probeer verduidelik het, het die ding waarteen Hertzog hom al lankal gewaarsku het, tog gebeur. Na die vergadering is 'n mosie van wantroue in Fischer aangeneem met 47 stemme teen 40. Die vergadering verklaar dat Hertzog vir hulle die aangewese leier van die Afrikaners was, omdat hy nooit vir een oomblik van sy ideaal en beginsels afgewyk het nie. (41)

Die kern van die vlag van verontwaardiging onder die Afrikaners kry ons opgesluit in 'n brief van „Neef Willie" aan die redakteur van „Die Voorloper" toe hy onder andere gesê het: „... en die verwerping van Hertzog beskou ons als die verwerping van dit wat hy verteenwoordig ... Ons het dit beskou als 'n belediging van ons volksgevoel en ons volksideale." (42)

Tydens 'n kongres van die eerste provinsiale vergadering van die Suid-Afrikaanse Party in die Vrystaat op 21 en 22 Mei 1913 is daar na vele besprekings onder andere die volgende besluite aangeneem i.s. die

/kabinetskrisis:....

(40) Die Voorloper, Kaapstad, 10 Mei 1913.
(Hertzog-Versameling).

(41) Vriend des Volks, 30 Junie 1913.

(42) Die Voorloper, Kaapstad 14 Junie 1913.
(Hertzog-Versameling).

kabinetsskrisis:

(a) Volgens die vergadering het Botha misbruik gemaak van sy magsposisie, die mag wat hy verkry het deur die byna eenparige ondersteuning van die O.V.S.-kiesers, en 'n mag wat hy nie sou gehad het as hy nie vir Hertzog in die eerste Unie-kabinet opgeneem het nie. Dit was dus Botha se skuld dat daar 'n skeuring in die S.A.P. plaasgevind het, 'n skeuring wat gedreig het om hom permanent te beloon op politieke terrein, maar ook t.o.v. volk, kerk en maatskappy.

(b) „Deze vergadering verklaart derhalve dat genl. Botha het vertrouwen van de Zuid Afrikaanse Partij in de Oranje Vrystaat heeft verbeurd en verzoekt het af te treden als Eerste Minister en alzo door een gedaan onrecht het voortleven van de noodlottige gevolgen daarvan te beletten.

(c) „Deze vergadering spreek voorts uit haar vol vertrouwen in Generaal Hertzog en hare overeenstemming met de beginsels door hem voortgestaan." (43)

Op Donderdag 22 Mei is verder voorgestel dat indien Botha nie gehoor sou gee aan die oproep om te bedank nie, die parlementêre verteenwoordigers van die Vrystaat hulle ondersteuning aan die regering sou onttrek om aldus te sorg dat die parlement so spoedig moontlik ontbind en 'n nuwe verkiesing plaasvind.

„Wagtende" van Bezuidenhoutsvallei skryf in „Die Week" dat die skeuring in die S.A.P. 'n voldonge feit geword het, maar dat die groot vraag op daardie oomblik was hoe om die Hollandssprekende Afrikaners saam te snoer. Volgens hom was daar drie denkrigtings en strominge

/in die.....

(43) „Zuid Afrikaanse Partij". Verrichtingen van de eerste Provinsiale Vergadering voor de Oranje Vrystaat Provinsie te Bloemfontein gehouden op 21 en 22 Mei 1913, De Vriend Nieuwsbladen Bpk. Bloemfontein. (Hertzog-Versameling.)

in die geledere van die Suid-Afrikaanse Party naamlik (a) oud nasionaliste wat die eienskappe van die Unioniste begin aanneem het omdat hulle hul opvoeding uit kapitalistiese dagblaaie gekry het, en slegs in die materiële aspekte begin belangstel het; (b) die tweede groep was die Botha-aanhangers wat steeds vir Botha gevolg het omdat hulle van mening was dat hy nog dieselfde man van ouds was. Hulle hang dus die man, en nie die beginsel nie, aan. As hulle van hul dwaasheid oortuig kon word, sou hulle dadelik by die derde groep aansluit naamlik (c) diegene wat in Hertzog die enigste heil vir die Afrikaners gesien het. „Wagtende” stel ton slotte voor dat daar 'n nuwe party gestig word: „Ik doe nu een ernstige vraag: zou het niet raadzaam wesen, wanneer de scheuring komt, om een nieuwen Partij te stichten met een nieuwen naam zoals De Republikeinse Partij van Z. Afrika. De naam is sterk en aantrekkelijk.” (44)

Op 26 Augustus is beide Hertzog en Botha na Rustenburg genooi om albei kante van die kabinetskrisis aan die S.A.P.-tak aldaar te verduidelik. Dit was nog 'n poging om die skeuring in die geledere van die Afrikaners te probeer herstel. Beide sprekers het daar opgedaag, maar toe Botha verneem dat hulle op dieselfde verhoog moes verskyn, het hy geweier. Toe Hertzog hiervan hoor, het hy sy ondersteuners aangeraai om geen steurnisse op Botha se vergadering te veroorsaak nie. 'n Kommissie het probeer om vrede en versoening tussen die twee te bewerkstellig, en na 'n oor-en-weer loperij tussen Hertzog en Botha het hulle uiteindelik met die boodskap gekom dat Botha bereid was om Hertzog weer in die kabinet op te neem as Hertzog bereid was om sekere verklarings wat hy gemaak het terug te trek! Hierop was Hertzog se antwoord: „Denkt men, dat ek mijn beginsels zal prijs geven voor een Ministers-zetel?” (45) Om twee-uur die middag het Hertzog sy toespraak gelewer op dieselfde verhoog waar Botha syne die oggend gehou het.

/Volgens.....

(44) Die Week, 31 Julie 1913.

(45) Die Week, 28 Augustus 1913.

Volgens die verslag van „Die Week” het Hertzog hier een van sy beste toesprake ooit gelewer en sy beleid van nasionalisme weer helder uiteengesit. Hy het ook verklaar dat hy 'n minister van die Unie van Suid-Afrika was en nooit sy aanstelling van die Imperiale outoriteite ontvang het nie.

Op 'n vergadering in Pretoria 'n paar dae tevore (22 Augustus 1913) het Hertzog verklaar dat hy die belofte aan Botha gemaak, naamlik om die hele saak aan die volk te verduidelik, nagekom het sodat die kiesers self kon besluit wie reg was. (46) Hy het 'n algemene verkiesing voorgestel as die enigste oplossing vir die probleem.

Ten slotte het hy verklaar dat hy vir die arbeiders net soveel respek gehad het as vir enige ander bevolkingsgroep in die land. Tydens die laaste sitting van die parlement in Desember 1912 het prof. Freemantle voorgestel dat 'n soort grieweraad van die arbeiders in die lewe geroep word om hulle belange te beskerm. Botha wou dit egter nie toelaat nie en het geweier. Op daardie tydstip, na aanleiding van die mynstakings van 4 en 5 Julie 1913, was die regering bereid om so 'n grieweraad in die lewe te roep. Hertzog word nou daarvan beskuldig dat hy die stakers aangespoor het en dus verantwoordelik was vir die staking.

Wat werklik gebeur het, was dat daar groot ontevredenheid onder die Afrikaanssprekendes geheers het toe die regering op aanbeveling van die „Pretoria News” op 4 en 5 Julie 1913 die hulp van die Imperiale troepe ingeroep het om die stakers onder beheer te kry. Sodoende het die Suid-Afrikaanse ministerie ingemeng in 'n huishoudelike saak wat glad nie die veiligheid van die land bedreig het nie. Die mynmagnate

/van die.....

(46) Raadpleeg: Antwoord van Generaal Hertzog op de open Brief van genl. Botha, 8 Maart 1913, De Plantin Press, Kaapstad, s.j.; hoofstuk IV p. 91-95 van hierdie werk

van die Unioniste-party se persoonlike belange was op die spel tydens die mynstaking, en toe kies die regering die kant van die Unioniste teen die stakers. So iets was ongehoord in 'n demokratiese staat, want volgens die grondwet sou die hulp van troepe alleenlik ingeroep word wanneer die veiligheid van die land bedreig word. Hier het Botha dus weer eens, soos Hertzog dikwels beweeg het, in die hande van die Opposisie, by name die Unioniste, gespeel.

Toe die mynmagnate nie aan die versoeke van die stakers wou voldoen nie, het die stakers van Benoni versoek dat Hertzog as bemiddelaar moes optree en die gespanne toestand op dié manier probeer verlig. Die berig het Hertzog egter te laat bereik toe hy alreeds op pad was na Reitz vir 'n vergadering. (47)

Hier was nog eens 'n tipiese voorbeeld van na watter metodes die Jingopers alles gegryp het om Hertzog in 'n swak lig te stel en die saak van die mynmagnate en Unioniste te bevorder.

Op die vergadering te Pretoria het Hertzog weer verwys na Botha se konsiliatie-beleid en daaroor gesê: „Ik heb instinkmatig gevoel dat die konsiliatie-politiek te volgen betekent: een beeld voor konsiliatie op te richten en dan te roepen: aanbidt dit beeld." (48)

Op 25 September 1913 het Botha weer 'n nuwe kabinet saamgestel nadat Sauer oorlede is en sir David Graaf bedank het. Die nuwe kabinet het as volg daar uitgesien:- Botha, Premier; (en Naturellesake), adv. N. J. de Wet, Justisie; H. C. van Heerden, Landbou; H. S. Theron, Lande; J. A. C. Graaff, (broer van sir David Graaff) sonder portefeuljo; Fischer, Binnelandse Sake; Burton, Spoorweë en Hawens; F. S. Malan, Mynwese en Onderwys; Sir Thomas Watt, Pos- en Telegraafwese; Smuts, Finansies en Verdediging. (49)

/Die herhaalde.....

(47) Die Week, 10 Julie 1913.

(48) Die Week, 28 Augustus 1913.

(49) Het Volk, 25 September 1913.

Die herhaalde versoeke van die Hertzog Waaksaamheidskomitee asook van die Afrikaanssprekendes in die pers, het dus op Botha geen indruk gemaak nie, want met die herskommeling van die kabinet op 25 September 1913, is Hertzog nog steeds uitgelaat.

Op 8 Oktober 1913 is daar 'n spesiale vergadering van die Vrystaatse Suid-Afrikaanse Party in die Ramblers-saal in Bloemfontein gehou. Hertzog was voorsitter, genl. de Wet visc-voorsitter. Tydens Hertzog se toespraak het dit duidelik geword dat, wat hom betref, daar geen sprake meer was van terugkyk nie, maar dat die Afrikaners moes besef dat hulle by 'n belangrike keerpunt in Suid-Afrika se geskiedenis gekom het. Die volk word bedreig deur die outokrasie van Botha wat hom skuldig gemaak het aan ernstige wanpraktyke in die naam van die Suid-Afrikaanse Party. Botha het al sover gegaan om te weier om iemand as kandidaat vir die S.A.P. aan te neem alvorens hy nie 'n oed van getrouheid aan hom afgelê het nie.

Hertzog het so voortgegaan: „Zoo staat vandaag de positie met ons onder de Z.A.P. en de vraag die ons allen onder deze omstandigheden gesteld wordt is of wij ons langer, en zo ja in hoeverre wij ons nog aan deze toestand van zaken zullen onderwerpen. Ik voor mij weiger beslist langer op de betreden weg voort te gaan. Nationale rechten en beginsels, waar ik jare lang met mijn volk voor gevochten heb, ga ik niet opofferen ter wille van een afgod de partij genoemd, noch in naam der outokratie welk ook de persoon die daarmede bekleed gaat." (50)

Daarna dien hy die eerste voorstel in dat geen persoon sy politieke vryheid ontnem mag word nie, of deur enige lid van die senaat of Volksraad, of deur die beleid van die Suid-Afrikaanse Party, soos Botha op Rustenburg (26 Augustus 1913) verklaar het nie.

Hertzog het toe op daardie tydstip besef dat alle pogings om 'n skeuring in die volksgeledere te probeer voorkom, vir goed verby was

/want die.....

want die volk moes nou kies tussen die beleid van Botha, wat uiteindelik sou uitloop op die ondergang van die Afrikaners, of die weg van eensaamheid en selfopoffering, maar wat as eindresultaat sou hê die voortbestaan van die Afrikanervolk. Wat homself betref, was Hertzog nie meer bereid om stil te bly en sy gevoelens te verkrag net ter wille van die behoud van die S.A.P. nie. Alles waarvoor hy geveg het sedert die Boere-oorlog en al die oorwinnings wat behaal is, kon hy nie nou weer prysgee en sodoende sy volk verraaï nie.

Na aanleiding van Botha se verklaring op Rustenburg op 26 Augustus 1913, het Hertzog dit pertinent gestel dat die volk nie deur die party regeer moes word nie, maar dat die volkswil die hoogste gesag in die staat moes wees. Hierdie standpunt van hom is opgeneem in artikel I van die „Programma van Beginselen van die Nasionale Partij“. (51)

Die voorstel om dadelik van die S.A.P. af te skei, word teruggetrek op aanbeveling van Rocco de Villiers en Brand Wessels en so verander om die S.A.P. nog 'n redelike kans te gee om sy beleid te verander. As die aanstaande kongres van die S.A.P. geen bevredigende oplossing bied nie, wou die Vrystaat 'n spesiale kongres byeenroep, bestaande uit een afgevaardigde uit elke tak. Hulle sou dan 'n oplossing moes probeer vind „... met of zonder 't handhaven der partij-eenheid“ Fichardt L.U.V. en 'n persoonlike vriend van Hertzog het ook van Botha gesê dat hy nie 'n „demokraat“ was nie, maar 'n „doormekraat“. (52)

Dit is interessant om daarop te let dat kol. Leuchars in Oktober 1913 in sy kiesafdeling, Greytown, en die geboorteplek van Botha, 'n mosie van wantroue gekry het. Met ander woorde ook in Natal was daar ondersteuners van Hertzog. Op Dinsdag 28 Oktober 1913 het Smuts, na herhaalde versoeke van sy kiesafdeling, Pretoria-Wes, eindelik ingestem om sy kiesers toe te spreek. Ook hier het hy 'n mosie van wantroue

/teen hom.....

(51) Vir die volledige „Programma van Beginselen van die Nasionale Partij“ sien bylaag Nr. A.

(52) Het Volk, 9 Oktober 1913.

teen hom gekry, wat 'n duidelike bewys was dat die aanhangers van Hertzog al meer geword het. (53)

(b) Die Roomkongres. (54)

Op 20 November 1913 sou die uiters belangrike kongres van die Suid-Afrikaanse Party in Kaapstad begin om te bepaal wat die sienswyse van die volk was en ook wat die toekoms vir Suid-Afrika op politieke terrein sou inhou.

Die dag waarop die kongres sou begin, is daar 'n berig geplaas dat Botha wel die meerderheid van stemme sou trek omdat hy daarvoor gesorg het dat sy getrouste aanhangers as afgevaardigdes na die Roomkongres verkies is: „Men denke aan 't gebeure te Johannesburg waar hij (Botha) zijn persoonlike invloed aanwende bij de verkiezing der twintig afgevaardigden..." (55)

Sake het somber vir die Suid-Afrikaanse Party gelyk want alles het daarop gedui dat die volk vir goed verdeeld sou wees, deurdat almal besef het dat die skeuring in die S.A.P. 'n voldonge feit was. „Er is in al die droefheid toch nog een troost, namelijk, dat er een zuivere lyn van beginsel zal komen en een party ontstaan, die volgens vaste banen zal werken aan de opbouw van nationaliteit en land. Genl. Hertzog segt niet: kiest tussen mij en Botha. Hij zet zijn eigen persoonlijkheid helemaal op de achtergrond, en zijn leuze is: kiest tussen Botha en de Partij".(56) Die Hertzog-ondersteuners het dus al besef dat daar in die toekoms 'n nuwe, gesuiwerde party sou ontstaan.

Om tien-uur die Donderdagoggend kom die Voorsitter, minister H. C. van Heerden, genl. Smuts, F. S. Malan, Koos de la Rey, C. H.

/Wessels,.....

(53) Het Volk, 9 November 1913.

(54) Hierdie was die jaarlikse Uniale kongres van die S.A.P. in 1913. Botha het die kongres belê om die skeuring tussen hom en Hertzog te probeer keer. Botha het verklaar dat „die room van die volk" teenwoordig sou wees. Vandaar die benaming „Roomkongres".

(55) Het Volk, 20 November 1913.

(56) Ibid.

Wessels, genl. Botha, Schalk Burger, Hertzog en genl. de Wet op die verhoog. Daarna lees die sekretaris die name van die afgevaardigdes af en daaruit blyk dat die Kaapprovinsie 80; Natal 20; O.V.S. 51 en Transvaal 70 afgevaardigdes gestuur het. (57)

Die korrespondensie van Tielman Roos (Voorsitter Waaksaamheidskomitee) (58) word voorgelees wat vra dat 'n spesiale kongres belê word om die krisis te bespreek. Die krisis is egter nie verder bespreek nie, miskien omdat almal besef het dat daar geen hoop meer was vir 'n oplossing nie. (59)

Daar was heelwat sake wat bespreek moes word op die agenda, maar die voor die hand liggende skeuring in die S.A.P. het alles oorskadu gedurende die middagsitting, omdat almal besef het dat dit van die allergrootste belang vir die hele Afrikanervolk was.

Nadat minister H. C. van Heerden as voorsitter die doel van die vergadering geskets het, is die vergadering oopgestel vir algemene bespreking. Die vraag is toe gestel of Botha en Hertzog die versekering kon gee dat hulle hul sou neerlê by die besluite en bevindinge van die vergadering.

Generaal de Wet het eerste aan die woord gekom en voorgestel dat die leierskap van die S.A.P. aan oud-president Steyn oorhandig moes word omdat laasgenoemde onpartydig was en die vertroue van die hele volk gehad het. Indien hierdie voorstel nie algemeen aanvaarbaar sou wees nie, moes die dreigende skeuring in die party maar sy natuurlike gang gaan, want hy sou liever sien dat die S.A.P. ontbind word as dat die beginsels van die Afrikanervolk opgeoffer word. (60)

Daarna het Mnr. van Niekerk van Nylstroom voorgestel dat voordat hulle die aangeleentheid verder bespreek, dit Botha se plig was om aan die kongres te verduidelik waar Hertzog gesondig het toe hy uit die

/kabinet.....

(57) Ibid.

(58) Sien p. 111 van hierdie werk.

(59) Van den Heever: op. cit., p. 345.

(60) The Diamond Fields Advertiser, 21 November 1913.

kabinet gelaat is. Hy wou graag sien dat beide Botha en Hertzog in die party gehou word, maar indien dit nie kon gebeur nie, moes hulle hulle altwee onttrek sodat die voortbestaan van die party verseker kon wees. Hieruit blyk dit dus dat van Niekerk nie die persoon van Botha of Hertzog aanhang nie, maar dat dit 'n beginselsaak is.

Daarna het Botha verklaar dat hulle nie daar saamgetrek was om verwyte te slinger en met modder te gooi nie, maar om die skeuring in die volksgeledere te probeer verhoed. Hy wou dus nie weer deur alle besonderhede van die krisis gaan nie. Daarop het hy die taak van die regering en die ministerie geskets en gesê dat hulle almal uit een mond praat en nie verskil in hulle beleidsverklaring nie: „A Cabinet Minister who differed from his colleagues should submit his case to the Prime Minister, and if matters could not be adjusted the only course was for that member to resign.” (61) Volgens hom het die toesprake van Hertzog die volk onder die indruk gebring dat die kabinet verdeeld was en uit twee monde praat. Daarom het die Opposisie dit uitgebuit om verdeeldheid in die geledere van die S.A.P. te bewerkstellig. „Everyone who read General Hertzog's speeches could not fail to see that the Government spoke with two voices in public.” Dit was volgens Botha vir hom 'n bitter saak om Hertzog uit die kabinet te laat, maar weens Hertzog se eie optrede het hy geen ander keuse gehad nie.

Volgens Botha het die hele ^{nie}saak oor die wrywing tussen hom en Hertzog gegaan nie, maar tussen Hertzog en die hele kabinet, met uitsondering van Fischer. Hy het die hoop uitgespreek dat die kongres tot 'n besluit kon kom omdat dit nog nie te laat was nie. As die volk hom (Botha) as die struikelblok sien, was hy bereid om terug te staan ter wille van 'n verenigde Suid-Afrika.

Botha se toespraak was baie dramaties en hy het dikwels self tranes in die oë gekry. „Hij was als een kind aan moeder's schoot, dat weet een lelik pak te hebben verdiend en nu mooi flikflooit, in de hoop

/moeder's.....

moeder's hart te zullen vertederen." (62)

Daarna het Hertzog vir meer as drie uur gepraat. Hy het verklaar dat hy graag die hand van vriendskap na Botha wou uitsteek maar sy gewete sou hom pla omdat hy (Hertzog) geen vertroue meer in Botha as leier gehad het nie. Hy was ongenaakbaar en gaan voort om te sê dat hy Botha toe en in die toekoms sou beveg oor die verskil in beginsels.

Na aanleiding van Botha so redes oor die kabinetskrisis wou hy graag vir hom die volgende vrae stel om te beantwoord:

1. waarom is hy (Hertzog) nooit voor Oktober 1912 gewaarsku dat hy nie sulke uitlatings moes maak nie?
2. waarom het Botha hom (Hertzog) nie reguit genader en beswaar teen Hertzog se uitlatings gemaak, in plaas van allerhande ander verskonings te hê nie?
3. Botha het aan sekere predikante tydens die laaste parlamentsitting verklaar dat hy vir Hertzog 'n setel in die kabinet oophou, terwyl hy nooit sulke voornemens gehad het nie. Botha was dus oneerlik toe hy dit gesê het. (63) Daarna het Hertzog weer sy „tweestroom“-beleid verduidelik.

Nadat die Gekose Komitee (64) hulle aanbevelings gemaak het, is daar op die middag van 22 November tot stemming oorgegaan. Die uitslag daarvan was 131 vir Botha en 90 stemme vir Hertzog. Daarna het die afgevaardigdes van die O.V.S. die saal verlaat. „Bij de deur in 't midden van de grote zaal stond Genl. de Wet, die 't allerlaatst zijn stem uitgebracht had. Het schijn of het bloed uit de Z. Afrikaanse

/Partij.....

(62) Het Volk, 27 November 1913.

(63) The Diamond Fields Advertiser, 22 November 1913.

(64) Die krisis is na 'n Gekose Komitee verwys om die hele aangeleentheid deeglik te bestudeer en hulle aanbevelings te maak. Die komitee het bestaan uit: A. C. Van Rooy, A. Conroy, Schalk Burger, dr. F. E. T. Krause, J. Steyn, G. Kolbe en P. Nel. The Diamond Fields Advertiser, 22 November 1913.

Partij liepst toen de stroom van Hertzog - volgelingen uitgingen. Een van de laatsten die de deur uitstapte was Genl. de Wet, die, zijn hoed in de hand, tweemaal een lichte buiging maakte naar de voorzitter en Genl. Botha, en een indrukwekkend ,atju', ,atju' liet horen." (65)

Die skeuring in die S.A.P. was nou finaal want toe genl. de Wet „adieu" gesê het, het hy nie sy volkbedoel nie, want die sou hy nog dien tot aan die einde van sy lewe, maar hy het sy makkers gegroet wat soveel lief en leed saam met hom deurgemaak en van wie hy op daardie tydstip finaal geskei het.

„Het kongres is een droevig schouwspel geweest; het hart treffende van elkeen die Z. Afrikaans voelt. Maar het heeft de grote verdienste van zuiver voor't voetlicht te hebben gebracht, dat er zeer wel samenwerking kan bestaan tussen die Botha- en de Hertzog-volgelingen, maar zuivere eenheid nimmer." (66)

(65) Het Volk, 27 November 1913.

(66) Ibid.
Sien ook van den Heever: op. cit., p. 342.

HOOFSTUK VI

DIE STIGTING VAN DIE NASIONALE PARTY

(1) Reaksie ná „Roomkongres“.

Blykbaar het die Suid-Afrikaanse Party se leiers gemeen dat alle moeilikhede wat daar in die partygeledere ontstaan het na die kabinetskrisis, na die besluite van die „Roomkongres“ opgelos was en dat Hertzog en sy volgelinge hulle sou berus by die besluite van die kongres in Kaapstad. Selfs die Saterdagoggend nadat die Hertzog-manne die saal verlaat het, is daar 'n nuwe Hoofkomitee saamgestel, bestaande uit die volgende lede:-

Transvaal: L. Botha, J. C. Smuts, genl. S. Burger, genl. J. de la Rey, E. Esselen en Cullinan.

Kaapprovinsie: Ministers F. S. Malan, H. Burton en H. C. van Heerden; die here A. C. A. van Rooy, J. Krige, Claasens en J. J. Michau.

Vrystaat: C. H. Wessels, genl. de Wet, Hertzog en senator P. Grobler.

Natal: Minister T. Watt, adv. E. G. Jansen en Sir William Beaumont.

Wat Botha en die Hoofkomitee van die S.A.P. betref, was die krisis in die party iets van die verlede en was die gevaar dat Hertzog en sy ondersteuners 'n nuwe rigting sou inslaan afgeweer, want hulle kies weer vir Hertzog as een van die vier lede van die Vrystaatse Hoofkomitee van die Suid-Afrikaanse Party.

Hulle het hulle egter deeglik misgis, want „die skeuring tussen Botha en Hertzog was 'n voldonge feit, en die koms van 'n Hertzog-party onvermydelik.“ (1)

Die „Roomkongres“ het ook 'n landswye reaksie uitgelok, soos duidelik uit persverslae, plaaslik sowel as oorsee, geblyk het. Die Engelse koerante, en veral dié in Engeland het na aanleiding van die pas afgelope gebeure, verklaar dat, aangesien die sondebok vir goed

/verslaan.....

(1) Van Rooyen, op. cit., p. 9.

verslaan was, Botha en die Unioniste bymekaar gehoord het.

Sedert 1908, toe Hertzog sy opspraakwekkende Vrystaatse Onderwyswet ingestel het, was die Engelssprekendes op hulle agterpote, nie soseer omdat hulle bang was dat Hollands Engels sou oorheers as landstaal nie, ook nie weens die onbillikheid van die Onderwyswet teenoor die Engelssprekende kind nie, soos hulle hoofbeswaar daarteen was nie, maar omdat hulle gevrees het dat Hertzog 'n persoon was wat die nederlaag van die voormalige republieke wou wreek. Hy was 'n persoon wat die Afrikanervolk weer kon oprig en saamsnoer en sodoende sou hy lord Milner se ideaal van die verengelsing van Suid-Afrika verongeluk. Hy het ook gedeeltelik daarin geslaag toe Hollands sy regmatige plek in die landsbestuur, teoreties altans, naas Engels gekry het soos vervat in artikel 137 van die Unie-grondwet.

Net voor Unie en die samestelling van die eerste Unie-kabinet, het hulle weer eens hulle aanvalle op Hertzog verskerp om te probeer verhoed dat hy in die kabinet opgeneem word. Hulle het besef dat Botha en Hertzog saam 'n verenigde front vorm en die geledere van die Hollandssprekendes versterk teen Engelsgesinde opposisie. Daarom het hulle ook herhaalde kere 'n „best man” regering voorgestel sodat die Unioniste ook in die kabinet opgeneem kon word. Tydens Botha se besoek aan Brittanje om die Unie-grondwet in die Britse Hoër- en Laerhuise goedgekeur te kry, het die Engelstalige pers in Suid-Afrika geskimp dat Botha wel 'n koalisie-regering in gedagte het.

Al hulle pogings het egter misluk, en toe Hertzog as kabinetsminister sy „Suid-Afrika eerste” beleid verklaar en die vreemde fortuinsoekers, verwysende na die Unioniste, heftig aangeval het op Smithfield, Nylstroom en De Wildt, was die Opposisiepers woedend omdat hy (Hertzog) hulle sot aan die kaak gestel het.

Botha was baie gevoelig vir die kritiek van veral die Engelssprekendes en hy het dikwels in hulle hande begin speel soos tydens

/die Randse.....

die Randse staking van 4 en 5 Julie 1913. (2)

Vandat Hertzog, die enigste struikelblok tussen samewerking van Botha en die Unioniste, uit die weg geruim is, kon die Unioniste hulle ideaal van 'n Brits-gesinde Suid-Afrika verwesenlik sien, want die geledere van die Afrikaners was toe verdeeld ná die gebeure van die „Doomkongres“. Volgens hulle was Hertzog die wig tussen die Botha-ondersteuners en die Unioniste, wat verhoed het dat daar algehele samewerking tussen die twee taalgroepe kon bestaan. (3)

Oor hierdie stenswyse het „Het Volk“ hom as volg uitgelaat: „Wij zijn helemaal met hen eens. Principieel verschil tussen Genl. Botha en Dr. Smuts bestaat er feitelijk niet; dus is de natuurlijke gang van zaken een bondgenootskap, of liever nog, ineensmelting van de tegenwoordige Unionisten en de Bothaisten.“ (4)

„Het Volk“ het die beskouinge van verskeie Engelstalige koerante in sy uitgawe van 4 Desember 1913 samengevat en ontleed, en daaruit kan duidelik gesien word wat die houding van Hertzog se teenstanders was. Die „Transvaal Leader“, die monistiek van Sir Lionel Phillips, verklaar dat as gevolg van die Kongres in Kaapstad die Suid-Afrikaanse politiek 'n nuwe fase binne gegaan het. Hulle het vir die eerste keer sedert unifikasie gewoet waar hulle staan omdat die rasschaters en reaksionêres toe eenkant geplaa is en hulle kon dus nie meer in die geheim saamwerk met die kabinet of die S.A.P. nie. (5)

Die „Rand Daily Mail“ verklaar 'n triomf vir Botha. Na die gebeure kon daar uitgesien word na 'n geslag wat as 'n eenheid sou opgroei, naamlik 'n suiwer Suid-Afrikaanse nasie, en nie 'n Afrikaanse en Engelse een soos Hertzog wou gehad het nie. (6)

/„The Star“.....

(2) Raadpleeg p. 180 voetnota (17)

(3) Het Volk, 4 Desember 1913.

(4) Ibid.

(5) The Transvaal Leader, 22 November 1913.

(6) The Rand Daily Mail, 21 November 1913.

„The Star" verklaar dat Botha se houding teenoor Hertzog tydens die „Roomkongres" byna ridderlik was, omdat eersgenoemde nog toegestem het om Hertzog in die Hoofkomitee van die S.A.P. op te neem. Hertzog kon nou weinig kwaad in die toekoms doen omdat sy linksgesinde houding duidelik aan die kaak gestel is. Die koerant waarsku egter dat die rassehaters nog glad nie verslaan was nie en nog deeglik van hulleself rekenskap sou gee in die toekoms. (7)

„The Evening Chronicle", die mondstuk van die Arbeiders, (8) was nog glad nie seker of die skeuring in die S.A.P. tydelik of permanent was nie. Indien dit permanent sou wees, sou dit net daarop neerkom dat die hele beweging teen Hertzog niks anders was as 'n weldeur-
dagte plan van die kapitaliste om Botha in hulle hande te laat speel nie.

„The New Age" het hierdie hele aangeleentheid die beste opgesom: „Alarmed at the signs of success attending his educational propaganda among the older and less progressive Boers, but afraid to attack him frontally, the tip was passed round to Unionist papers and speakers to 'go for Hertzog', split the Boers, and wound Botha through his friend. Botha must not be allowed to bring the more progressive Dutch and the saner British elements together. That would be the death - knell of the 'Unionist' Party!" (9)

'n Jaar van tevore is die Unioniste dus al aangespoor om verdeeldheid in die geledere van die S.A.P. te probeer bewerkstellig deur Botha en Hertzog teenoor mekaar af te speel.

Die Vrystaat het gevoel dat die besluite van die „Roomkongres" nie sommer net so aanvaar sou word nie en omdat die skeuring in die

/S.A.P.....

(7) The Star, 21 November 1913.

(8) Die leier van die Arbeidersparty was kol. F. H. P. Creswell, 'n persoonlike vriend van Hertzog. In April 1923 het die Nasionale - en die Arbeidersparty hulle kragte saamgesnoer gedurende die Algemene verkiesing.

(9) The New Age, 23 Januarie 1913.
(Hertzog-Versameling).

S.A.P. tog nie meer horstel kon word nie, moes die Vrystaatse S.A.P. 'n kongres so gou doenlik belê om die gebeure deeglik te bespreek en hulle planne vir die toekoms te formuleer.

„Het Volk" maak toe bekend dat 'n spesiale kongres van die S.A.P. in die Vrystaat, soos voorgestel deur Rocco de Villiers, op 7 Januarie 1914 in Bloemfontein gehou wou word om die mislukking van die „Room-kongres" te bespreek. Prominente Kapenaars, Transvalers en Natallers word ook daarna uitgenooi. (10)

Ds. W. Postma van die Gereformeerde kerk Bloemfontein het aan die kongres dadelik 'n basis vir die grondwet van so 'n nuwe party voorgelê deur die gedagtes van sy konsepgrondwet aan hulle voor te lê. Dit was 'n program waaraan die Afrikaanssprekendes behoefte gehad het, want dit was Christelik nasionaal. Dit weerspieël duidelik die gedagtegang in die O.V.S. maar hulle wou saamwerk en hulp aanbied aan die ander provinsies. Omdat hy 'n teoloog was, is sy grondwet op 'n Christelike grondslag gebaseer en lê veral nadruk op openbare sedelikheid en Sondagwetgewing.

Ds. Postma meen verder dat die geroep na Botha of Hertzog gastaak moes word en dat die volk nie meer die man moes aanhang nie, maar dat hulle in belang van beginsels moes optree.

Artikel 6 van sy konsep-grondwet het as volg gelees: „Hoewel deel uitmaakend van het Britse Rijk, zocht zij in de Unie nationale zelfstandigheid te handhaven in de bevestiging van onze volksvrijheden op godsdienstige zowel as op maatschappelijk gebied; en een gezond nationaal sisteem van onderwijs, dat beoogt de wetenschappelijk vorming van de jeugd voor alle vertakkingen van het leven, in de bevordering van de kennis van Z.A. geschiedenis; nijverheid en landsnoderzetting voor eigen bevolking, en in een nationaal stelsel van zelfverdediging te land en te water." (11)

Ten opsigte van die program van aksie en onderwys, het Ds. Postma

/voorgestel.....

(10) Het Volk, 4 Desember 1913. Sien ook Van Rooyen, op. cit., p. 9

(11) Het Volk, 31 Desember 1913.

voorgestel „... dat de plicht en het recht van opvoeding en onderwijs der kinderen bij de ouders moet berusten, met toezicht van de Staat, die subsidie zal moet geven." (12)

Ten slotte vaar Ds. Postma hewig uit teen die „Koelie kwesie" en beveel aan dat die Vrystaters hulle moes verset teen alle immigrasie van Asiate. Die kwessie van immigrasie van Asiate het die gevoelens in Suid-Afrika laat hoog loop. Omdat Suid-Afrika deel was van die Britse Ryk, moes hy Asiate wat na Engeland wou emigreer, huisves omdat die Verenigde Koninkryk alreeds oorbevolk was. Die konsiliatiebeleid van Botha en Smuts was daarvoor verantwoordelik, want hulle was dank aan Engeland verskuldig, omdat hy aan Suid-Afrika onafhanklikheid gegee het, en op so 'n wyse moes hulle dit toon.

Ná die „Roomkongres" het die meeste Afrikaners, en veral die Vrystaters, besef dat die wrywing wat daar tussen Botha en Hertzog bestaan het sedert Uniewording, sy klimaks bereik het en dat daar geen sprake meer kon wees om die twee generaals met mekaar te versoen nie.

Die saak het nie om die persoonlike aanhang van Botha of Hertzog gegaan nie, maar daarom dat daar vir 'n sekere beginsel geveg moes word. Hertzog het vir die Afrikaners gewys watter weg hulle moes volg, en die doel van die voorgenome kongres van 7-9 Januarie 1914 was hoofsaaklik om die aangewese rigting wat Hertzog aangedui het, prakties uit te voer en te formuleer.

Hulle het besef dat die enigste uitweg was om weg te breek van die S.A.P. omdat dit nie meer aan sy doel beantwoord het nie. Toe die S.A.P. in 1910 gestig is, was die doel daarmee om al die Afrikaners in 'n nasionale party te betrek om sodoende hulle kragte saam te snoer. As gevolg van Botha se beleid van konsiliatie en hegte samewerking met die Engelssprekendes, en veral die Unioniste, was daar nie meer plek in die S.A.P. vir die Afrikaners nie.

/Die konsep.....

Die konsep-grondwet van Ds. Postma gee die gees van die denkrigting van die Afrikaners weer. Hulle wou weer eens hulle kragte saamsnoer tot voordeel van Suid-Afrika, en nie van die Britse Ryk nie. Daarom moes hulle noodwendig 'n nuwe party stig sodat die Afrikaner se belange daarin vervat kon word.

Vir Ds. Postma was die onderwys ook die uitgangspunt en draer van die volkstradisies. Om toekomstige wrywing uit te skakel, stel Ds. Postma 'n uniale onderwysstelsel vir al die provinsies voor. Die Onderwyswet van Hertzog in die Vrystaat was die oorsaak van alle latere onenigheid, en daarom moes dit probeer vermy word as die vier provinsies almal 'n eenvormige onderwysstelsel het. Van belang was ook dat die ouers die reg gehad het om hulle kinders te laat onderrig in watter taalmedium hulle wou; dus geen sprake van dwangonderwys nie.

„Afrikanus Junior” skryf ook in dieselfde koerant dat as 'n mens die land deurreis, jy oral 'n nasionale gees aanvoel. Die Afrikaners het onmiskenbaar 'n gevoel van oiewaarde begin aankweek en hulle wou nie meer agter vreemdelinge aanloop nie, maar wou alle instellings op Afrikaanse grondslag vestig. Die gees van opportunisme was vir goed dood, want die doodsklok het begin lui vir die fortuinsoekers en bloedsuiers nadat Hertzog hulle rol aan die kaak gestel het. (13)

(2) Die Bloemfonteinse Kongres van 7-9 Januarie 1914.

Op 7 Januarie 1914 open die Bloemfonteinse Kongres in die Ramblersaal, waar [†] 450 afgevaardigdes van oor die hele land saamgetrek was. Ds. Postma het geopen met gebed en Skriflesing.

In die openingsrede het Hertzog, as voorsitter van die kongres, verklaar dat daardie die belangrikste kongres was wat nog ooit in die geskiedenis van die S.A.P. gehou is. Hy stel duidelik die ultimatum: óf die Suid-Afrikaanse Party moes heeltemal hervorm word, óf hulle moes wegbreek en 'n nuwe party stig. Wat ookal besluit word, hulle

/moes.....

(13) Ibid.

moes in elk geval 'n duidelike program van aksie opstel, want die vae en dubbelsinnige program van die S.A.P. was die rede waarom hulle die kongres belê het. (14)

Die punte van bespreking op die agenda was (a) afskeiding van die S.A.P. of nie; (b) program van beginsels; (c) die voorwaardes van afskeiding.

P. A. Venter (Bloemfontein-Oos) dien 'n voorstel in dat daar dadelik afgeskei word en 'n nuwe party gestig word. Johannes van Niekerk (Jacobsdal) sekondeer hierdie voorstel. Daarna het Piet Grobler (L.V. Rustenburg) aan die woord gekom en verklaar dat die Vrystaat wou afskei, maar die Transvalers nog nie, omdat hulle gevoel het dat die tyd nog nie daarvoor ryp was nie. Daar was ook duisende in Transvaal wat net soos hulle in die Vrystaat gevoel het, maar wat nogtans nog vir Botha aanhang, omdat aan hulle vertel is dat die afskeiding nie oor beginsels gaan nie maar oor die persoonlike twis tussen Botha en Hertzog.

Hy raai hulle verder aan dat hulle die program van beginsels op 'n latere spesiale kongres van die S.A.P. aan alle partylede moes voorlê, sodat hulle kon besluit om beginsels aan te neem of af te keur. Sodoende kon almal sien dat die hele aangeleentheid 'n beginselsaak was, en nie om persoonlike wrywing gegaan het nie. Word die program van beginsels deur die S.A.P. kongres afgekeur, sou hulle posisie in die ander provinsies aansienlik versterk word, want dan kon almal sien dat die saak van afskeiding gegaan het oor beginsels. Deur onmiddellike afskeiding sou hulle slegs 'n muur tussen hulle en die ander seksies in ander provinsies opbou. Laat almal eers bekend word met die program van beginsels, dan kon hulle self oordeel, was ten slotte Piet Grobler se raad.

'n Brief van senator A. D. Wolmarans is daarna voorgelees waarin

/hy verklaar.....

(14) The Friend, 7 Januarie 1914.
Het Volk, 8 Januarie 1914.

hy verklaar dat die Vrystaat hoeltemal geregtig was op afskeiding, maar dat Transvaal nog nie ryp was daarvoor nie. Sy raad was dus ook om eers 'n program van beginsels op te stel en dan kon hulle verder organisasiewerk in die party doen.

Ds. L. A. Vorster van Rustenburg het namens die Transvaalse Afrikaners gepraat toe hy gesê het dat hulle nie vir Hertzog wou opoffer soos Abraham vir Isak nie. As die Vrystaat op daardie tydstip sou afskei, sou Hertzog slegs leier woes van 'n klein groepie van die Afrikanervolk. Hy wou hom hê as nasionale leier van die hele Afrikanervolk en daarom moes daar eers gewag word totdat die Transvaal ook gereed was vir afskeiding. As hulle die program van beginsels op wit en swart het, kon die volk self sien wat aangaan en kon hulle nie langer op 'n dwaalspoor gelei word en bedrieg word nie. Hy sluit af dat hulle die volkse raadgewer, pres. Steyn, moes raadpleeg. As hy vir onmiddellike afskeiding was, dan sou die spreker ook daarvoor te vinde wees. (15)

Daar word toe besluit om Piet Grobler se voorstel te aanvaar: „Dat indien die Z.A. Partij binnen een maand na de Parlementsitting (aanvangende op 30 Januarie a.s.) of in elk geval niet later dan 1 Julie 1914 zal moeten besluiten, of het in plaats van de ruime, onbepaalde beginsels, waarin tans die Partij ronddrijft, het duidelijke nationale programme door 't Bloemfonteinse Kongres, opgetrokken, kan aanvaarden met de bepaling daarbij dat Genl. Botha als leider der Partij moot aftreden - of nie". Daarna het genl. Hertzog die volgende voorstel ingedien: „Dat in beginse tot afscheiding besloten word en dat een nieuwe partij gesticht zal worden onder de naam „Nationale Partij". (16)

In sy voorsittersrode het Hertzog gesê dat hierdie kongres van die belangrikste was wat nog ooit in Suid-Afrika gehou is omdat die Afrikanervolk by 'n kruispad gekom het en moes besluit watter weg hy

/gaan volg.....

(15) The Friend, 8 Januarie 1915.
Het Volk, 15 Januarie 1914.
Van Rooyen, op. cit., p. 9.

(16) Het Volk, 15 Januarie 1915.

gaan volg. Hulle moes kies tussen 'n gesuiwerde S.A.P. of 'n algehele nuwe party wat hulle belange sou behartig. In albei gevalle moes hulle 'n nuwe rigting inslaan want verkies hulle om in die S.A.P. aan te bly, moes hulle toesien dat die party sy program van beginsels deeglik in heroerwering neem. Watter keuse hulle ookal doen, daar moes dadelik 'n program van aksie opgestel word om te bepaal wat hulle toekomstige optrede gaan behels.

Nadat daar oor die saak geredoneer is, is daar uiteindelik besluit om die S.A.P. die kans te gun om voor 1 Julie 1914 hulle „ronde“ en rekbare beleid te verander, en indien die S.A.P. nie die program van beginsels, soos voorgestel deur hierdie kongres, wou aanvaar nie, sou hulle dan afskei.

Afstigting het alreeds om alle praktiese redes plaasgevind, want almal het besef dat die Hoofkomitee van die S.A.P. nooit sou toestem tot die verandering van hulle program van beginsels nie, nie na wat op die „Roomkongres“ plaasgevind het nie. Die feit dat Hertzog alreeds die naam van die nuwe party, die „Nationale Partij“, voorgestel het, het verder daarop gedui dat wat Hertzog en die meeste Vrystaters betref, hulle ongetwyfeld 'n nuwe party sou gaan stig. Die ses maande wat aan die S.A.P. gegun word om hulle sienswyse te verander, was slegs bedoel om die program van aksie van die nuwe party deeglik uit te werk en hulle saak dwarsoor Suid-Afrika te propageer.

Terwyl die verslaggewer van „Het Volk“ nog besig was om die ver- rigtinge van die kongres te notuleer, kom die berig dat die letterset- ters ook begin staak het uit meegevoel met die spoorwegstakers. (17) Om middernag 14 Januarie is krygswet afgekondig as gevolg van die plof- bare toestand van die staking (18), waardeur die aandag van die hele Suid-Afrika tydelik verplaas is vanaf die Bloemfonteinse kongres na

/Johannesburg.....

(17) Vir meer besonderhede aangaande die Staking van 1914 sien Van den Heever, op. cit., p. 358-360.

(18) Het Volk, 15 Januarie 1914.

Johannesburg.

„De Volkstem", die mondstuk van Botha, lewer die volgende kommentaar oor die Bloemfonteinse Kongres: „Met andere woorden, Genl. Hertzog en z'n vrienden weigeren om zich neer te leggen bij 't besluit van 't Kaapstadse Kongres der S.Afri. Partij en geven de voorkeur aan afscheiding en aan de stichting ener afzonderlike staatkundige groep. Met nieuwsgierigheid wacht ons wêrelddeel nu 't program dier groep af, ten einde te kunnen beoordelen of 't verschil met 't Z. Afr. Partij - program groot genoeg is om de aanstaande scheuring te rechtvaardig." (19)

Alle Vrystaters was egter nie ten gunste van afskeiding nie, want daar is gevrees dat as daar 'n vierde party gestig word, (20) dit die Afrikaners nie net sou verdeel nie, maar dat die Opposisie ook daardeur sou baat. „The Friend", die mondstuk van Hertzog in die Vrystaat, het gewaarsku teen die gevare wat afskeiding kon inhou. „The point that remains at issue therefore, is whether General Hertzog and his followers are more likely to attain their object by remaining in the Party, or by forming an opposing one of their own ... The Congress vote, (8 October, 1913 - Bloemfontein) for example, showed that there were forty per cent. of the delegates opposed to the Government. This is evidence that a large section of the members of Party, are dissatisfied not with the principles of the Party, but with the manner of carrying them out ... Much of course, depend upon the exact object aimed at. If it is to oust General Botha from the Premiership, secession may be rough and ready way of achieving it, because a divided South African Party citadel will fall an easy prey to its political enemies ... We conceive it to be quite possible for General Hertzog and his followers to form a wing of the South African Party - a smaller party within the greater which would stand for national and Free State

/principles.....

(19) De Volkstem, Pretoria, 9 Januarie 1914. (Hoofartikel).

(20) Die drie bestaande partye was die Suid-Afrikaanse Party, die Unioniste Party en die Arbeiders.

principles and rights on every occasion. On the other hand, we fear that the formation of a fourth and separate party would simply mean the disintegration and ultimate break - up of the South African Party." (21)

(3) Die Politieke toestande in Suid-Afrika aan die begin van 1914.

Soos besluit op die Bloemfonteinse kongres, sou die regering die geleentheid gebied word om sy beleid te verander, maar indien daar geen verandering kom nie, sou daar op 1 Julie 1914 begin word met die stigting van die Nasionale Partij.

Gedurende die sitting van die Unie-parlement in Januarie 1914 is daar geen aandag gegee aan die Bloemfonteinse Kongres en sy moontlike implikasies nie want die stakings van 4 en 5 Julie 1913 en van Januarie 1914 het alle tyd in beslag geneem. (22)

„Het Volk" doen ook 'n beroep op die volk om aan te dring op 'n spesiale kongres van die Suid-Afrikaanse Party om te besluit wat om te doen na aanleiding van die besluite van die Bloemfonteinse Kongres. Hulle wou egter nie weer 'n „Roomkongres" hê nie, maar 'n kongres waar die hele volk verteenwoordig sou word, want so 'n kongres sou van lewensbelang wees. Dáár moes die volk besluit of hulle 'n nuwe party wou stig, of nie.

Van oral het daar byna daagliks versoeke in die pers aan Botha verskyn waarin hy versoek word om te bedank sodat 'n nuwe regering wat die belange van Suid-Afrika op die hart dra, gevorm kon word. Botha het hom egter nie daaraan gesteur nie want, volgens hom, het die „Roomkongres" getoon wie reg was, hy óf Hertzog.

So skryf „Hanslam" van Heilbron op 29 Mei 1914 aan die redakteur van „Het Volk" dat die Afrikaners in die Vrystaat voel dat hulle nie meer benodig word deur die S.A.P. en Botha nie want die besluite van

/die.....

(21) The Friend, 1 Januarie 1914. (Hoofartikel).

(22) Het Volk, 16 April 1914.

die Bloemfonteinse Kongres word heeltemal verontagsaam. Botha hou hom slegs by die besluite van die „Roomkongres“, toe hy 'n mosie van vertroue gekry het. Die Vrystaters word dus nie gereken onder die „room“ van die land nie. Die skrywer voel verder dat die regering besig was om outokraties te word en te verbroeder met die Unioniste. Die beginsels van die Suid-Afrikaanse Party (23) word dus heeltemal verontagsaam en daarom is dit nie meer 'n regering van die volk vir die volk nie. Om iemand anders in die plek van Botha as premier aan te stel, sou die probleem ook nie oplos nie, maar bykans die hele kabinet moes ontslaan en 'n nuwe een daargestel word wat die belange van die volk kon behartig. Afskeiding was dus die enigste oplossing. (24)

Alreeds voor die „Roomkongres“ het die redakteur van „Het Volk“, Harm Oost, voorgestel dat Botha heeltemal van die politieke terrein verwyder moes word omdat hy deur sy handelwyse getoon het dat hy nie die aangewese leier van die Afrikanervolk was nie. Die koerant stel voor dat Botha eervol ontslaan en aangestel moes word as Suid-Afrika se Hoëkommissaris in Londen in die plek van sir Richard Solomon wat kort vantevore oorlede is. (25)

In „The Friend“ het ook die volgende berig aangaande Botha verskyn: „When the Unionist Party in England not long ago lost its confidence in Balfour, the solution was expressed in the three capitals B.M.G., „Balfour Must Go“, and the Party was thus kept together by pushing their former leader into the background. It is clear to us that the people's trust in Botha has received such a shock that our only solution is B.M.G. (Botha Must Go)“. (26)

„The Rand Daily Mail“ het 'n berig wat in „Die Voorloper“ verskyn
/het gepubliseer....

-
- (23) Vir volledige Program van Beginsels van die „Zuid-Afrikaanse Partij“ raadpleeg Bylaag Nr. B. van hierdie werk.
- (24) Het Volk, 5 Junie 1914.
- (25) Het Volk, 13 November 1913.
- (26) The Friend, 6 Januarie 1914.

het gepubliseer waar Botha versoek word om as premier te bedank sodat 'n ander in sy plek kon kom wat die beginsels van die S.A.P. sou handhaaf en eerbiedig. Hieruit blyk dit dat die openbare mening meer ten gunste van 'n gesuiwerde S.A.P. as 'n algehele nuwe party was, maar omdat daar besef is dat Botha nooit afstand sou doen van die premier-skap nie, moes daar noodwendig 'n nuwe party tot stand kom wat die Afrikaner se belange sou beliggaam: „It is indeed deplorable that an Afrikaner has to plead with Afrikanders for his own people's rights of existence. But it is so. The principle of equal language rights is superficially acknowledged by everyone on the platform. But the greater and more weighty principle of equal national rights for the Afrikaner has still to be fought out. The time has come when a true National Party must be formed; a party which will not allow itself to be scared by the word "race hate" or any other straw lion. If racialism is aroused every time we claim our national rights, then we simply cannot help it ... We claim, in the fullest sense the birthright of an independent people. Nothing more; but also nothing less." (27)

In 'n reeks van drie artikels onder die opskrif, „De Politieke toestand in Zuid-Afrika", (28) het prof. H. D. J. Bodenstein die hele verloop van die konflik tussen Botha en Hertzog geskets. Hy het die rede van die politieke krisis in Suid-Afrika gesien as voortspruitende uit die verskille in die karakters van Botha en Hertzog. Al sou Hertzog in Botha se posisie gewees het, sou hy anders opgetree het, want hy (Hertzog) het die belange van Suid-Afrika op die voorgrond gestel, terwyl Botha meer begaan was oor die belange van die Britse Ryk. Die skrywer sluit af en raai Botha aan om liever saam te werk met die „Nationale Partij" as met die Unioniste, want sodoende sou hy slegs werk in belang van Suid-Afrika se toekoms.

/(4) Die.....

(27) The Rand Daily Mail, 20 Januarie 1914.

(28) Gepubliseer in De Telegraaf, Amsterdam, 4 en 11 Februarie 1914. (Hertzog-Versameling).

(4) Die geboorte van die „Nationale Party” - Smithfield 1 Julie 1914.

Hertzog het die besluite van die Bloemfonteinse Kongres van 7-9 Januarie 1914 getrou nagekom. Nadat die „Programma van Beginnselen” (29) aan die volk ter insae voorgelê en die regering 'n redelike kans gegun is om af te sien van sy rampspoedige beleid, het daar geen verandering op die politieke terrein plaasgevind nie. Gevolglik het Hertzog besluit om op 1 Julie 1914 in sy kiesafdeling, Smithfield, die geboorte van die Nasionale Party aan te kondig.

Onder die opskrif: „De Geboorte der Nationale Partij Genl. Hertzog's Grote Rede'. In onze beginselen schuilt onze kracht' Smithfield scheurt zich eenparig los”, rapporteer „Het Volk” dat daar ⁺ 400 persone teenwoordig was op hierdie geskiedkundige vergadering.

Hertzog het sy rede as volg begin: „Zoals een tijd geleden gezegd is door de Eerste Minister: ‚De leden van 't Ministerie zijn de wachters op Zion's muren.’ Ik ben slechts op de vlakte van Moab. Maar het schijnt op de wachters op Zion's muren in slaap gevallen zijn.” (30)

Hertzog het voortgegaan en verklaar dat hy 'n vredeliewende man was, maar hy sou nie alles opoffer net ter wille van vrede nie. So 'n vrede moes almal ten goede strek en hy sou nie sy volk se ideale opoffer net om die vrede te bewaar nie. Hulle het alreeds so baie opoffer vir die vrede en eensgesindheid in die land, maar hy kon nie langer die weg van vrede bewandel nie. Wat sou van die Protestantse kerk geword het as Martin Luther bereid was om na andere te luister en alles op te offer net ter wille van eensgesindheid?

Die spreker het al 18 maande vantevore, net na die kabinetskrisis, sy kiesers aangeraai om alles te doen om 'n skeuring in die geledere van die Afrikaners te verhoed, maar nou moes hulle kies watter weg hulle wou bewandel. Wat homself betref, sou hy honderdmaal liewer lid

/wees van.....

(29) Vir volledige „Programma van Beginnselen” van die „Nationale Partij” sien Bylaag A

(30) Het Volk, 3 Julie 1914.

wees van 'n party met vaste beginsels, as lid van een waarin die dood skuil. „Daarom zijn wij overgegaan tot het planten en nat maken van een nieuwe boom waarin meer leven sit." (31)

Die fout met die Afrikaners was dat hulle in die verlede nog altyd bang was om te verklaar wat hulle regte en beginsels was omdat daar 'n gebrek aan moed was en ook omdat hulle bang was om verdeeldheid in hulle geledere te veroorsaak. Hertzog self sê dat hy op sy regte staan en dat hy nie boreid was om sy beginsels vir niks ter wêreld prys te gee nie. Hy dring daarop aan dat niemand bang moes wees om aan die wêreld te verklaar wat sy regte en beginsels was nie. Laat almal weet waarvoor jy veg, „want de rechten van ons land en volk behoort een ieder te kennen en uit te spreken." (32)

Die Afrikaners moet hulle eiwaarde besef en ruiterlik erken dat hulle in Suid-Afrika staan vir die belange van hulle land en volk. Die groot beswaar teen Hertzog gedurende die krisis was juis dat hy die belange van sy vaderland bo alles gestel het. Dit was ook waar, en hy wou dit so hê. Juis omdat hy hierdie sienswyse huldig, kon hy nie meer verder saamgaan met die Suid-Afrikaanse Party se beleid van Imperialisme nie. Suid-Afrika was nog 'n jong land en as hulle nie self vir die belange vir hulle land en volk gaan veg nie, wie sou dit dan doen? Verkondig hy hierdie beleid, word Hertzog daarvan beskuldig dat hy die volk dislojaal teenoor die regering maak!

Voorts het Hertzog sy gehoor daarop gewys dat daar vir hulle 'n opdraande stryd voorlê en dat hulle nie sou kon stilsit nie. Daar lê 'n baie groot taak voor, veral wat betref die nie-blanke vraagstuk.

Hy het ook die redes waarom daar afgestig is aangehaal en noem as hooforsaak die beleid van die Suid-Afrikaanse Party, wat vir hom nie langer meer aanneemlik was nie, want in dieselfde party sit 'n ware nasionalis langs 'n imperialis uit Natal. Sedert 7 Januarie 1914

/is die.....

(31) Het Volk, 3 Julie 1914.

(32) Ibid.

is die Vrystaat ook verban uit die geledere van die Suid-Afrikaanse Party. Hier het Hertzog verwys na gebeure in Bethlehem na Abraham Fischer se dood toe Brand Wessels, 'n Hertzog-ondersteuner, 500 stemme teenoor die 47 van C. H. Wessels ('n Botha-man) in die nominasie gekry het. Nogtans wou Botha en die Hoofkomitee van die S.A.P. waarvan Hertzog ook lid was, nie vir Brand Wessels as kandidaat erken nie omdat hy 'n Hertzog-ondersteuner was. Dit was nog 'n bewys van hoe ondemokraties die S.A.P. geword het.

Die beleid van die S.A.P. en dié van die Opposisie, het bykans glad nie verskil nie, want beide was sonder beginsels en rigting. Daarna het Hertzog afgesluit dat hy liewer glo aan 'n gesonde minderheid, as aan 'n verrotte ministerie.

Vanaf Smithfield het Hertzog sy veldtog voortgesit dwarsdeur die Vrystaat. Op Vrydag 10 Julie hou hy 'n toespraak op Wepener, en herhaal hy dieselfde argumente as op Smithfield. (33) Na sy toespraak het die vergadering besluit om die S.A.P. te bedank en 'n tak van die Nasionale Party op die dorp te stig. Op Saterdag 11 Julie besoek hy Harrismith en op dieselfde dag vind daar gelyktydig stigtingsvergaderings plaas op Thaba 'Nchu en Burgersdorp. (34)

Tydens 'n vergadering van Hertzog op 14 Julie te Winburg, het hy verklaar dat daar volgens sy berekening 25 Volksraadslede in die parlement was wat die Nasionale Party sou ondersteun. (35)

Op 20 Julie, tydens 'n vergadering op Heilbron, het Deneys Reitz vir Hertzog van valsheid beskuldig omdat hy tweedrag in die Afrikanergeledere gesaai het. Rocco de Villiers, die ou getroue vriend van Hertzog, het egter aan die vergadering mooi verduidelik wat die beginsels van die Nasionale Party was. Daarna het die vergadering 'n mosie van vertroue in Rocco de Villiers gestel en besluit om 'n tak van die

/Nasionale.....

(33) The Friend, 13 Julie 1914.

(34) Ibid., 15 Julie 1914.

(35) Ibid., 15 Julie 1914.

Nasionale Party te stig. (36)

(5) Die Stigting van die Nasionale Party in die ander drie Provinsies.

Die vinnige oplewing en bloei van die Nasionale Party is weer eens, net soos in Januarie 1914 die geval was, gestrem deur die storms wat oor Suid-Afrika losgobars het. Op 4 Augustus 1914 breek die oorlog tussen Engeland en Duitsland uit, en omdat Suid-Afrika, volgens Botha, 'n deel was van die Britse Ryk, is die Unie-parlement op 9 September vir 'n buitengewone sitting byeengeroep om Suid-Afrika se posisie te bespreek. Die uiteindelijke gevolge van hierdie stap van Botha was die Rebelle en die daaropvolgende chaos in die land. (37)

Nogtans het die Afrikaners besef dat die enigste heil vir Suid-Afrika gelê het in die beleid van Hertzog en die pas gestigte Nasionale Party.

(a) Stigting van die Nasionale Party in Transvaal.

In 'n brief aan die redakteur van „Het Volk" sê een van die lesers dat hulle in Transvaal net wag op bevel van wat om te doen. Hy was al so haastig, want die Afrikaners in Transvaal kon nie meer wag om die Vrystaat se voorbeeld te volg en 'n Nasionale Party in die provinsie te stig nie. „Nu mijnheer Editeur, wat staat ons te doen ... Ik is zo haastig. Ons staan almal hier klaar, die haan is o'ergehaal ons wag net op order, maar ons wil net nie die Waakzaamheids Komitee vooruit loop nie." (38)

Gaandeweg is daar 'n verandering in die houding van die Transvalers te bespeur, want hulle het nog altyd vir Botha gevolg en die meeste was skepties teenoor Hertzog se beleid. In die kiesafdeling van Smuts, Pretoria-Wes, het die drie takke, A, B en C se bestuurslede verklaar

/dat hulle.....

(36) Ibid., 24 Julie 1914.

(37) Van Rooyen, op. cit., p. 10.
Brief van J. J. Wolmarans, Scheerpoort, Transvaal d.d. 6 Julie 1914, aan Hertzog.

(38) Het Volk, 10 Julie 1914.

dat hulle nie meer bereid was om langer op die komitees van die Suid-Afrikaanse Party te dien nie. Hulle sou hulle onttrek van die S.A.P. omdat hulle die Nasionale Party wou steun. (39)

Op 26 Augustus 1914 om tienuur die oggend kom ⁺ 300 afgevaardigdes in die Erasmussaai, Kerkplein, Pretoria byeen om die stigtingskongres van die Nasionale Party in Transvaal te reël en is senator A.D.W. Wolmarans as voorsitter in die plek van Tielman Roos (40) verkies.

Ds. van Broekhuizen het die verrigtinge met gebed geopen en die Almagtige gevra om hulle te lei in hierdie belangrike saak.

Die Voorsitter het daarna verduidelik hoe dit gekom het dat hulle almal daar byeen was. Die inisiatief het van Piet Grobler gekom, wat 'n aaltal vriende geskakel het, onder andere genl. Koos de la Rey, Harm Oost, A. D. W. Wolmarans, om die posisie van Transvaal te bespreek. Die voorsitter het onder andere gesê „... een volk zonder Godsdienst en Nationaliteit kan niet bestaan ... 't Is voor ons een kwestie van leven of dood op nationaal en godsdienstig gebiedt.” (41)

Verder het die spreker die skeuring in die volksgeledere betreur, maar verklaar dat die regering self daarvoor te blameer was. Hy het ook die aanwesiges gemaan om kalm en verstandig op te tree en nie nog verdere laste op die skouers van die regering te plaas nie.

Daarna het hy 'n brief van Tielman Roos voorgelees wat onder andere die volgende bevat het: „Wij hebben voor 20 lange maanden in de woestijn rondgedwaald, en ik denk dat nu 't uur aangebroken is om in 't beloofde land nl. in de gelederen van de Nationale Partij in te trekken.” (42)

Gedurende die pouse het die gekose kommissie, bestaande uit Piet Grobler, dr. T. C. Visser, Freek Wolmarans, H. Munnik, H. S. Webb en

/N. van der Walt....

(39) Het Volk, 28 Augustus 1914.

(40) Tielman Roos was nog ongesteld ná die motorongeluk op 27 Junie 1914 naby Silverton, en as gevolg waarvan hy sy hele lewe lank kreupel geloop het.

(41) Het Volk, 28 Augustus 1914.

(42) Ibid.

N. van der Walt, die konstitusie van die Vrystaatse Nasionale Party nagegaan en dit in sy wese so aanvaar, met slogs enkele klein wysiginge om by hulle omstandighede aan te pas.

Gedurende die aandsitting is daar 'n Sentrale Komitee vir Transvaal gekies, bestaande uit P. G. W. Grobler, A. D. W. Wolmarans, Tielman Roos, S. P. Erasmus, Dr. T. C. Visser, H. S. Webb, J. Meyer, P. W. Orban, F. Bezuidenhout, M. Moodie, C. Hofmeyer, F. C. Niemeysr en D. F. Flemming. (43)

Opmerklik was dit van hierdie vergadering dat daar geen haat of vyandige gevoelens teenoor die mede-Afrikaners wat in die S.A.P. agtergebly het, bestaan het nie. Hulle het dit beskou as elkeen se plig om die volk in te lig wat hulle regte as 'n selfregerende nasie was.

(b) Die stigting van die Nasionale Party in Kaapland.

Hertzog was nie so goed bekend in Kaapland soos Botha nie, en daarom het hy die saak om Hertzog te steun nie om persoonlike redes gegaan nie, maar meer om die beginsel. Die reaksie wat in Kaapland plaasgevind het, was ook soos in Transvaal, nie soseer gemik op onmiddellike afskeiding nie, maar hoofsaaklik om 'n skeuring in die Suid-Afrikaanse Party te voorkom. (44)

Op 23 Junie 1915 is daar 'n vergadering in die Hofmeyrsaal, Kaapstad, belê om die politieke toestand in die land in oënskou te neem, veral met die oog op die komende algemene verkiesing in Oktober 1915.

Dr. D. F. Malan, wat kort vantevore sy amp as predikant neergelê het, en wat toe redakteur van „Die Burger“ (45) geword het, het die vergadering met gebed geopen. Adv. W. J. Van Zyl was voorsitter.

/Die.....

(43) Ibid.

(44) Die Nasionale Boek. 'n Geskiedenis van die Ontstaan en Groei van die Nasionale Party van Suid-Afrika, Redakteurs: Reits, Dr. Hjalmar, Oost, Harm; Goodman, I. M. - Commercial Drukkery (Edms) Beperk, Johannesburg. Aangevulde Uitgawe (s.j.) p. 83. Van Rooyen, Jan J. - op. cit., p. 39.

